Dit verbind egter die leser met die spontane, eerlike Leroux. Dus word daar nie aan sy skryfstyl soos die gebruik van Engelse terme of woorde wat met opset gebruik is, verander nie.

- Spel- en tikfoute, asook woorde wat verkeerdelik sonder aksente geskryf is, word swygzaam gewysig sodat die lees van die teks nie bemoeilik word nie, maar die "stem" van die skrywer word onaangetas gelaat. Woorde wat herhaal word, en wat geen kontskstuele betekenis in die briefskrywery het nie, word uitgelaat.
- Woorde wat Leroux met koppeltekens spel sonder om die klankstruktuur of betekenis van die woord aan te tas, word versweë verander. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) van 1966 dien hier as taalkundige riglyn.
- In brieue aan Ingrid Winterbach voeg Leroux telkemale naskrifte of sketse later in die brieue by. Hierdie notas, byvoegings of sketse word deur die redigeerder aangedui aangesien dit grotendeels byvoeg tot die verhouding tussen Leroux en Winterbach. Voorbeeld hiervan is prentjies wat hy teken, stukke van sy klere wat hy aanvoeg, sy bloeddruppel wat hy op die blad los, ensovoorts.

Titels wat sonder skuinsdruk of onderstreping oorgedra is, sowel as woorde wat ondersteep is, word gekursiveer. Die driedubbele aandagstreep (---) is as een (–) getranskribeer. Waar die skrywer meer as drie punte vir die beletselteken gebruik, is dit altyd slegs met drie punte (...) weergegee en in gevalle waar die beletselteken foutiewelik aangebring is en dus die lees van die teks bemoeilik, word dit verwijder. (Vgl brief aan Ingrid Winterbach op 27 Julie 1967: *Presies, nou...! 9.20 n.m., 27/7/67!*). In gevalle waar afkortings gebruik is wat nie erkenning geniet in die HAT nie, word die woord eerder uitgeskryf. Leroux se paragraafindelings word behou, behalwe vir die eerste paragraaf van elke brief, wat ingekeep word.

By brieue wat nie gedateer is nie word daar gesteun op inhoud as leidraad oor waar die geskrif inpas.

Hierdie bundel is allermins 'n volledige versameling van Leroux se brieue, maar bied 'n blik oor die wyse waarop hy oor dekades met verskeie mense oor verskillende onderwerpe op verskillende maniere gekommunikeer het.



## Aan Petronella van Heerden<sup>6</sup>

[Vroeg 1954]

Lieve dr. Nan,

Baie dankie vir die brief en die bestelling.<sup>7</sup> Ek sal dit so gou probeer wegkry as moontlik. Reëns en verspoelings vertraag dinge 'n bietjie.

Dis vriendelik om te verneem na my werk. Ek het twee romans klaar en is besig om dit af te rond.<sup>8</sup> Die uitgewers is bevrees vir 'n reaksie aan die kant van mollige moeders van vyf wat die sedes só getrou bewaak, en sien nie kans nie. Die publiek wil skynbaar gesus word deur opgesmukte[,] "mooi" en gerusstellende anekdotes en toets letterkunde met die wit lakmoeskleed van 'n Primaria van 'n kerkskool-koshuis.

Mnr. Greshoff<sup>9</sup> raai my aan om (as die twee werke finaal aan letterkundige toetse beantwoord by voltooiing) dit privaat uit te gee, of met iemand soos Bakker ooreen te kom om die wins of verlies te deel.<sup>10</sup>

Intussen skryf ek maar vir myself en vir 'n vriend of twee wat maar swak kritici is weens die hegtheid van hulle vriendskap. Verder begin ek soos 'n martelaar voel – wat nie alleen swak smaak is nie, maar ook 'n bietjie lagwekkend soos iemand wat uit 'n ivoortoringkie met 'n rekkie sit en skiet.

---

<sup>6</sup> Petronella van Heerden (1887-1975), die eerste Suid-Afrikaanse vroulike mediese praktisyn en goeie vriendin van Leroux. Tot die Afrikaanse letterkunde sou sy bydra met haar bundels *Kerssnuitsels* (1962) en *Die sestiente koppie* (1965).

<sup>7</sup> Van Heerden, wat ook self boer, bestel lusern by Leroux.

<sup>8</sup> Leroux verwys hier na *Die eerste lewe van Colet*, wat in 1955 die lig sien, en *Mosaïek*, sy eerste voltooide roman wat handel oor 'n aantal karakters op 'n klein dorpie wat deur 'n vloed uitgewis word. Reeds in 1952 lê hy die manuskrip aan uitgewers voor, sonder sukses.

<sup>9</sup> Jan Greshoff (1888-1971), Nederlandse digter en kritikus wat saam met sy vrou Aty in Kaapstad gewoon het. Greshoff was Leroux se mentor en vriend.

<sup>10</sup> Leroux se eerste twee romans, *Die eerste lewe van Colet* en *Hilaria* is deur Aat Kaptein van die uitgewery Culemborg gepubliseer, en hy moes self die kostes dra.

Ek is baie jammer om te hoor van die ongeluk. Ek hoop dit gaan beter. Kom kuier gerus; Renée<sup>11</sup> en ek sal 'n besoek baie waardeer.

Met baie groete,

Stephen Leroux.

***Aan Petronella van Heerden***

4 Desember 1954

Liewe Nan, Despina en Freddy-terug-van-die-Kaap,<sup>12</sup>

Julle het geen idee hoe baie ons na julle verlang nie. Renée het seker al verduidelik hoekom ons nie onmiddellik na julle kan kom nie. Dis een van daardie onvermydelike sameloop van omstandighede waарoor mens geen beheer het nie en wat nooit heeltemal oortuigend klink nie. Ons het alles beplan gehad: Chris het vir hom 'n SS J aangeskaf ('n groene, 'n drophead-coupé, 'n Bentley-konstruksie en 'n pure "passion wagon"). Ons sou teen 'n geweldige snelheid daar aangekom het, met élan uitgeklim het – in die regte stemming vir 'n tintelende naweek. Maar...

Ons beloof, egter, om met die eerste geleentheid by julle te kuier. Ons herinner ons aan die vorige naweek daar: die besondere atmosfeer, die vuur in die kaggels, julle aangename geselskap, Ravél, die besoek aan daardie valley wat ek nie heeltemal kan vergeet nie – die melerige kleure, die pastel skakerings op verskillende vlakke en die enkele dammetjie met die ongelooflike blou water, die pagodekranse.

Dit hinder my werklik dat ons mekaar so min sien. Die lewe gaan so vinnig verby. Op een of ander stadium sal iets verlore gaan. Toe ek jonger was[,] was 'n uur selfs 'n geruime tyd; deesdae, as ek twee keer van 'n boek af opgekyk het, het 'n

---

<sup>11</sup> Renée Malherbe, Leroux se eerste vrou. Hulle het op 13 Maart 1948 in die huwelik getree.

<sup>12</sup> Leroux verwys moontlik na Despina King (gebore Burton) en Freddy Heseltine, vriendinne van Petronella van Heerden.

uur ongemerk verbygeglip. Dis presies 'n jaar gelede dat ons na Europa vertrek het.<sup>13</sup> Dit voel soos daardie uur wat verbygegaan het: ek kom soms in 'n kamer waar my klere in gereedheid gelê het – en dan flits 'n hele jaar verby.

Die Greshoffs vertrek vandag na Europa vir veertien maande: Holland, Parys, Italië en dan via New York terug na Holland. Hulle gaan vir 'n paar maande by Jacques en Hélène bly.<sup>14</sup> Ons het hulle aangeraai om Madeira ook in te sluit omdat dit vir my voorgekom het as die enigste plek wat nie na tyd bepaal kan word nie. Dis die vriendelikste en die mooiste eiland in die wêreld. Die motorkarre<sup>15</sup> is uit 'n bepaalde tydperk, die toeriste is nie hinderlik nie omdat daar niks van hulle verwag word nie, alles is helder – en tog wasig terselfdertyd[.] Daar is heerlike wyn en kleure wat werklik 'n bietjie oordoen is deur die natuur – en, bó alles, 'n neutraliteit aan die kant van die mense – 'n soort ongevoeligheid wat iets warms by jou wek want dit laat jou met 'n eie-waarde, 'n bevryding vir jou afwykings en 'n warm, dromerige, onvergetlike eensaamheid. (As ek nou hierdie weer oorlees klink dit soos iets uit *Harper's*.<sup>16</sup> Skandelik!)

Dis jammer, ek sou baie graag vir Jean ook wou ontmoet het. Ek onthou nog die brief van haar (aan jou, Nan) wat jy een aand aan ons voorgelees het. Dit het vir my voorgekom asof sy iemand is met begrip en oorspronklikheid.

Ons het 'n hele reeks besoekers in die laaste tyd gehad. Dis snaaks[:] ek kan nie meer presies onthou wie hulle almal is nie. (En ek onthou woord-vir-woord en incident-vir-incident elke naweek wat júlle by ons was.) Die een klomp het 'n paar advokate en regters ingesluit en dit het my getref hoeveelbaarheid gepaardgaan met toegespitsde kennis. My vriend, Jan Stegmann,<sup>17</sup> was ook hier met sy kinders wat intussen 'n bietjie groter geword het vandat julle hulle laas gesien het. Hulle het

---

<sup>13</sup> Leroux en Renée het op 1 Januarie 1954 op 'n bykans vyf maande lange tog deur Europa vertrek. Hulle het Engeland, Nederland, Duitsland, Italië en Frankryk besoek. In Parys het hulle vir onder andere Jan Rabie, Marjorie Wallace, en Bartho Smit ontmoet.

<sup>14</sup> Jacques en Hélène Malan. Laasgenoemde was aangetroude familie van Leroux en 'n joernalis verbondé aan *Die Huisgenoot*. Jacques (1903-1989) was 'n gesiene literêre kritikus wat mede-oprigter van die letterkundige tydskrif *Ons Eie Boek* was en later as redakteur van die tydskrif *Trek sou optree*.

<sup>15</sup> Leroux spel dit hier as "motorkarre".

<sup>16</sup> *Harper's Magazine*, 'n tydskrif vir letterkunde, kuns en politiek wat in 1850 in Amerika op die been gebring is.

<sup>17</sup> Jan Stegmann, jare lange vriend van Leroux. Hulle was in dieselfde klas op Grey Kollege.

drie asbakkies, een glas [en] 'n bord gebreek – afgesien van die Gide<sup>18</sup> waarop hulle gekwyl het. Elna het 'n bietjie vetter geword en lyk nie meer so passief nie. Jan se energie word op die oomblik bevredig deur drome van 'n splinternuwe Mercedes wat hy so pas bestel het. Ek was in die Kaap met 'n afskeidspartytjie vir Professor W.M.R. Malherbe<sup>19</sup> ('n man met wie ek nog nooit enige kontak kon vind nie maar wat my nog altyd geboei het weens die volslae minagting wat hy vir my het as juris) en prof. dr. Ver Loren van Themaat<sup>20</sup> ('n gentleman met 'n outydse deftigheid en 'n idealisme ten opsigte van studie en kennis – hy het gemaak asof hy my nog onthou). Ons het almal op 'n nostalgiiese wyse 'n bietjie dronk geword en ten spyte van die sigbare tekens van vordering in jare mekaar nog steeds gesien soos jare gelede. Dis natuurlik hoekom 'n profeet nooit in sy eie land geëer word nie: niemand kan jou jou jeug vergeef nie. Almal behalwe 'n sekere lid van die Volksraad wat diep gegrief was oor my ligsinnigheid toe ek hom gevra het: "Here, man, wat het geword van jou mooi suster wat nooit haar *mond* kon oopmaak nie?"

Renée sal teen die einde van Januarie na Pretoria gaan en by Annalie-hulle<sup>21</sup> bly terwyl die dokters die finale ondersoeke doen. Ons verwag die "son and heir" in Februarie wanneer ek dan met die kinders sal opgaan.<sup>22</sup> Dit sal die laaste ekskursie op die gebied van prokreasie wees en ons hoop maar, ter wille van die familie, dat dit 'n seun sal wees. Ek, persoonlik (en Renée ook) het nie die minste belangstelling in die voortsetting van ons besondere linie wat die naam betref nie. Indien ek enige hoop koester dat dit 'n seun is, is dit bloot dat hy oor een en twintig jaar die laste van broodwinning op hom kan neem sodat ek finaal met 'n rustige gewete kan oorgee aan al die temptasies van die lewe.

Ek het in die Kaap (die eintlike rede vir my gaan) toe my eerste onderhoud met my eerste uitgewer gehad. Sy kantoor is op die tweede verdieping. Ons is kort-kort lastig geval deur 'n reeks sekretaressies wat die teenwoordigheid van vername besoekers aangekondig het. Hulle is gevra om te wag terwyl die heer die uitgewer

---

<sup>18</sup> Leroux verwys na 'n werk deur André Paul Guillaume Gide (1869-1951), Franse skrywer wat in 1947 met die Nobelprys vir Letterkunde bekroon is.

<sup>19</sup> William Mortimer Robertson (Mortie) Malherbe (1875-1964), akademikus en regskenner. Hy was een van Leroux se professore en dekaan van die Fakulteit Regte, Universiteit van Stellenbosch.

<sup>20</sup> Hendrik ver Loren van Themaat (1874-1966), wat ook verbonde was aan Stellenbosch se regsfakulteit.

<sup>21</sup> Annalie Rabie, Renée se skoonsuster.

<sup>22</sup> Leroux se seun, Stephanus Petrus, oftewel Stephen, is op 15 Februarie 1955 gebore. Die Leroux se dogters is Chérie (gebore op 6 Junie 1949) en Helise (gebore op 16 Maart 1951).

en ek terme en probleme bespreek het. Ons was besonder versigtig vir mekaar. Na Colet beskou hy my as 'n enfant terrible – en ek dink weer aan sy geweldige drukpers en goddelike hand wat die toekoms van jong skrywers bepaal.

Na 'n rukkie het ons allerhande naïwiteit in mekaar gevind. Nie een het opgeweeg na verwagtings nie en ons het met moeite ons teleurstellings onderdruk. Tog het ons albei die spel volgehou. Hy het gedurig die telefoon opgetel, kriptiese aanmerkings gemaak soos: "Everything has its price" en konfidensieel na my toe oorgeleun, sy hande vryfend, sy bril blinkend en aan my meegedeel dat hy so pas tagtigduisend pond sterling vir die gebou aangebied is. Hy het ook my laat verstaan dat hy 'n nuwe perseel in Adderley straat vir goedkoper kan kry. "As 'n mens so tienduisend of wat kan maak, hoekom nie?" het hy my gevra.

Ek, aan my kant, het my bes probeer om temperamenteel te wees. Ek het vaagweg gepraat oor die heilige regte van die skrywer en beginsels. Ek het sywaarts op my stoel gedraai om my profiel te toon en die nodige dromerigheid in my oë gebring.

Alle besware is uit die weg geruim behalwe één toneel: waar 'n lid van die C.S.V. met Colet geslagsprobleme bespreek het. Hy sou my benadering daarvan (spottend) as 'n aanval teen 'n belangrike organisasie beskou. Kan ek dit miskien uitlaat?

Ek het toe 'n voorstel gemaak dat die bepaalde lid nie 'n lid van die C.S.V. is nie, maar van 'n nare sekte. Dit het onmiddellik sy goedkeuring weggedra. Nou sal Colet verskyn na die nodige veranderings aangebring is. Volgens kontrak nie later as Oktober aanstaande jaar nie. Dit sal 'n nuwe maatskappy wees wat hulle toelê op besondere uitgawes. Eers sal 'n kunsboek of iets soortgelyks verskyn, om die skyn te bewaar, en dan... *Colet!* (Spaar die tedere gevoelens van die volk!)

Ek voel jammer vir die arme, onskuldige sektes. Hulle het geen organisasie wat hulle kan steun en beswaar kan maak nie. Ek sal maar die sekte die "Rooi Dopers" of iets soortgelyks noem. Ek het nogal lus om die karakter 'n lid van die X moral rearmamentgroep te maak.

Ek sal nou moet afsluit. Ek skryf hierdie brief aan julle uit pure verlange en ek wens julle was nou hier om 'n bietjie met my te gesels. Maak Despina haar nog op

voor sy gaan slaap in die aand? Dit prikkel my verbeelding. Een van my karakters in 'n kortverhaal doen dit alreeds.

Nan, ek sal graag jou tudor-fireplace wil sien. En al die veranderinge wat julle aangebring het. Het jy al grasse geplant? Is die afkampings en omheinings al klaar?

Terloops: een van die dokters hier in die omgewing (dr. Howard Botha, Univ. Pretoria) is besig om 'n biografie van dr. Karl Bremer te skryf in samewerking met iemand anders. Hy soek allerhande gegewens. Ek hoop net hy doen dit goed.<sup>23</sup>

Chris is deesdae heeltemal bachelor at large.<sup>24</sup> Hy het [met] 'n besondere groep op Bfn geskakel (kunssinnig, joernalisties, musikaal en teatraal) en beweeg van een partytjie na die ander. Hy gaan vir hom 'n cottage in Kent koop en elke jaar of twee daar bly as afspringplek na die vasteland. Hy het vir hom nog 'n plaas bygekoop en is heeltemal in staat om alles te bekostig. Sy ouers sal seker mettertyd op die dorp gaan bly en hom vryer beweegruimte gee. Hulle is besonder simpatiekgesind wat sy planne betref en het alreeds aangeneem dat hy "anders" is.

Wat dink julle van Strijdom as eersteminister?<sup>25</sup> Ken jy hom, Nan?

Dis alreeds baie laat – en besonder warm.

Baie groete en liefde van ons albei,

Stephen.

### **Aan Petronella van Heerden**

4 April 1956

Beste Nan, F. & D.,

---

<sup>23</sup> Karl Bremer (1885-1953), wat tydens D.F. Malan se bewind as Minister van Gesondheid in die parlement gedien het.

<sup>24</sup> Chris Jacobs, 'n goeie vriend van die Leroux's. Hy het in die Fauresmith-distrik geboer.

<sup>25</sup> Johannes Gerhardus Strijdom (1893-1958), wat in 1954 vir D.F. Malan opgevolg het as Eerste Minister van Suid-Afrika.

Renée het al 'n paar keer vir julle gebel en gehoor óf dat die "lyne uit orde" is, óf dat daar geen antwoord kom nie. Waar is julle?

Ons verlang baie na julle.

Dit reën heelwat hier en die wêreld lyk pragtig. Dis alles só mooi dat mens effens weemoedig voel – wetende hoe alles miskien weer oor 'n jaar sal lyk. In hierdie wêreld van uiterstes is jou besef van die vergankilkheid van skoonheid en geluk maar té aktueel.

Ons het 'n brief van die Greshoffs gekry. Hulle is alreeds op Levante by Jacques en Helene. Hulle finale besluit is om hulle in die Unie te vestig. (Daar was sprake dat hulle miskien in Parys sou bly.) Hulle sal teen die einde van die jaar hier wees.

Ons het so pas 'n tentoonstelling gehad waar ek 'n beker gewen het vir die beste groep Duitse Merino's. Dit het my 'n besondere plesier verskaf en ek het tot die nagtelike ure gebly om die beker te ontvang. Dit staan reg voor my lessenaar en is 'n tasbare herinnering dat die Boerdery 'n belangrike faktor in my bestaan is. Die tentoonstelling self het heelwat interessante stof gebied vir 'n vitrioliese pen – was dit nie vir immer-teenwoordige kwessie van laster nie.

Mamma en pappa hulle kuier op die oomblik hier. Hulle is baie entoesiasties omtrent Die Boek.<sup>26</sup> Mamma sê dat sy gedurig te kampe het met 'n valse bejammering van lesers wat haarself in die boek sien – die hele storie (volgens almal) synde biografies.

Ek het jou mos laas geskryf dat ek met die vervolg op *Colet* besig is<sup>27</sup>. Dis 'n tipe werk wat óf dêm sleg óf dêm goed sal wees. Ek is bykans klaar daarmee. Die slohoofstukke lê nog voor. Voor dit klaar is sal ek rus en vrede en 'n paar bottels Burgundy nodig hê. Beide Chris en Renée hou daarvan.

---

<sup>26</sup> *Die eerste lewe van Colet.*

<sup>27</sup> *Hilaria.*

Ek sluit kritiek van die *Cape Times* in. (M.i. die beste tot dusver. Die een in die *Huisgenoot* is bloot 'n opsomming van die tema.)<sup>28</sup>

Ek sluit ook 'n portret van die menage in.

Klein-klein-klein Stephen is 'n ware Le Roux: prakties, bedonderd en rigtingvas. Ek kan my voorstel dat hy eendag die leisels ferm uit my hande sal neem; oorgenoeg geld [gaan] maak sodat die vader met 'n geruste hart (die merino's in veilige hande) sy Nobelprys kan gaan haal.

Ek het vanaand weer 'n beskrywing vir Renée gegee van hoe ek die Prys sal ontvang: die biggelende traan, die rok, die soekligte. Die koningin aan my arm, die orde om my nek, die geringe buiging. Dit word 'n obsessie by my. 'n Voorspelling hierdie – op 'n ouderdom van 55.

Renée en ek het ook besluit om eendag 'n skuur-met-woonstelle te bou op die plaas vir jong kunstenaars. Ons hou dit oop gedurende die wintermaande en verskaf die nodige lewensmiddelle aan hulle. Geen voorwaardes word aan hulle gestel nie.

Baie, baie, baie dankie, Nan, vir al jou belangstelling i.v.m. *Colet*. Ek waardeer dit baie. In die swaar jare was dit net 'n paar van julle wat die vertroue gehad het.

Sê vir D. dat ek die boek, wat ek vir haar belowe het, veilig bewaar.

Baie liefde van ons almal.

Stephen.

### **Aan Petronella van Heerden**

[Laat 1956]

---

<sup>28</sup> Die bespreking in *Huisgenoot* waarna Leroux verwys, is geskryf deur Ernst Lindenberg, Afrikaanse kritikus en akademikus. Dit verskyn op 19 Maart 1956. In die *Cape Times* van 21 Maart 1956 verskyn 'n resensie deur Nancy Baines, indertyd getroud met Jan Greshoff se seun.

Lieve Nan, Despina en Freddy

Baie dankie vir die brief.

Dit gaan skynbaar voor die wind met Die Boek.<sup>29</sup> Soos julle kan aflei van die resensie, wat ek insluit, het my potensiële vyande my in hulle geledere opgeneem. Die familie is ook eg-entoesiasties. Alle vriende en kennisse lees dit met pligsgestroue genot en lofbetuiging. Ek wag nog op die aanslae van die letterkundiges.

Tot dusver het niemand nog deurgedring tot wat ek werklik met die boek bedoel het nie. Dit bly skynbaar 'n ware of onware sielkundige studie van 'n jongeling met 'n "verskeurde gemoed". (As ek die woord weer hoor, skree ek.) 'n Plaaslike dokter het my gelukgewens met wat hy die "kliniese aspek" noem.

Ek sal maar vir jou vertel, Nan, wat ek in die oog het. Ek is op die oomblik driekwart klaar met die vervolg op *Colet*. (Frankenstein en The Son of Frankenstein.) Die hele Colet is getrou volgens Jung – die proses van transformasie. (Vandaar Die Eerste Lewe.) Die gedurige losskeuring, die gevoel van alleenheid, impotensie, hermafroditisme en wat ook al is elemente in die transmutasie wat plaasvind in die verwesenliking<sup>30</sup> van die self. Die laaste hoofstuk of twee gee 'n duidelike aanduiding. Die vervolg, waarmee ek nou besig is, is die hergeboorte. Dit is suiwer mitologies en is gebasseer op die misterie van Eleusis en die verwante Attis-Cybele mythologem.<sup>31</sup> Oppervlakkig hou ek dit in die vorm van 'n gewone roman. Die tweede boek is oneindig moeiliker en sal heelwat minder populêr wees. Maar as ek dit kan regkry... Daarna sal ek weer 'n gewone roman skryf.

Ek het vir my 'n bromponie aangeskaf met die verskoning dat ek petrol sal bespaar in die besigtiging van die boerdery. Intussen skud ek my niere oorkruis.

---

<sup>29</sup> *Die eerste lewe van Colet*.

<sup>30</sup> Leroux spel dit as "verwesentliking."

<sup>31</sup> Luidens Griekse mitologie is Eleusis 'n held, koning en afstameling van die gode Hermes en Daeira. Hy het telkemale tot die redding van sy streek gekom, en gevvolglik is die stad Eleusis glo na hom vernoem. Die sogenaamde "misterie van Eleusis" verwys na 'n inisiasieproses waartydens die mens bo sy alledaagse bestaan verhewe kon word tot 'n bonatuurlike wese of selfs 'n god. Attis is die god van vrugbaarheid en is gebore uit die die maagd Cybele, 'n godin.

Renée het 'n bietjie laat verf aan die binnekant van die huis en hier en daar ander gordyne gekry. Stephie begin al loop en hang aan alles. Chérie ontsterf ons geheel en al vandat sy op skool is. Os, *Daan en Sus*<sup>32</sup> laat haar voel dat sy heelwat meer as ek weet en sy bejeën my ook met 'n kennelike superioriteit. Helise is baie jaloers en is in 'n onmoontlike stadium.

Chris se vrou verwag 'n baba enige oomblik. Lets het haywire geraak met hulle berekening sodat die geboorte werklik 'n geheimpie sal wees.

Koffiefontein is nou só morbied dat selfs kinders stilgemaak word as hulle lag. Ons is hier almal bereid om onder te gaan. Die sterre spel AVBOB in die nag.

Ons het die tydjie in die Kaap baie geniet. Café Royal en Rossi. Dans in die Strand en 'n piekniek of twee in die omgewing van Vishoek.

My voorman is weg, maar die boerdery vorder nog. Die ooie behoort een van die dae te begin lam. Daar is geen afname in vrugbaarheid nie. Ryk Steytler se vrou het weer 'n dogter gekry. Hy sê dat hy soos 'n armblanke voel met al die kinders wat sy vrou kry.

Die lusern sal ek stuur sodra die stof-nat-reëntjies my toelaat om groen lusern te baal.

Intussen haal ons nog asem en hoop dat dit met julle ook [goed] gaan.

Ons moet mekaar weer sien. Miskien kuier ons vir julle; miskien daag julle hier op.

Shantih. Shantih. Shantih.<sup>33</sup>

### **Aan Uys Krige<sup>34</sup>**

---

<sup>32</sup> Gewilde, voorgeskrewe Afrikaanse leesboeke vir leerlinge aan die begin van hulle skoolloopbane.

<sup>33</sup> Dit beteken "vrede" in Sanskrit.

<sup>34</sup> Mattheus Uys (Uys) Krige (1910-1987), wat in die jare vyftig die kruin van sy sukses as dramaturg geniet het. In 1956 is hy met die Akademieprys vir Vertaalde Werk vir *Yerma* bekroon, en in dieselfde jaar verskyn sy *Die Goue Kring*.

13 Maart 1957

Beste Uys,

Die Greshoffs<sup>35</sup> kom aan die begin van Oktober vir 'n maand of wat by ons kuier. Het jy nie ook lus om omstreeks daardie tyd dieselfde te doen nie?

Dis moeilik om te sê waaraan 'n skrywer werklik behoefté het; maar ek dink tog dat 'n tydjie in die woestyn en alles wat dit meebring (géén of weinig kontak met die buitewêreld, eenvoudige mense in die omgewing, 'n warm son, stil nagte, stil dae en heelwat boeke en tyd, tyd, tyd) ook 'n bydrae kan lewer.

Ek het toe 'n vertaling van Alejo Carpentier se *Los pasos perdidos* gelees.<sup>36</sup> Tot my spyt moet ek sê... (en ek hou van meeste ernstige skrywers) die kêrel het 'n kennis van antropologie, musiek, Homeros, tropiese woude en sekere paganistiese seremonies wat op sigself baie interessant is. Maar 'n romanskrywer is hy (op grond van hierdie boek) seer sekerlik nie. "Your woman..." Brrrrrrr. En sy obiter dicta! Hy wei vir 'n bladsy of wat uit oor die wyse waarop moderne skrywers die sekstema behandel en dan gee hy se eie Marie Stopes.<sup>37</sup> Ken jy dit? Die afterglow...

Ek weet Virginia Woolf is deesdae uit die mode, maar ek het nou die aand *Orlando*, *The Waves* en *To the lighthouse* weer gelees.<sup>38</sup> Tegnies is sy miskien nie té goed nie, maar daar is iets, iets in die manier waarop sy met haar Mandarin-styl iets sê... Onder die Engelse is dit net James,<sup>39</sup> Gertrude<sup>40</sup> en Virginia wat (wat my betref) die naaste daaraan was om die klankgrens te breek.

---

<sup>35</sup> Leroux skryf dit hier as "Greshoff's".

<sup>36</sup> Alejo Carpentier y Valmont (1904-1980), Kubaanse skrywer en prosaïs. Sy roman *Los pasos perdidos* (*The Lost Steps*) verskyn in 1955 en handel oor 'n komponis wat saam met sy minnares uit New York vlug na Suid-Amerika.

<sup>37</sup> Leroux verwys na Marie Charlotte Carmichael (Marie) Stopes (1880-1958), Britse skrywer, akademikus en kampvegter vir geboortebeperking. In 1918 sien haar gids vir getroude paartjies, *Married Love*, die lig.

<sup>38</sup> Adeline Virginia Woolf (1882-1941), Engelse kritikus en digter. Van haar bekendste werke sluit in *Mrs Dalloway* (1925) en *A Room of One's Own* (1929).

<sup>39</sup> Henry James (1843-1916), Amerikaanse skrywer en kritikus. Sy bekendste werke sluit in *The Americans* (1877) en *The Portrait of a Lady* (1881).

<sup>40</sup> Leroux verwys heel moontlik na Gertrude Stein (1874-1946), Amerikaanse skrywer, digter en kritikus. As skrywer het sy bekendheid verwerf met haar *The Autobiography of Alice B. Toklas* (1933). Stein is ook bekend vir die sterk invloed wat sy op skrywers soos Ernest Hemingway en James Joyce gehad het.

Maar, eintlik is hierdie brief om jou te nooi. (Supra.)

Beste groete aan jou familie,

Stephen le Roux.

*Heelwat later.*

Ek het 'n tyd gelede gelees van Roy Campbell se<sup>41</sup> dood en ook wat jy daaromtrent geskryf het.<sup>42</sup> Ek het nog altyd die grootste bewondering vir hom gehad omdat [hy] een van die laaste groot rebelle was. Simone de Beauvoir se *Mandarins*<sup>43</sup> lyk na 'n klomp pisse-froids<sup>44</sup> in vergelyking met hom. Dit was nog altyd my grootste ambisie om hom te ontmoet. Dis 'n nare gevoel wat mens kry wanneer jy hoor dat die laaste van die Titans dood is. Wie bly oor?

Dit hinder my dat al die rebelle in Suid-Afrika Sondagkoerant-rebelle is. En verder dat die groep, wat hier is, die ou bekende patroon volg: Lank lewe die proletariaat! Verenig die humaniste! Die toegang is 7 uit 10: 7 vir sosiale gewete, 7 vir "social significance" in jou skryf, 7 vir martelaarskap, 7 vir ootmoed, 7 vir selfaftakeling, 7 vir skuldgevoel.

Dis alles balls. Tussen die kapitalisme van Amerika en die sosialisme van Rusland, met kleurskakerings tussenin, is die enkeling behoorlik verslaaf in 'n massastruktuur. Enige groep wat nog in terme van vryheid dink is 'n kontradiksie op sigself. Ons is nou eenmaal die slaaf van die produk van die viriliteit van die manlike spesie<sup>45</sup> op hierdie aardbol. Dis vir my ondenkbaar hoe ons ons vryheid kan waan waar die verkeer tussen mense, onder watter stelsel ook al, in 'n toenemende mate beheer moet word. As 'n skrywer 'n funksie het, dan is dit om die opstandeling te

---

<sup>41</sup> Hier tik Leroux dit verkeerdelik as "so".

<sup>42</sup> Ignatius Royston Dunnachie (Roy) Campbell, Suid-Afrikaanse digter wat in 1901 gebore is en in April 1957 in 'n motorongeluk in Portugal sterf. Sy bekendste werke sluit in *The Flaming Terrapin* (1924) en *Mithraic Emblems* (1936). Campbell en Krige was goed bevriend.

<sup>43</sup> *The Mandarins* verskyn in 1954. Dit handel oor 'n groep Franse intellektuele wat na die Tweede Wêreldoorlog probeer aanpas in die nuwe Europa. Die roman staan bekend as een van De Beauvoir se bekendste werke.

<sup>44</sup> Franse term vir "pretbederwer".

<sup>45</sup> Leroux skryf hier, en ook in ander briewe, "specie".

beskerm. Ek bedoel nie opstandelinge as 'n groep nie, maar die totaalsom van die enkele opstandiges.

Die suiwer roman is miskien dêr vinnig besig om uit te sterf. Watter vorm dit ook al later sal aanneem, is dit nie uitgesluit dat 'n verhewe propagandamiddel vir een of ander groepsideaal sal word nie. As die romanskrywer (en die opstandeling) nog aan die lewe wil bly, sal hy hom moet toelê om onbeskaamd oor alle<sup>46</sup> vorms van afwykings te skryf. Al klink dit ook hoe negatief, dink ek dat dit ons heilige plig is. Connolly het nog nooit nader aan die waarheid gekom nie, as toe hy geskryf het met die swanesang van *Horizon*: "...for it is closing time in the garden of the West and from now on an artist will be judged only by the resonance of his solitude or the quality of his despair."<sup>47</sup>

Die moeilikheid in Suid-Afrika is dat die opstandeling hom blind staar teen die plaaslike owerheid. Dis 'n maklike teiken, maar hy besef nie dat hy die groter bedreiging op die langebaan skuif nie. Ek is nie so naief as om te dink dat die Afrikaanse intellektueel (van die spesie opstandeling) so eenvoudig is nie, maar dit kom vir my voor asof hy in sy plaaslike verset 'n genoegsame kompensasie vind en aldus sy werklike taak laat links lê.<sup>48</sup>

Hierdie mag jou miskien verveel. Eintlik het ek dit geskryf om 'n brief te voltooi waarin ek jou hartelik, namens my vrou en myself, nogmaals wil uitnooi om gedurende Oktober by ons te kom kuier. Indien die datum jou nie pas nie, sal 'n latere datum ook goed wees. Voor die tyd is dit té koud en lyk ales té godverlate.

'n Notatjie sal voldoende wees.

Beste groete,

Stéhen le Roux.

---

<sup>46</sup> Leroux skryf hier "alles".

<sup>47</sup> *Horizon* is 'n literêre tydskrif wat in 1940 deur die Engelse skrywer en kritikus Cyril Connolly gestig is.

<sup>48</sup> Hier word dit oorspronklik as een woord geskryf: "linkslê".

### Aan Jan Rabie<sup>49</sup>

[Vroeg 1957]

Liewe Jan en Marjorie,

Ek verlang vanaand ontsettend baie na julle. Pemberton sit hier langs my en lyk afgrysliker as ooit. Ek het so pas besef hoekom die hond so 'n gevoel van deernis by 'n mens gaande maak: hy het 'n pragtige gesig vir 'n bulldog (die O! Jeezus-gesig) maar die res van sy lyf is suiwer brak. Dis die groteske samestelling wat die hartsnare<sup>50</sup> tokkel.

Die swembad is bykans klaar. Renée se studio is ditto. Die effek is dém oulik. Julle kan gerus volgende somer weer by ons kom kuier. In Godsnaam, kom met 'n trein – Modderfontein of Bfx. Ons sal julle oor en weer besorg. Dan moet julle vir 'n geruime tyd kom sodat Marjorie kan skilder en jy kan skryf, Jan.

Ek het nou-die-aand jou boek weer gelees.<sup>51</sup> Beskou my as 'n bewonderaar. Dit is wragtig goed. As jy daardie gespannendheid en ekonomie kan handhaaf in 'n "novel" sal jy sekerlik die lang-verwagte magnum opus skryf.

En dit laat my natuurlik dink aan my eie werk. Ek beskou *Hilaria* as goed: op die oomblik soek ek vir dissipels.<sup>52</sup> Ek het so pas die verbeterde oorskryf aan Greshoff gestuur en wag nog op sy reaksie. Intussen het ek 'n paar lang kortverhale oorgeskryf. Ek hoop om volgende naweek met "Die Wrak" klaar te wees.<sup>53</sup> As alles klaar is, bly ek nog steeds 'n skrywer op soek na 'n uitgewer. En verder, het ek so pas 'n uitgawe van "schrijvers almanak voor het jaar 1957" gekry en een van my 10-jaar gelede kortverhale daarin gevind.<sup>54</sup>

Watter godverlate, styg-den-hemele beroep is hierdie nie! En wat beteken dit alles? Dis beperk tot 'n kwartier of 'n paar [kwartiere se] tydverdryf vir 'n Goeie Burger. Dit hoort tuis by "gesteelde tye" in hierdie eeu. Nie 'n wonder dat Kinsey

<sup>49</sup> Leroux rig sy skrywe aan Jan Sebastiaan Rabie (1920-2001), Afrikaanse skrywer wat bekendheid verwef het met sy bundel 21 (1956) asook aan Rabie se vrou, die Skotse skilder Marjorie Braidwood Wallace (1925-2005).

<sup>50</sup> Oorspronklik word hierdie as "h.-snare" geskryf.

<sup>51</sup> Leroux verwys na *Een-en-Twintig*, wat in 1956 verskyn.

<sup>52</sup> Hierdie woord word oorspronklik geskryf as "disipels".

<sup>53</sup> Hierdie novelle word nooit aan 'n uitgewer voorgelê nie.

<sup>54</sup> Leroux verwys na sy verhaal "Die erdestukkies".

seks so belangrik gevind het nie.<sup>55</sup> Die klimaks op hierdie gebied eis minder tyd en gee 'n soortgelyke bevrediging. Die man sê vir die vrou, terwyl hy die half-gelese<sup>56</sup> "novel", wat sy verstand beswaar, eenkant laat lê: "Vrou," sê hy, "kom ons gaan liever slaap." LEWE beteken vir die hedendaagse ekwivalent van die Civis Romanus<sup>57</sup> op 'n Sondag (sy enigste vry tyd): Hoender vir middagete, 'n bottel wyn, die *Sunday Express* vir hom, *Sunday Times* vir haar, 'n knippie voor hulle aan die slaap raak en dan "die bleddie Nasser!" as hy animal triste<sup>58</sup> wakker word.

Ek het 'n nare gedagte, Jan, dat ons almal marionette gaan word. En dit sluit jou ook in, Marjorie. Ons skilder en skryf vir dieselfde soort mense wat Bach-plate versamel vir hulle hi-fi-toestelle "A perfect recording by a bloke named Bach."

Wat word van die skrywers en skilders? In 'n oorbevolkte<sup>59</sup> wêreld word hulle verhoudelik meer. Die groter getalle, wat die beroep beoefen,<sup>60</sup> bring noodwendig mee dat 'n prostitusie van die beroep gemaak word. Die enigste ontkenning is sukses. (Dit was nog al die jare so.) Sukses word bepaal deur hoeveel mense. (In die verlede was dit 'n koterie.) Vandag is dit gebaseer op daardie selfde X-element wat Rock Hudson in plaas van Jose Ferrer 'n sukses maak. As swak beoefenaars<sup>61</sup> alleen 'n sukses was, sou dit maklik gewees het. Ongelukkig word sukses 'n soort dobbelspel waar goed en swak beide bo uit kan kom. Op die gebied van skryf, byvoorbeeld, voorsien ek dat Maugham en Hemingway beide sal voortbestaan.<sup>62</sup> Op dieselfde wyse sal Picasso en Grandma Moses<sup>63</sup> leef vir die nageslagte. Wat erger

<sup>55</sup> Alfred Charles Kinsey (1894-1956), Amerikaanse akademikus en seksuoloog. Hy het bekendheid verwerf toe hy in 1947 die Instituut vir Seksnavorsing aan die Universiteit van Indiana gestig het.

<sup>56</sup> 'n Tikfout verskyn hier, sodat die woord "half-gelede" lees.

<sup>57</sup> "Die regte van 'n Romeinse burger." (Afgelei uit die Latyn: *Civis romanus sum*)

<sup>58</sup> 'n Verwysing na die Latynse uitdrukking wat lui dat elke dier hartseer is na seks. Leroux verwys heel moontlik hier ook na Gamal Abdel Nasser, wat van 1956 tot sy dood in 1970 Egipte se president was. Talle van sy beleide tydens die Koue Oorlog het konflik met Westerse lande veroorsaak.

<sup>59</sup> Leroux skryf dit hier as "oor-bevolkte".

<sup>60</sup> Hier staan oorspronklik "be-oefen".

<sup>61</sup> Leroux skryf dit hier as "be-oefenaars".

<sup>62</sup> William Somerset Maugham (1874-1965), Britse skrywer en dramaturg wat bekendheid verwerf het met onder andere *Of Human Bondage* (1915) en *The Letter* (1926); en Ernest Miller Hemingway (1899-1961), Amerikaanse skrywer en Nobelpryswenner. Van sy bekendste werke sluit in *A Farewell to Arms* (1929) en *The Old Man and the Sea* (1952).

<sup>63</sup> Pablo Ruiz y Picasso (1881-1973), invloedryke Spaanse skilder en medestigter van die bekende kubisme-beweging; en Anna Mary Robertson (Grandma) Moses (1860-1961), Amerikaanse skilder en kunstenaar.

is, Picasso sal iets van Grandma Moses oorneem; Hemingway sal met sy vliegtuigongeluk<sup>64</sup> probeer om die “thunder” van Maugham te steel.

Wat word van die eerlike skrywer of skilder? Sy eerlikheid is beperk tot sy beginstadium. Wie kan daarna hom na standaarde meet? Die Amerikaners sê Musil<sup>65</sup> is swak; die Engelse herontdek hom; Alejo Carpentier kry allerhande pryse – sy boeke is grandiose travel talks; “Anglo Saxon Attitudes” wissel van belaglik tot groot.

Ek het een keer vir Greshoff gesê dat, as ek genoegsaam geld sou gehad het, ek 'n uitstekende belegging kon gemaak het deur van die jonger, onontdekde skilders, te gekoop het op grond van die aansien wat hulle inter pares<sup>66</sup> gehad het. (Ek verwys nou na julle vriende.) Hy vertel my toe hoedat hy in sy Mont-Martre-dae ander skilders as groot beskou het en nooit ooit weer van hulle gehoor het nie. Hulle was werklik goed – maar die X-element het ontbreek.

X beteken natuurlik tyd. Tyd beteken die standaarde wat tyd stel. Standaarde is 'n vorm van mode. Mode is 'n standaard van die tyd. Mode beteken die meeste mense. Die meeste mense weet. Die meeste mense, wat weet, is gering. Deesdae word hulle al hoe meer. Later sal dit nog meer word. Gevolg: die massa beslis.

Lank lewe Grandma Moses, Cecil B. DeMille,<sup>67</sup> *Time*<sup>68</sup> en *The Third Program*.<sup>69</sup>

Tussenin is daar *Partisan*, *Hudson* en *Sewanee Review*<sup>70</sup> – belaglike Campus-beoordeelaars.

Intussen skryf en skilder ons – belaglike skrynwers.

---

<sup>64</sup> Leroux skryf dit hier as “vliegtuig-ongeluk”.

<sup>65</sup> Robert Musil (1880-1942), Oostenrykse digter en skrywer wat veral bekend was vir sy onvoltooide roman *The Man Without Qualities* (1930-1943).

<sup>66</sup> “Tussen gelykes” (Latyn).

<sup>67</sup> Cecil Blount DeMille (1881-1959), Amerikaanse filmregisseur wat die regie behartig het van onder andere *Cleopatra* (1934) en *The Ten Commandments* (1956).

<sup>68</sup> Amerikaanse weeklikse tydskrif wat in 1923 deur Henry Luce in New York op die been gebring is.

<sup>69</sup> Radioprogram deur die Britse Uitsaaimmissie (BBC) wat in 1946 begin is en gefokus het op die kunste.

<sup>70</sup> Leroux verwys na *Partisan Review*, 'n Amerikaanse politieke en literêre tydskrif wat van 1934 tot 2003 in sirkulasie was; *The Hudson Review*, 'n kwartaalikse tydskrif gestig in 1948 in New York; en *The Sewanee Review*, wat in 1892 gestig is en bekend staan as die VSA se oudste vaktydskrif van sy soort.

(Ek praat nie eens van hier waar ons tussen hemel en aarde is nie.)

Is dit nie makliker om te Rock 'n Roll nie? Dis nie so maklik om dit goed te doen nie.

Ek dink as ek voor die keuse gestel word, sal ek liewers 'n goeie "hepper on the beam" wees as om te skryf. Ek het byvoorbeeld op julle partytjie opgemerk hoedat die meeste vrye geeste hulle grootste genot gevind het as hulle kon improviseer terwyl die plaat "hot" was.

Laat ons maar die strewe tot erkenning en selfgelding erken. Skryf liewers *Swart Ster oor die Karoo*<sup>71</sup> as 21. Eerlik, Jan: wat gee jou die meeste genot: die klomp wat nie kan wag vir die volgende episode nie, of Balkema wat sê jou boek maak nie geld nie, maar dis vir sy seuns? Balkema kan nie eens dans nie; jou luisteraars is "on the beam".

Wat dink jy: sal Uys<sup>72</sup> verkieς om die Flamenco die beste in die wêreld te dans, of om Lorca goed te vertaal?<sup>73</sup> Eerlik, nou.

En Simon Vinkenoog<sup>74</sup>: as hy moet kies tussen "Atonaal" en sewentien Unesco-vrouens?

Ek dink dat Herr Casanova, bibliotekaris van Waldstein, na beter dae kon terugkyk as Henry James wat tweekeer 'n bottel Burgundy oor 'n mooi meisie uitgegooi het?<sup>75</sup>

Wie weet, miskien het jou vriend George (Richard?) Daneel, baie meer as ons almal tesame.<sup>76</sup> Hoekom het hy julle partytjie so vroeg verlaat? Let op: hy drink nie baie nie – dis altyd 'n aanduiding. Ons probeer ontvlug; hy leef nou.

---

<sup>71</sup> Rabie se eerste werk van wetenskapfiksie, wat handel oor die gevare van die atoombom. Die boek verskyn in 1957 en word as 'n radiovervolgreek in dieselfde jaar uitgesaai.

<sup>72</sup> Uys Krige.

<sup>73</sup> Deur sy loopbaan het Krige veelvuldig uit die Spaanse digter Federico García Lorca (1898-1936) se poësie en dramas vertaal.

<sup>74</sup> Simon Vinkenoog (1928-2009), Nederlandse digter en skrywer. Hy was deel van die bekende literêre beweging, die Vyftigers. Sy bekendste werke sluit in *Wondkoorts* (1950) en *Voeten in de aarde en bergen verzetten* (1982).

<sup>75</sup> Die legende lui dat die Amerikaanse skrywer Henry James een aand tydens 'n ete saam met 'n vrou per ongeluk 'n bottel rooiwyn oor haar uitgestamp het. James het om verskoning gevra en nog 'n bottel bestel, wat hy toe weer oor sy metgesel uitgestamp het.

<sup>76</sup> Richard Daneel, Suid-Afrikaanse toneel- en balletkunstenaar.

En selfs jy, Jan, en Marjorie – hoekom het julle so baie en reggeplaasde vriende?

En wat van myself?

Laat my toe om sentimenteel te word: daardie laaste keer toe ons julle gesien het. Wat is die naam van die baaitjie nou weer? Vyftien tree breed. Ons lê op die skuinste. Die kinders bibber en bewe van die koue. Die branders is sewe-punt-karbonkels. Jy loer deur 'n vergrootglas en noem dit 'n swemplek. Marjorie het haar "glory book". Die son is warm. Ons het so pas onder 'n sambrel by die tuin (?) van 'n kafee gesit waar hulle slegs tee en "tutti-frutti's" bedien. Die kelner is 'n Hotnot, Slamaaier? Jy maak 'n grappie oor die wyn; hy lag skaam. Hy behoort heel moontlik aan 'n streng anti-blanke beweging. As 'n persoon is hy uiters gering en vervelig. Maar ek het daardie oomblik ten volle geniet en kan dit nie vergeet nie. Hoekom? Dis moeilik om te sê. Ek het miskien op daardie oomblik 'n besef gekry dat ons eendersoortig is – afgesien van skryf en skilder en alles. Kom ons laat alles staan – los alle ambisies en bly vir die res van ons lewe in die son.

En dan gaan ons almal hel toe (ek is 'n Calvinis – of liewers: iemand met 'n Calvinistiese gewete).

Dis nou presies 2-uur n.m.

Môre sal ek anders dink.

(Maar môre-aand ditto nie.)

[Brief eindig]

### ***Aan Petronella van Heerden***

[Mei / Junie 1957]

Lieve Nan et ménage,<sup>77</sup>

---

<sup>77</sup> "En huishouding" (Frans).

Baie jammer dat ek nou eers skryf, maar... Die redes is vervelig en baie.

Weltsmersch<sup>78</sup> (ek kan nog steeds nie die woord spel nie) het ons behoorlik beet. Ons het vir twee maande gaste gehad, wisselend van veeartse (is alle veeartse gefrustreerde dokters?) tot skaapinspekteurs met 'n spikkeling van familie, familievriende, politieke gewante, agente en vondseversamelaars. Daarna het ons begin skeer (80 004 merino's – rekord). Weer eens 'n toeloop van klassers, voormanne en prototipes. Ons het gister terug in ons huis gekom – intussen in die Groot Huis gebly.

Vanaand wil my ligte-engine nie behoorlik werk nie. Primrose en Pemberton, bulldogteef en reun onderskeidelik, het spoorloos verdwyn, en ek verwag enige oomblik berigte dat ál die skape in die omgewing gevang is. Dis droog. Ek kan nie aan die lees of skryf kom nie. Ek was vandag in die dorp en kan nou volkome verstaan hoekom Jacques Italië toe gevlug het.

(Die enjin het so pas gaan staan. Stephie huil in die kamer.)

Jy weet, Nan, daar is 'n goeie rede hoekom die Afrikaners behoue gebly het in hierdie land. Hulle het, baie meer as die Bantoe, deel geword van die natuur. Eintlik is daar twee benaderings: die Bantoebenadering van negatiewe aanname, wat jou gelyk stel aan die springbokke en ander diere: vandag leef jy in oorvloed; mōre sterf jy van die honger. Die kanse is altyd dat jy vinniger aanteel as wat jy kan sterf – gesien die viriliteit van die Banteman wat sy lyf spaar vir sulke geleenthede. Op die lange duur is dit miskien die beste. Dan is daar die Afrikaner-blanke benadering. [Ons het] meer politiek ingebring met geleenthede as ooit die geval is met enige ander volk.

Miskien is die skelwoord, herrenvolk, werklik van toepassing. ONS HET 'N TAAK. DIE VOORSIENIGHEID HET ONS HIER GEPLAAS. Bespotlik – maar miskien waar. Al is dit 'n illusie, het dit nogtans al die eienskappe wat 'n illusie waar

---

<sup>78</sup> "Weltschmerz" is 'n term wat tydens die Romantiese era gewild was en dui op 'n persoon se gevoel van angstigheid wat deur die wêreld se probleme veroorsaak word.

maak. Aan die ander kant, weer, bevat die begrip alles wat nodig is vir selfondergang.

Ek sien daarna uit om die Greshoffs weer te sien. Dit sal interessant wees om hulle reaksie waar te neem na die terugkeer. Hulle was eers van plan om hulle in Europa te vestig, maar kom nou vir goed terug.

Die vervolg op *Colet* is drie maande gelede klaar. Ek het dit vir Greshoff gestuur, maar nog geen antwoord gekry nie. Onheilspellend.

Ek hoor van Despina dat jy siek was, Nan. Hoe gaan dit nou?

Julle was glo 'n tydjie gelede in Pretoria.

Wanneer kom kuier julle weer vir ons? Eintlik is die teenoorgestelde van toepassing. Maar ons is slawe van die boerdery.

In verband met die lusern: £5 'n ton. Dit is my skuld dat ek nie die rekening vroeër gestuur het nie.

Ons bou nog steeds aan die swembad. Dit behoort D.V. een van die dae klaar te wees.

Liefde van ons almal.

Stephen.

[NS:] Primrose en Pemberton het na twee dae en twee nagte teruggekeer.

### ***Aan Petronella van Heerden***

[Julie / Augustus 1957]

Liewe Nan, Despina en Freddie,

Dit voel soos jare dat ons laas van mekaar gehoor het. Maar natuurlik is boerdery 'n jaloerse minnares en het 'n mens 'n amper goddelike verantwoordelikheid as jy in aanmerking neem dat die teelbeleid van 'n ras op jou rus.

Hoe gaan dit met die skaapkrale? Was my aanduidings verstaanbaar? Indien verstaanbaar, was dit korrek en uitvoerbaar? Eintlik is dit die gemoedstoestand van die skaap meer as iets anders wat tel. Sommige skape loop; ander nie.

Supra is bloot 'n inleiding om julle die verdere nuus omtrent my nuwe boek te vertel. Ek het toe 'n brief van Greshoff gekry waarin hy my meedeel dat, na 'n derde lesing van my manuskrip, die oortuiging by hom posgevat het dat dit 'n verbetering op *Colet* is, ryper is, meer diepgaande is, vol onverwagte implikasies is en, as 'n geheel, skynbaar my beste tot dusver is. MAAR slegs 'n koterie sal dit lees, die nageslag sal dit eers na waarde ontdek and damn the torpedos, full speed ahead!

Ek het die manuskrip toe onmiddellik na my uitgewer, Kaptein, gestuur.<sup>79</sup> Ek het hom dieselfde aand ook gebel. Dit was 'n wonderlike sameloop van omstandighede want [hy] het 'n paar uur vantevore 'n gesprek met W.E.G. Louw gehad wa[t] die eerste boek hoog aangeprys het. (Hy het dit skynbaar vir die eerste keer gelees.) "Stuur! Stuur! Stuur die manuskrip," sê Kaptein. "En ons sal dit voor X-mis probeer publiseer."

Ek het toe 'n paar angstige dae laat verbygaan en hom vanaand weer gebel. Kaptein het dit gelees en vind dit uitstekend, beter as *Colet* en meer diepgaande MAAR die lesers... vanwaar sal ons hulp vandaan kom? Die Namakwalander sal die boek nie verstaan nie, daar is sekere sinne en woorde... Hy gee toe dat die boek intens is en dat, behalwe vir 'n enkele woord hier en daar, niks verander kan word nie. Maar, sê my uitgewer, die boek moet gepubliseer word en moet voor Kersfees verskyn. Intussen sal hy 'n brief aan my skryf waarin hy sekere voorstelle sal maak. Dit beteken, natuurlik, dat ek heelwat l.s.d. sal moet bydra en dat ons gesamentlik die verantwoordelikheid neem. Ek weier enige veranderinge, behalwe één woord. Die res sal deurgaan.

Dus lyk dit asof Kersfees D-day sal wees.

---

<sup>79</sup> Aat Kaptein, Hollandse joernalis en hoof van Culemborg, die maatskappy wat Leroux se eerste twee romans gepubliseer het. Hy is in 1989 oorlede.

Ek voel soos D.H. Lawrence en soos James Joyce. Ek skryf slegs vir 'n paar ingewydes. My nageslagte sal miljoene ponde aan royalties trek. Met 'n stille traan sal my vriende en kennisse praat van die manier waarop ek my hare kam, my tandeborsel...

Is dit nie belaglik nie? Die gevaar van sonnige S.A. is dat ons geen standaarde het nie. Ons is só verblind deur die suiwere lig van ons welvoeglikheid dat ons nie eens meer kan oordeel wat goed of sleg is nie. Ek weet nou nog nie of ek 'n goeie, 'n swak of 'n middelmatige boek geskryf het nie.

Hoe sal mens ooit weet? As jy dit laat vertaal, as dit kom ex Africa, dan het dit alreeds 'n waarde wat heeltemal vals is. Vandaar Paton, Nadine Gordimer, Cloete en van der Post se sukses.<sup>80</sup>

Dis eintlik 'n vloek om 'n burger van 'n jong land te wees. Hulle gee jou té veel krediet vir jou naïwiteit.

Volgens my mening het ons net één groot skrywer gehad en dit was Roy Campbell. Hy was beide 'n nasionalis en internasionalis. Ek kon huil toe ek van sy ongeluk gehoor het. Ek het nog al die tyd gehoop dat mens via Uys Krige of iemand hom in Spanje kon besoek.

Weet jy van die nuwe plaas wat ons gekoop het, Nan? Dis nogal 'n mooi plek met baie springbokke. Intussen is daar meer werk en nuwe bekommernisse. Ons het die plaas met volk, bestuurder en al gekoop. Die bestuurder het die wonderlike naam van Zurich. Hy is 'n korterige mannetjie met lep-blou ogies. Hy dra 'n stetson-cowboyhoed. Elke keer as hy met jou praat dan haal hy sy hoed af en hou dit oor sy hart. Sy stem is sag en intiem. Niks is vir hom onmoontlik nie. "Ek sal hierdie plaas vir jou opbou, meneer," sê hy. "Gee my 'n kans enleen my sesig pond."

Die volk is almal baie beleefd en loer na my met arendsoë. Hulle soek, Bantuwyse, na die geringste tekens van swakheid aan my kant. Mens het so 'n

<sup>80</sup> Nadine Gordimer (1923-2014), Suid-Afrikaanse skrywer, politieke aktivis en Nobelpryswenner. Haar bekendste werke sluit in *The Conservationist* (1974) en *July's People* (1981). Alan Stewart Paton (1903-1988), Suid-Afrikaanse skrywer en anti-Apartheid aktivis. Sy bekendste werke sluit in *Cry, The Beloved Country* (1948) en *Ah, but Your Land is Beautiful* (1981). Edward Fairly Stuart Graham (Stuart) Cloete (1897-1976), Suid-Afrikaanse skrywer. Sy bekendste werke sluit in *Turning Wheels* (1937) en *Rags of Glory* (1963). Laurens Jan van der Post (1906-1996), skrywer, filosoof en joernalis. Sy boeke sluit in *In a Province* (1934) en *The Heart of the Hunter* (1961).

eienaardige gevoel: dit voel asof die plaas aan die bestuurder en die volk behoort. Jy loop deur die lande en deur die veld en almal ken dit beter as wat jyself dit ken. Hulle praat van die vorige baas was soos Hamlet se pappie se spook nog steeds oor alles sweef.

Maar ek het nou die perfekte ploy ontwikkel. As hulle, in alle goedertrou, 'n voorstel maak, dan sê ek: NEE! As my bestuurder sê: "Sal ons hier 'n sipresboom plant?" dan sê ek "NEE, 'n bloekom." Dit werk wondere. Hulle dig allerhande geheimsinnighede en beterwete aan my toe. Ek sorg dat ek op my beste gekleed is ("gentleman farmer") en met die beste motor daar kom. Ek laat hulle praat en behou 'n meerderwaardige swye. Dan kom ek uit met my bekende NEE!

Ek is stadig en gewis besig om hulle agting te wen. 'n Man wat NEE sê weet altyd beter.

Die vorige eienaar het 'n £4000 huis vir Zurich gebou (dis 'n paar kamers groter as myne). My grootste ambisie is om sy vrou te ontmoet. Sy verskuil haarself behoorlik. Die huis blink vyandig. As mens daar kom, dan glip sy in die kleinhuisie of in haar slaapkamer – beide plekke gesluit. Zurich bring self die koffie in. Jy weet nie of die asbakkie 'n ornament of asbakkie is nie. Sodra jy die huis verlaat, glip sy uit die slaapkamer (of kleinhuisie) en stof af. Die huis en sysself háát alle kontak met die buitewêreld.

Ek kan Zurich nie behoorlik opsom nie. Sy stem is sag en onderdanig. Maar ek het opgelet dat hy op dieselfde manier met die volk praat. Hy praat ook so met die winkelier en die bestuurder van die Koöp. Ek moet sê dat sy gesprekke met mense iets is om te aanskou. Dit lyk altyd asof hy 'n komplot smee. Hy staan digby die man of vrou – en fluister.

Het julle gehoor dat een van ons skure afgebrand het?

Dit was bitter.

Een nag, om half-drie [h]oor ek die telefoon lui. Ek dink allerhande nare gedagtes en spring uit die bed uit. Toe ek die telefoon van die hak af oplig, hoor ek iemand huil. Dit is my bestuurder se vrou. "Meneer," sê sy. "Jy het vreeslike groot skade. Jou skuur brand." My eerste reaksie was om weer na die bed toe te gaan en

te gaan slaap, want wat kan mens doen as 'n skuur op 'n plaas brand? Niks. Maar toe sê Renée dat die baas van die plaas darem 'n "appearance" behoort te maak. Ek trek toe my jas oor my nagklere aan en klop aan my houseboy, Zenzile, se deur. "Zenzile," sê ek, "kom dadelik. Die skuur op Magwag brand." Hy sê toe "Ja, baas." Terwyl ons soontoe ry (dis omtrent drie myl van ons af – daar waar Stephen die D.M.-ram geloop het) herhaal ek weer die informasie in geval hy nie gehoor het nie en deur die slaap was. Maar hy sê net: "Ja, baas." Toe ons op die hoogte kom en ek op die landerye afkyk, waar die skuur in volle glorie brand, kon die jong dit nie hou nie. Dit was vir hom een van die mooiste gesigte wat hy nog gesien het. Sy oë het behoorlik geglinster in die gloed.

Ek moet erken dat dit nogal 'n mooi gesig was, alhoewel ek sterk suspisie het dat Zenzile 'n fire-bug is.

Ek was heeltemal bly dat ek gegaan het want [afgesien van] mnr. Meiring, die bestuurder, was daar omtrent vyftien volk. In die skuur was 'n hoeveelheid saadaartappels en lusernbale. (Gelukkig nie té veel nie.) My teenwoordigheid het hulle heelwat moed gegee om allerhande absolute nuttelose takies te verrig deur byvoorbeeld brandende pale om te stoot en 'n gallon-kannetjie olie te red. Ek het toe gevoel dat ek ook darem een of ander vorm van instruksie moet gee en het toe beveel dat hulle die dam moet ooptrek en die water in die skuur lei. Daardeur is kosbare water vermors, maar hulle het dit as besonder slim beskou en het die vloer (grondvloer) van die skuur met 'n vloedgolf geblus. Daarna is ons uiteen.

Dit blyk dat weerlig die skuur geslaan het. Weerlig in Juniemaand. (Ons het 4 duim reën gehad.)

Die mense op die dorp kom kwalik hulle behae deur hulle getuigde simpatie bedek. Een dame het vir Renée gesê dat dit 'n bestiering was dat dit gebeur met iemand wat dit kon bekostig. Renée, synde direk en eerlik, het die vrou ooreenkomsdig [onduidelik] die smaak van haar aanmerking behandel.

Intussen het alles weer verbeter en kom die aartappels mooi uit en behoort ons 'n lieflike lente te hê.

Liefde en groete van ons almal.

Stephen.

**Aan Jan Rabie**

[September 1957]

Lieve Jan en M.,

Jan, daar is iets wat my die laaste tyd baie ontstel. Ek het jou laas in Parys daaromtrent<sup>81</sup> gevra maar jy het nie huis daarop gereageer nie. Wat gaan van die Afrikaanse skrywer word? (Ek bedoel Afrikaans in terme van ons taal.)

In die laaste jaar het ek nou op drie dinge afgekom wat my in die vermoede sterk dat ons iets sal moet doen. Dit kom vir my selfs voor asof daar 'n onheilige sameswering teen die Afrikaanse skrywer is. Ek sê dit omdat ek vermoed dat meeste van die inligting wat oorsese letterkundige blaaie kry[,] afkomstig is van Engelse letterkundiges en joernaliste in Suid-Afrika.

Die eerste aanduiding het ek gekry van 'n inleidingsartikel wat John Lehman in sy *London Magazine* ongeveer 'n jaar of minder gelede geskryf het.<sup>82</sup> Soos jy weet is hulle almal op hol oor 'n sogenaamde letterkundige herlewing in Suid-Afrika. Hy behandel vir driekwart van sy artikel die Engelse skrywer. Dit is verstaanbaar. Daarna bespreek hy ons bekendste Suid-Afrikaanse digters (niks prosa nie) in algemene terme as dat daar goeie talent is en dat hulle behep is met die volk en van dinge van 'n plaasliker aard. Hy erken dat hy nie bevoegd daaroor kan skryf nie omdat hy wienig van Afrikaans weet en voorspel dat die Afrikaanse skrywer eendag in Engels sal moet skryf as daar iets van sy talent moet kom.

---

<sup>81</sup> Leroux skryf hierdie oorspronklik as twee woorde.

<sup>82</sup> *The London Magazine* is een van die oudste letterkundige en algemene tydskrifte in die wêreld. Dit is die eerste keer in 1732 gepubliseer.

Tweedens: ek het so pas die Augustus *Times Literary Supplement* gelees.<sup>83</sup> Gewoonlik het hulle met hierdie jaarlikse oorsig iets of wat van Afrikaans (jy weet: D.F. Malherbe en C.M. van der Heever).<sup>84</sup> Vanjaar gaan dit die helfte van die bladsy oor Paton en Nadine Gordimer en vir die ander helfte oor die “African writer.” Afrikaans word genoem in ’n paragraaf. Hy eindig die artikel: “As the tide is set at present, it is towards Africans... that one should look for the strong and significant literature of the future.” Die Africans is Ezekiel Mphahlele.<sup>85</sup> Dis al naam wat hy ken. Na die ander word vaagweg in die algemeen verwys. Wie is hulle?

Die naam van die derde tydskrif kan ek nie onthou nie. Die strekking was soortgelyk.

Nou: ek is al gewoond daaraan dat hulle die Nasionaliste opfok en om elke draai verkleineer. Dis politieke terrein en dis deel van die politieke set. Dis ook moontlik dat ekonomiese middele kan aangewend word om ons in sekere politieke rigtings te dwing soos dit hulle politieke “setup” pas. (Deel van die erkende middele vandag.) Dis ook verstaanbaar dat die arbeidersgroep ons opneuk omdat dit hulle eie gewetes stil en in hulle kraal<sup>86</sup> pas. Maar letterkunde was nog al die tyd iets wat na ’n objektiewe maatstaf gemeet is. Jy is ’n goeie skrywer of jy nou ’n Nazi of ’n Bolsji of ’n Yankee is. Ek het nog altyd daardie verhewendheid in letterkundige blaarie gevind. Maar dis die eerste keer dat ek dit teenkom dat teen ’n groep skrywers gediskrimineer word omdat hulle in ’n taal skryf wat nie baie mense praat nie; dat ’n bekrompenheid aan hulle toegedig word wat nie bestaan nie; dat hulle misken word omdat hulle as ’n bevolkingsgroep nie van belang is nie.

Kyk, dit is nie chauvenisme wat hier praat nie. Die implikasies van die hele affère laat my yskoud word. Die implikasie is dat kuns relatief bepaal word tot die

<sup>83</sup> *The Times Literary Supplement* is ’n weeklikse literêre tydskrif. Die eerste uitgawe het in 1902 in Londen verskyn. Leroux verwys hier na die artikel “South African conflicts” wat op 16 Augustus 1957 opgeneem is in die spesiale bylaag “A sense of direction. Being an examination of the efforts of writers to keep or regain contact with the everyday realities of life in terms of modern literature.”

<sup>84</sup> Daniël Francois (D.F.) Malherbe (1881-1969), Afrikaanse digter en prosaïs. Hy word as een van die digters van die Tweede Geslag in Afrikaans beskou. Sy werke sluit in die roman *Die meulenaar* (1926) en die *Hans-die-skipper* (1929); en Christiaan Maurits (C.M.) van den Heever (1902-1957), Afrikaanse digter, prosaïs en akademikus wat twee keer met die Hertzogprys bekroon is; in 1928 vir poësie vir *Die nuwe boord* en in 1942 vir prosa vir *Laat vrugte*.

<sup>85</sup> Ezekiel (Es’kia) Mphahlele (1919-2008), Suid-Afrikaanse skrywer, akademikus en aktivis. Hy word beskou as een van die stigtersfigure van moderne Afrika-literatuur. Sy bekendste werke sluit in *Down Second Avenue* (1959) en *The Wanderers* (1971).

<sup>86</sup> Leroux begaan hier ’n tikfout deur “kraam” te skryf.

populariteit van die kommunikasiemiddel. 'n Geringe skrywer kry 'n aansien omdat hy in een van die heersende tale skryf. Dit gaan nog verder: die roman, omdat dit verdring word deur TV, die film, of ander toekomstige vorms van kommunikasie, kan om dieselfde rede op soortgelyke wyse op die agtergrond geskuif word. Dieselfde beginsel lê ten grondslag daarvan.

Eerlik nou, Jan. Beskou jy Paton, Harry Bloom,<sup>87</sup> Abrahams,<sup>88</sup> Jacobson,<sup>89</sup> Stuart Cloete en Ezekiel Mphahlele as die kern-bloei van Afrikaanse letterkunde? Ek bedoel suiwer letterkunde.

Die fout lê, Jan, by julle donders wat voorstaan dat die skrywer gewikkeld moet wees in die politieke toneel, of in die opsigtelike<sup>90</sup> probleem wat op die lippe van almal is. Dit is die Frankensteinmonster wat ons almal nog gaan vernietig.

Ek wens jy wil met Uys hieroor gesels. Hy het al die kontakte en in hom is die fontein van verset wat ook hierteen kan opborrel. Dêmitol, man. Hier is 'n kerngroep wat in Afrikaans dêm nagenoeg so goed kan skryf en suiwerder kan skryf as die ander wat op die oomblik in die kalklig van smogville verskyn.

Jy moet my net nie verkeerd verstaan nie: in hemelsnaam, laat ons oor al ons probleme skryf, laat ons oor die kleurkwessie, oor apartheid, oor busboikot en wat ook al skryf – maar laat daar nie 'n miskenning wees omdat ons in 'n taal skryf wat sinoniem is met Afrikanerdom nie.

Roy Campbell het, soos dit 'n ware kunstenaar hoort, die storm en drang in Afrikaans begryp. Hy kon dit doen omdat hy 'n individualis gebly het. Die res volg die weg van die Sondagkoerante: die grootste genot van die meeste vir die populêrste.

Het julle Renée se brief gekry? Kom julle vir ons kuier?

---

<sup>87</sup> Harry Saul Bloom (1913-1981), Suid-Afrikaanse joernalis, akademikus en skrywer. Sy werke sluit in *Episode* (1956), wat later gepubliseer is onder die titel *Transvaal Episode*, en *Whittaker's Wife* (1962).

<sup>88</sup> Peter Henry Abrahams (1919- ), Suid-Afrikaanse skrywer, joernalis en politieke kommentator. Abrahams word beskou as die eerste swart skrywer wat die internasionale gemeenskap se aandag kon vestig op die ongeregtighede van Apartheid. Sy boeke sluit in *Mine Boy* (1946) en *Tell Freedom* (1954).

<sup>89</sup> Dan Jacobson (1929- ), Suid-Afrikaanse skrywer en akademikus. Sy werke sluit in *The Trap* (1955) en *The Confessions of Josef Baisz* (1979).

<sup>90</sup> Leroux begaan 'n tikfout hier, sodat dit oorspronklik "opsigteliek" lees.

Groete,

Stephen.

Sien julle in die Kaap Desember.

**Aan Jan Rabie**

[September / Oktober 1957]

Beste Jan Alleen

Ek is baie jammer dat ek so lank wag om jou op jou kwaai en interessante brief te antwoord. Ek stem in elk geval in elke oopsig met jou saam.

Eintlik gaan ek 'n bietjie verder as jy: wat volwassenes betref, stem ek met geen vorm van sensuur saam nie. Almal, wat deesdae oor sensuur skryf, kwalifiseer hulle beswaar daarteen. Ek nie. Hoë of lae erotiek (soos Vestdijk<sup>91</sup> dit noem), synde geestelike of liggaamlike liefde, het sy dit idealiserend<sup>92</sup> of satiries behandel word, was nog altyd deel van alle kunsvorme. Om, dus, werke te verban (aangesien weinig bereid sou wees om kunswerke te verban) bloot op grond van die afwesigheid van die kunswaarde daarvan, is net so belaglijk. Die sensuur van 'n boek omrede die idees of filosofiese inhoud is natuurlik so oud soos die tyd. Dit dateer uit die dae van die Griekse en die Romeine. Of jy daarvoor of daarteen is, hang bloot daarvan af tot hoe 'n mate jy bedreig voel deur die idees wat verkondig word. Tot daardie mate is die mens menslik by wyse van spreke. Ek kan myself byvoorbeeld goed voorstel hoe elke ryk man of kerkeerwaarde tot die hemele sal skree teen pamphlette wat die massas opsweep teen die besit of teen die bestaan van kerke. Die beste standpunt om hier in te neem, volgens my beskeie opinie[,] is om vryheid van idees toe te laat mits jou vryheid van besit of geloof nie bedreig word nie. Elke mens sal tot die dood toe veg vir sy eie. Sensuur ten oopsigte van idees sal dus dus bly voortbestaan namate

---

<sup>91</sup> Simon Vestdijk (1898-1971), Nederlandse skrywer. Sy werke sluit in *Meneer Visser's hellevaart* (1926) en *De glanzende kiemcel* (1950).

<sup>92</sup> Hier kom 'n tikfout voor om die woord oorspronklik as "idealiserend" weer te gee.

die verskillende groepe, wat deur die idees bedreig word, hulleself bedreig voel. (In Suid-Afrika bv.<sup>93</sup> die verspreiding van kommunistiese lektuur onder die Bantoe.)

Maar, soos ek gesê het, wat my betref, glo ek aan geen sensuur vir volwassenes nie. (Ek beskou kinders en die grote massa Bantoe as onvolwasse.) Vir die res kan enigeen skryf wat hy of sy lus het.

Maar, Jan, jy is verniet so kwaad vir die Regering oor Cronjé se klugspel.<sup>94</sup> Dit is geen wet nie; dit is net die naïewe<sup>95</sup> bevinding van 'n naïewe kommissie. Ek betwyfel dit sterk of daar iets van sal kom. Jy behoort eintlik kwaad te wees oor die klomp skape op die sensuurraad – ek bedoel die amptenare wat die invoer van Carson McCullers en andere verban. Indien mens dan moet toegee dat alle lande sulke komitees het, sou dit nie die beste wees om te skryf teen die samestelling van die komitee nie? Die verskoning van *Die Burger* dat die betrokke amptenare nie beter weet nie, is nie 'n geldige verskoning nie. Hoekom skryf jy nie 'n brief aan *Die Burger* en stel voor dat hulle die amptenare moet vervang deur skrywers nie? Dan kan jy dit opvolg deur self die Minister van Binnelandse Sake te gaan sien.<sup>96</sup>

In elk geval, het jou brief in *Die Burger* 'n tyd gelede 'n goeie effek gehad. Die brief was *buitengewoon* goed geskryf en ek haal my hoed vir jou af.

Greshoff gaan iets oor jou skryf in *Het Boek van Nu*.<sup>97</sup> Ek dink hy soek 'n foto van jou om daarby te plaas.

Ons verlang daarna om jou weer in die Kaap te sien. Ek hoop jy het intussen nie té hardegat geword nie.

Nan van Heerden het baie van jou en Marjorie gehou.

---

<sup>93</sup> Leroux skryf die afkorting as "byv." Dit word deurgaans reggestel.

<sup>94</sup> In 1954 benoem die regering die Cronjé-kommissie, onder leiding van Geoff Cronjé, om die "euwel van onwelvoeglike, aanstootlike of skadelike leesstoof" te ondersoek. In 1956 lê die kommissie die verslag ter tafel in die volksraad en in 1957 word dit gepubliseer, maar die voorstelle word nie deur die regering aanvaar nie. Die volgende paar jaar is daar verskeie mislukte pogings om sensuur toe te pas, totdat die wetgewing oor publikasies uiteindelik in 1963 deurgevoer is.

<sup>95</sup> Hierdie woord word as "näiwe" geskryf.

<sup>96</sup> Leroux verwys na Johannes "Jan" de Klerk (1903-1979), destydse Minister van Openbare Werke.

<sup>97</sup> In hierdie Nederlandse tydskrif se uitgawe van Julie 1958 verskyn Greshoff se artikel oor die vryheid van geestesuiting in Suid-Afrika waarin hy verklaar dat die Cronjé-kommissie daardie vryheid aantas.

My boek gaan tóg verskyn, whê! Ek het self vir die drukkoste betaal en ek betwyfel of dit verkoop is sonder my toestemming. Dit is moontlik dat die arme *Colet* verkoop is. Ek sal in elk geval in Desember uitvind as ek in die Kaap is.

Liefde en groete van Renée en myself onderskeidelik.

Stephen.

***Aan Jan Rabie***

[Nov 1957]

Beste Jan,

Ek het vandag jou tweede boek, *Dakkamer en agterplaas*,<sup>98</sup> gelees. Ek skryf hierdie om jou te vertel dat ek dit baie goed vind. Ek vind jou die enigste van die Afrikaanse skrywers wat 'n gevoel vir die tegniek van prosa het. Die ander skryf goeie anekdotiese lektuur en sal miskien allerhande pryse verower omdat die owerhede en die publiek in hierdie land nog maar bloedwienig van prosa af weet.<sup>99</sup> Dit is nie dat ek nie ook met jou fout vind<sup>100</sup> nie – ek dink byvoorbeeld dat jy nog 'n bietjie té selfbewus is, maar dit is iets wat met jou persoonlikheid saamhang en wat, met tyd, sal verdwyn of op sigself interessanter word namate jy meer selfdissipline toepas.

Ek skryf hierdie in alle erns. Ek het baie hoë verwagtings van jou en mn. Greshoff en ek het baie oor jou gesels. Tot 'n sekere mate het ons twee iets gemeenskapliks – 'n sin vir die drama agter die gewone. Ons sal net baie versigtig moet wees dat ons nie toegee aan die verleiding van die massakultuur nie. Vir my is die versoeking minder omdat ek afgesonderd bly – vir jou is die versoeking miskien groter omdat jy ook kommersieel moet skryf. Maar iemand met 'n talent soos joune, behoort nie sommer oor te gee nie. Daar is net iets wat my hinder: iets wat ek so pas

---

<sup>98</sup> Rabie se tweede bundel verskyn in 1957.

<sup>99</sup> Oorspronklik word hier as een woord geskryf: "afweet".

<sup>100</sup> Leroux skryf hierdie as een woord: "foutvind".

gelees het – en wel dat die ernstige skrywer, in sy verset teen die eisie van die massas, heelwat energie opbrand wat hy met vrug aan sy werk kon gewy het. Daarteenoor<sup>101</sup> is my moeilikheid weer dat die afgesonderdheid van my lewe weer 'n mate van steriliteit in die hand kan werk.

Jan, ek het eintlik bloedweinig belangstelling in medeskrywers; ek haat letterkundige verenigings en skrywersvakbonde – maar ek het 'n besondere belangstelling in jou werk omdat jy die enigste een is wat, in Afrikaans, my verbeelding aangryp. Tot 'n baie groot mate dink ons twee in dieselfde rigting. Ek hoop net dat ons twee eendag iets werklik goeds gaan regkry. Wie weet?

Ek hou geweldig baie van “Op die berg”. Ek beskou dit, van sy soort, as die beste wat ek nog in enige taal gelees het.

Ons vertrek die 14de na die Kaap. Hoe lyk dit, gaan ons weer 'n partytjie of twee hou?

O ja, teen hierdie tyd behoort my boek al uit te wees.<sup>102</sup> Ek hoop net dat hulle getrou volgens die manuskrip gehou het. Ek het nie een van die proewe gesien nie.

Ek het maar gekgeskeer wat die Cronjé-groep betref. Maar ek dink nie dat jy bang hoef te wees nie. Jy behoort banger te wees vir die opkomende, sosialistiese-geordende massa-kultuur wat, op 'n minder aanvallende wyse, 'n oneindig groter bedreiging is as alle vorms van sensuur. 'n Wyse van lewe, waaronder die roman 'n bloeitydperk bereik het, is besig om verby te gaan. Ons romanskrywers sal in die toekoms soos stemme in die wildernis wees. As ons dan te gronde moet gaan, laat ons dan in hulle oë spuug en ten minste net so hardneklig oorgee as die ou orde van wellewendheid. Cronjé et alia verdien nie ons minagting nie – hulle is selfs benede dit; ons moet waak teen ons vriende.

Bly jy nog in Cheviot Place 6? Ons hoop om heelwat van jou te sien. Dit is my jaarlikse loslating hierdie. Ek moet van elke oomblik gebruik maak.<sup>103</sup> Ek is op die

---

<sup>101</sup> Leroux skryf dit hier as “daar teenoor”.

<sup>102</sup> *Hilaria*.

<sup>103</sup> Leroux skryf dit as “gebruikmaak”.

oomblik besig met 'n nuwe roman.<sup>104</sup> Eendsterre kom daarin voor en ek het alreeds 'n paar kontakte in die Kaap. Ek sal graag dat jy saam met my kom.

Liefde van Renée en beste groete,

Stephen.

***Aan Jan Rabie***

[Desember 1957 / Januarie 1958]

Liewe Jan en Marjorie,

Jan, laat ek onmiddellik konstateer dat jou argumente baie goed is, dat ek vir die grootste gedeelte met jou saamstem, dat jy 'n goeie brief geskryf het en dat ek baie bly is (ek het dit al lankal geweet) dat jy 'n goeie Afrikaner is. Ek stem roerend met jou saam dat ons eerste plig teenoor Afrikaans is. Chris en ek het al vurige argumente daaroor gehad – hy wou dat ek Engels moet skryf, of dat ek my goed onmiddellik moet laat vertaal en Afrikaans uitlos. Ek voel, soos jy, baie lief vir Afrikaans en vir hierdie land. Net soos<sup>105</sup> jy, besef ek ook ons afgryslike foute en morele lafhartigheid wat ons onder die skyn van nasionalisme probeer wegsteek. Maar, synde in 'n politieke atmosfeer groot geword, besef ek ook dat die politici (Afrikaans) – hoe naief en onkundig ook al – só naby dieselfde funksie as ons kultuurmense vervul het, dat mens die twee groepe (in die verlede, in elk geval) nooit behoorlik kon onderskei nie. Alle Afrikaners was nog altyd in die verlede politici. Die rede daarvoor het jy in jou [brief] genoem: "...maar nee, ons muurkas-lyk wat ons aan die politici oorlaat, is geensins politiek nie, maar die probleem van persoonlike verhoudinge, die groot menslike probleem wat orals behalwe hier die domein van die

---

<sup>104</sup> *Die Mugu*, wat in 1959 by HAUM sal verskyn.

<sup>105</sup> Oorspronklik verskyn dit as "Netsoos".

skrywer en denker is..." Jy is net in een oopsig verkeerd. Hier was dit nog altyd die domein van die skrywer<sup>106</sup>-cum-politikus-cum-denker.

Ek gee toe dat daar miskien vandag 'n verandering gekom het. Maar nie baie groot nie. Manne soos Opperman en Watermeyer<sup>107</sup> bly nog nasionaliste (nie in 'n eng politieke sin nie). So ook W.E.G. Louw en Van Wyk Louw. Kyk, Jan, ons politiek hier is soos nergens anders in die wêreld nie. In daardie oopsig is dit halfpad soos die Jode (vandaar die Afrikaner se beheptheid met Israel). Daar is 'n mistieke eienskap daaraan verbonde. Dis dié sy wat die Engelse nie kan begryp nie en so dikwels verkleineer. Ek het al opgemerk hoe 'n ontevrede boer (ontevrede met dié of daardie *werklike* politieke beleid) die dag met die eleksie<sup>108</sup> reg stem. Dis met hom soos met my: ek sien die dorpie, De Rust, ek voel die warm son, ons speel onder die skaduwee van die Swartberge, ons ry botterboom,<sup>109</sup> ons hou kerkbasaar met groen jellie en skiet klippies uit tabakstronke dat dit so fluit deur die lug. Ons manne was Hertzog, Malan en Strydom. Stellenbosch is die kweekplek van leiers: Tobie Muller, Paul Roos, Kestel, vd Merwe, Langenhoven en die ander. Selfs Verwoerd vandag is nie 'n politikus nie – sy apartheid (soos ons s'n) is gebaseer op die trots op die eie, die uitlewing van die eie – nie Yankee-rock 'n roll, ons-pis-op-dieselfde-plek, ons-sit-langs-mekaar, we're hepping on the same beam, bud – soort integrasie nie.

En wat gebeur? Manne soos Uys, Jacques en al die ander stamp hulle koppe teen die engheid wat noodwendig gepaard gaan<sup>110</sup> met hierdie (politiek-cum-kultuur) verskynsel. Hulle word tereg afgeskrik deur die party-organiseerders en ander hedendaagse politieke verskynsels. Hulle kom ook in verset teen die kerk en daardie denkbeeldige groep treurbondels wat De Klerk die standbeeld laat afhaal het. Hulle vlug dan uit die land, sat van die kulturele klimaat hier; of hulle skakel hulle by die Engelse groep en neem deel aan allerhande demonstrasies.

---

<sup>106</sup> In die oorspronklike brief begin Leroux hier 'n tikfout, en verskyn die woord as "ksrywer".

<sup>107</sup> Diederik Johannes (D.J.) Opperman (1914-1985), Afrikaanse digter, dramaturg en akademikus. Opperman, wat 'n groot indruk op die Afrikaanse digkuns gemaak het met werke soos *Joernaal van Jorik* (1949) en *Komas uit 'n bamboesstok* (1979), sou 'n belangrike rol in Leroux se skrywersloopbaan speel wat sy kommentaar en kritiek op Leroux se romans betref. Die twee het ook goeie vriende geword, soos wat verdere brieve in hierdie bundel sal getuig. Daar word in hierdie sin ook verwys na Gottfried Andreas (G.A.) Watermeyer (1917-1972), Afrikaanse digter wie se werke *Sekel en simbaal* (1948) en *Bitter Brood* (1965) insluit.

<sup>108</sup> Leroux skryf oorspronklik hier "elekeksie".

<sup>109</sup> Oorspronklik is hierdie as "botterdoom" geskryf.

<sup>110</sup> Hierdie word as eenwoord geskryf: "gepaardgaan".

Nou: wat presies is die rol van die skrywer? (Afrikaans.) My punt is: 'n skrywer het geen rol nie. Hy is 'n vakman met talent. Hy kan oor enigiets onder die son skryf. Daar rus op hom *geen verpligtinge* nie. En dit is my punt. Omdat die skrywer uiteraard oor mense skrywe kan hy alleen skryf in 'n toestand van absolute vryheid, dws. vryheid wat betref gewone konvensies, vryheid wat betref taakoplegging, vryheid wat betref modes. Dis slegs in weinig gevalle waar 'n skrywer suksesvol doelbewus gewikkeld is ("engaged") in opsigtelike probleme. As mens kan hy wel gewikkeld wees – maar is volkome vry om homself die volgende oomblik te weerspreek. Dis nie elkeen wat 'n roman soos *La Condition Humaine* kan skryf nie. Dis heel toevallig dat Malraux se besondere talent saamgeval het met sy gewikkeldheid, as mens dit so kan stel. Omdat die skrywer oor die mens skryf[,] kan hy natuurlik sylangs gewikkeld wees in die bestaande grootste probleem, maar dit gaan alleen daaroor tot dieselfde mate as wat seks, geld, gesondheid, jaloesie en ander verskynsels in ons bestaan voorkom. Behalwe dit, omdat die skrywer meesal oor die onsigbare skryf, is hy onbewus gewikkeld in 'n probleem wat eers later opsigtelik sal word.

En dít wil ek benadruk: Engeland en Europa verwag dat ons oor apartheid of oor die kleurkwessie moet skryf. Nadine Gordimer en Paton gee hulle met rente wat hulle wil hê. Op grond van hulle gewikkeldheid kry hulle 'n status en aansien as skrywers wat hulle nie verdien nie. (Ek misken nie hulle talent as skrywers nie – ek bedoel in die geval van Gordimer.) Die tragedie is dat hulle volgens 'n resep begin skryf en hierdie gebrek aan resep word ons Afrikaners nou gewyt. Jan, ek weier om trakteer vir enige groep te skryf; ek weier selfs om vryheid te verdedig as ek moet gaan sit en daaroor skryf. Hierdie sogenaamde "social significance" is uit die bose: dis 'n produk van die sosialisme. Interessant genoeg is daar niks van jou in jou werke nie (goddank) – ten spyte<sup>111</sup> daarvan dat jy so 'n kampvegter daarvoor is.

Maar elke skrywer is geregtig op sy obsessie. Myne gaan oor die posisie van die enkeling in hierdie wêreld. Ek is net so 'n humanis as jy en Uys, maar ek beskou die reg van die enkeling op sy andersheid, sy "non-conformism", as die belangrikste beginsel in die hele wêreld. Ons leef en sterf nie kollektief nie; ons leef en sterf as enkelinge. Ek kan slegs met deernis kyk na die verdruktes en die ongelukkiges as 'n

---

<sup>111</sup> Hierdie verskyn as een woord: "tenspyte".

groep; hulle opheffing laat ek in die hande van die sosioloë<sup>112</sup> en die politici. Ek stel belang in die enkele geval; nie in die sosiale verskynsel nie. Die kleurling en die Bantoe as 'n groep gaan my as skrywer nie aan nie – ek dra ook te min kennis van hulle. 'n Interessante kleurling en 'n interessante Bantoe sal my aandag trek, maar nie vanwee sy kleur nie. Die kleur sal wel interessant wees omdat dit skynbaar 'n belangrike rol speel en omdat dit hom sal vertroebel as 'n wese met 'n grief. Hierdie besondere grief sal my heel moontlik verveel sodra daardie grief veralgemeen word. Solank dit 'n persoonlike grief bly, is ek geïnteresseerd.

Laat ons volkome eerlik wees, Jan: nóg jy of Uys ken die kleurling. Julle ken individuele kleurlinge as mense, maar julle sal julleself nooit behoorlik kan inleef in hulle denkwyse<sup>113</sup> nie. Vir die eenvoudige rede dat julle nooit vir iemand hoef "baas" te gesê het nie. Julle ken die klonkies met wie julle as kinders gespeel het, en julle sal kan skryf oor klonkies maar nie oor ouer-as-klonkies nie. Om nie te praat van die Bantoe nie. Die enigste twee skrywers wat die ou Bantoe ken is Franz en P.J. Schoeman.<sup>114</sup> Die moderne Bantoe is 'n gedrog omdat hy sy ware aard onder die donderwolke van sy protes verberg. Jy sou oor 'n enkele Bantoe kon skryf as jy saam met hom skokiaan gedrink en 'n meid in Sophiatown genaai het. Selfs dan sou jy dit uiters selfbewus doen en jou storie sal jou selfbewustheid toon.

Dit bring my by die oorspronklike aanklag wat ek teen die donderse Engelse het. Volgens watter standarde beoordeel hulle ons letterkunde? Dit is suiwer politiek. Andersins wag hulle vir die Afrikaanse roman, geskryf deur 'n nasionalis, waar hy 'n "tragedie" vertolk: die Afrikaanse humanis, gewortel in sy apartheidsverlede, wat tevergeefs veg teen sy bevooroordeling. Kak!

Die Bolsjies en die Fasciste het kernwoorde soos vryheid, demokrasie en sosialisme vir ewig<sup>115</sup> vernietig. Die sosialiste het die Oresteian held onaantastbaar

---

<sup>112</sup> Leroux skryf die woord as "sosioloë".

<sup>113</sup> Hierdie woord verskyn oorspronklik as "denkswyse".

<sup>114</sup> Gottfried Heinrich (G.H.) Franz (1896-1956), Afrikaanse skrywer en onderwyser. In sy bundels verhale *Moloisi die wyse* (1942) en *Verhale van Haniswa* (1965) beeld Franz die lewens uit van die swart bevolking. Leroux verwys ook na Pieter Johannes (P.J.) Schoeman (1904-1988), Afrikaanse skrywer en akademikus wat veral oor die inboorling en folklore in sy werke geskryf het. Dit sluit in *Die swerwerjagter* (1933) en *Op ver paaie* (1949).

<sup>115</sup> Leroux skryf dit as "virewig".

gemaak.<sup>116</sup> Pavlov het die dignitas van die enkeling afgetakel.<sup>117</sup> Al wat oorbly is ons miskruiers wat ten minste 'n eie bondeltjie mis ronder as die ander kan maak. Ek sal in "my klein hoekie" aanhou met skree en skree en nie deelneem in een van die optogte nie.

Ek eis ook myself die reg toe om volkome onbeskaamd lafhartig te wees.

Dit stem beide Renée en myself tot weemoed dat ons nie spoedig weer vir Marjorie sal sien nie. Ons verlang baie na haar ook, maar ons is seker dat sy gouer sal terugkom as wat sy dink. Jy moet haar gou gaan haal, Jan. Sy het 'n geweldige persoonlikheid en ons gaan nog eendag 'n goeie Boer van haar maak.<sup>118</sup> Miskien nog groepleidster van Koppies se N.P.-tak.

In alle erns: ons voel baie jammer.

Ons sal weer in die Kaap gesels. Jyself moet saam met Bartho en Kita<sup>119</sup> nogtans by ons kom kuier Jan-Feb. Die kanse dat ons weer in Parys bymekaarkom is gering, maar wie weet.

Gee my liefde aan Marjorie en beste groete aan jouself.

Stephen.

### ***Aan Jan Rabie***

Januarie 1959

---

<sup>116</sup> Hier word verwys na die *Oresteia*, 'n trilogie van Griekse tragedies geskryf deur Aeschulos (525/524-456/455 v.C.).

<sup>117</sup> Ivan Petrovich Pavlov (1849-1936), Russiese fisioloog.

<sup>118</sup> Vroeg in Desember 1957 moes Marjorie na Skotland vlieg om haar sterwende pa by te staan. In Europa begin sy die hoop koester dat sy en Jan hulself weer in Parys kan vestig, maar Jan wou niks daarvan weet nie. Marjorie keer toe eers in November 1958 terug na Kaapstad.

<sup>119</sup> Bartholomeus Jacobus (Bartho) Smit (1924-1986), skrywer en dramaturg wat bekendheid verwerf het met sy stukke *Moeder Hanna* (1955) en *Bacchus in die Boland* (1974). In 1949 tree hy in die huwelik met die toneelspeler Kita Redelinghuys. In 1978 word hy bekroon met die Hertzogprys vir Drama.

Beste Jan,

Renée en my hartelike dank vir alles wat jy en Marjorie vir ons in die Kaap gedoen het: die partytjes, die aangename geselskap, die bekendstelling aan soveel interessante mense en, veral jy, Jan – vir jou mesmeriserende pogings om almal om te haal tot jou besondere nieu-Afrikaanse<sup>120</sup> liberalisme.

Dit is eers nou, vandat ek omring deur my boeke in my ivoortoring sit, dat ek rustig aan alles kan terugdink. Ek word ongelukkig baie gou deur my omgewing oorweldig en keer eers tot my ware self 'n hele tyd daarna terug. 'n Hele reeks vrae wat ek aan jou wou gestel het, argumente wat ek sou aangeknoopt het, rustige gesprekke wat ek wou gevoer het, kom nou eers by my op. Aan die ander kant, weer, is jy besonder glibberig en wonder ek of jy die tikkie van self-twyfel, wat so belangrik vir 'n openhartige gesprek is, sal toelaat om die idille van jou selfoortuiging te verstoor.

Laat ek dadelik erken dat jou boek, jou beskouings, die beskouings van almal om jou, my met angs en vrees vervul.<sup>121</sup> Maar nie vir die redes wat jy alte graag sal wil gee nie: die ontwaking van 'n sluimerende gewete, 'n werklikheidsbesef, 'n vrees vir my verantwoordelikhedsplig. Nee. Ek besef nou eers werklik hoeveel die wêreld verander het, hoeveel aanpassingsvermoeë dit sal vereis om jouself te versoen met die nuwe tydperk wat alreeds ingelei is. Die lewe wat ek ken, sal verdwyn. Vir iemand, soos ekself, wat altyd halstarrig aan die verlede kleef, is dit bykans fataal. Ek kon in die verlede altyd met 'n superieure selfvergenoegdheid die toneel gade slaan. Hierdie keer<sup>122</sup> voel ek tot die diepste van my wese bedreig.

Jy dink in terme van kleur, jou verstote bruin broers, die kleurlose, stugge witman wat sy verkummelde afgod aanbid. Dis slegs 'n halwe waarheid. Ons gode is steriel. Jou "verstote" bruin broers sal die vrugte van die aarde pluk omdat hulle soveel makliker in hierdie nuwe wêreld sal pas. Hulle is mense sonder 'n verlede,

---

<sup>120</sup> Leroux skryf dit as "neo-afrikaanse".

<sup>121</sup> Hier verwys Leroux na sy roman *Ons, die afgod*, wat in 1958 die lig sien.

<sup>122</sup> Dit word as "hierdiekeer" geskryf.

sonder herinnerings – viriel en vervul met die wete dat niks hulle toenemende getalle, en die getalle van al die ander in Afrika en die Ooste, sal keer nie. Daar is geen beskawing wat bedreig word nie; al die beskawings is alreeds besig om tot niet te gaan en plek te maak vir hierdie spoetniektydperk.

Dis werklik 'n "verligte" tydperk: 'n herverdeling van die rykdom van die aarde, 'n gelyke bedeling wat betref die nuwe rykdomme wat die wetenskap sal gee. Maar dit sal harteloos wees, tot dieselfde mate as wat die laboratorium klinies en ongevoelig is. Jy sal alles in terme van die nuwe bedeling kan verduidelik en dit behoorlik versoen met die ou begrippe van reg en verkeerd – om die waarheid te sê, dit sal té maklik wees om te onderskei tussen reg en verkeerd. Die ongelykheid, die sondes, die privileges van die bevorregdes van die verlede, wat die lewe reliëf gegee het, wat heroïese en tragiese helde geskep het, sal plek maak vir 'n algemeen voorspeodige eensaamheid. Jy sal tevergeefs na eilande soek.

Jy ken die S.F.'s beter as ek. Het jy al opgelet hoe steriel daardie stories is? Hoe min liefde daarin voorkom? Hoe die enkeling telkens swig voor die masjien? Hoe materialisties alles geweeg word?

Wat lê ten grondslag van jou besondere kruistog? Ek vind dit moeilik om te begryp omdat ek nog nooit aan 'n kruistog deelgeneem het nie. Uit my jeugjare onthou ek leiers van sektes wat in helderverligte tente met dieselfde fanatiese oortuiging die afgronde gewys het en die weg na die lig verkondig het. Baiekeer het ek self in vervoering geraak, maar ek was toe baie jonk en vatbaar genoeg vir die sinneprikelende ekshortasies. Intussen het ek my jeug verloor.

Het jy die geloof dat ons bruin broers, ons swart broers en ons broers van alle skakerings, die "reuse" wat ontwaak, met deernis en erkentelikheid ons boetvaardige selfmoord sal aanskou? Ons eie massas het al ongevoelige ratjies in die masjien geword; daar is miljoene en miljoene ratjies in 'n groter masjien wat al begin draai en spoedig aan miljoene en miljoene eenvormige patroontjies geboorte sal gee.

Ek moet eerlik sê, ek weet nie of daar enige oplossing is nie. Veral waar die woord "oplossing" hier eintlik verkeerd is. 'n Natuurlike proses is besig om plaas te vind, die vervanging van een soort beskawing deur 'n ander, die oorheersing van getalle. Wie het die reg om die nuwe beskawing te veroordeel? Maar wie het die reg

om jou verlange na 'n bekawing wat verby is[,] te veroordeel? Moenie praat van geregtigheid nie. Daar was nog nooit geregtigheid nie. Praat van kleurvolheid en dinamiek, as jy lus het.

Dis 'n oulike sin daardie van jou: "Ons is 'n jong volkie wat nog skaars geleef het, en dis 'n byna bomenslike ding om te erken dat ons wil om te bestaan iets boos kan wees." Presies. In terme van die nuwe wêreld (vyftig jaar gelede was dit nie so nie). As jy die nuwe wêreld aanvaar, behoort jy jouself seker te skaam.

En nou sal ek vir jou sê, Jan, wat met ons gebeur. Ons gode is tot niet, die ridder lê ontman in die kelderkamer, die kasteel krummel weg en daar is slegs 'n paar uitweë: trek 'n sakkleed aan en stap die vyand sonder wapens tegemoet, verdedig die vesting met bloed, tranen en skaamte, of onttrek jouself en dink met verlange terug aan die glorieryke verlede terwyl jy die genadeslag afwag. By een van die drie pas jy en ek in.

Alles van die beste, groete en wederom.

Stephen.

*Aan Rob Antonissen*<sup>123</sup>

[April 1959]

Geagte Professor Antonissen,

Ek het so pas u bespreking van my boek, *Hilaria*, in *Standpunte* gelees. Dit is 'n aangename verrassing om so 'n kernagtige en suiwer uiteensetting van die tema en die opset te lees. U sal u nogal verbaas as u weet hoe weinig van die kritiek wat ek gekry het blyke toon dat die betrokke kritikus enigsins geweet het (of die moeite

---

<sup>123</sup> Robert Karel Jozef Emiel (Rob) Antonissen (1919-1972), 'n gebore Vlaming en gesiene kritikus en literêre geskiedskrywer van die Afrikaanse letterkunde. In *Standpunte*, XII: 4, April 1959 verskyn 'n stuk deur Antonissen getiteld "Veral oor 'styl' in 'n paar onlangse romans" waarin hy kommentaar lewer op onder andere Leroux se eksperimentele skryfstyl in *Hilaria*.

gedoen het om uit te vind) waарoor die boek gaan. Solank as wat die kritikus weet, soos in u geval, presies wat ek beoog<sup>124</sup> het, waardeer ek 'n bespreking – al is [die] beoordeling nie gunstig nie.

Ek hoop, egter, dat u my sal toelaat om iets onder u aandag te bring, en wel in verband met wat u noem my "eksperimenteer met 'n skryfwyse." Die feit dat dit u hinder, wys dat dit nie heeltemal geslaagd is nie. Ek wil ook nie iets wat verkeerd is probeer regpraat nie, maar ek wil u darem verseker dat my doel allermens was om *bloot eksperimenteel* te skryf. Ek het gevind dat ek die skryfstyl moes aanwend om hierdie tipe roman te skryf. Die religieus-mistieke aard van die gebeurtenisse, die karakters wat op twee vlakke beweeg (as gode en as mense), die patroon van die misteries wat sekere bykans onmoontlike eise gestel het, die toepassing van Jung se opvattingen insake die hele proses van individuasie, het, wat my betref, 'n gewone skryfstyl uitgeskakel. (Ek het dit probeer en dit wou nie werk nie.) Ek moes, by wyse van spreke, die leser 'n bietjie bedwelm om die laaste gebeure so na as moontlik geloofbaar te maak en ietsie van die ellende en die ekstase van die sg. individuasieproses weer te gee. Ek dink dit is moontlik om so 'n hergeboorte te "formuleer". Dit moet gevoel word. Ek moes boonop aan 'n gewone optog 'n amper paganistiese karakter gee. Ek moes op 'n paar vlakke tegelyk skryf. Dit was uiters moeilik en ek het hierdie besondere skryfmetode probeer. Die vermoedende uitwerking was 'n tweesnydende swaard: aan die eenkant 'n hinderlike a-normaliteit, soos u sê, maar, aan die anderkant was daardie vermoedenis [en] ylhoofdigheid miskien nodig om iets tuis te bring.

Vir myself was dit in hierdie opsig leersaam en wel dat die gewone saaklikheid in Afrikaans uiters moeilik is. Jy moet gedurig waak teen 'n platheid en afgesaagdheid wat so maklik opdring – vandaar my poging om hier-en-daar die eise van woord- en sin-sekwensies oorboord te gooи. Soos u self maar te goed weet, bestaan saaklikheid nie slegs uit kort sinnetjies nie.

Ek noem hierdie vir u net om myself darem op één punt te verdedig: en wel dat ek *nie* bloot probeer om "modern" te wees nie. (Alhoewel ek graag 'n bietjie met die romanvorm wil eksperimenteer. Ek voel tog dat ons jong skrywers ietsie moet

---

<sup>124</sup> Leroux skryf dit hier as "be-oog".

probeer; nie ter wille van die eksperiment nie, maar soos al ons ander broers vanaf Battersea tot anderkant by Kerouack in San Francisco,<sup>125</sup> om iets te probeer sê.)

Ek hoop van harte dat u vermoede, soos in u laaste sin uiteengesit, nie waar is nie. As dit waar moet wees, dan lui al die klokke oor hierdie besondere boedel.<sup>126</sup>

Ek verwag dat my volgende roman, *Die Mugu*, omstreeks die helfte van Augustus sal verskyn. In die hoop dat u dit nodig mag vind om eendag ietsie daaroor te skryf, sien ek met 'n bietjie angs maar met die grootste belangstelling daarna uit.

Nogmaals baie dankie vir u baie interessante kritiek oor my boek, en ook vir u vriendelike brief van onlangs.

Die Uwe,

[Brief eindig.]

***Aan Petronella van Heerden***

[Mei / Junie 1959]

Lieve Nan en res van die kolonie,

Na die verloop van soveel maande se swoeg en sweet, kry ek nou eers kans om te skryf. So baie het intussen gebeur, so baie is intussen gedoen, dat dit vir my voel asof 'n hele dekade verloop het.

Die Greshoffs is toe weg na Europa na 'n aandoenlike afskeid. Ten spyte daarvan dat hy 'n individualis gebly en die massa met suspisie bejeen het, is hy tog

---

<sup>125</sup> Hy verwys na die Amerikaanse Beatnik-skrywer Jean-Louis (Jack) Kérrouac (1922-1969) wat bekendheid verwerf het met sy anti-establishment romans *On the Road* (1957) en *Big Sur* (1962).

<sup>126</sup> Antonissen sluit sy bespreking as volg af: "En dan bly nog die vraag – wat nou en dan hardnekkig 'n bevestigende antwoord van my wou afdwing – of veel van hierdie karigheid van woorde, veel van hierdie sintaktiese ongebondenheid, veel van hierdie stuks-en-broks-gewyse paragrawering, veel van hierdie parentetiese "gebruiksaanwysings", miskien nie maar net uit gemaksug voortkom, miskien nie maar blyk van blote onmag is nie? Onmag om wérklik te stileer?"

in sy hart getref deur die populêre waardering van sy betekenis as skrywer met sy sewentigste verjaarsdag. Sy toespraak ten tyde van die afskeid by die ambassade was 'n meesterstuk. Ek verneem van die Nijkerks dat daar ook 'n groot ontvangs vir hom in Holland was. In verskeie letterkundige blaale is ook heelwat oor hom geskryf. Alles was in die haak, 'n wonderlike vakansie sou voorlê sonder enige finansiële bekommernisse – en toe gebeur dit.

Hy het in Parys 'n paar van sy rugwerwels gebreek en sy het haar voortande uit geval toe sy op die teer gegly het. Hulle is nog in die woonstel in Parys en sterk vasberade aan om die res van die vakansie die hoof te bied. Ek is vreeslik jammer want hierdie sou die groot finalé gewees het.

Renée en ses ander moderner skilders van Bloemfontein hou die 20ste van hierdie maand 'n uitstalling in Bloemfontein. Hulle het 'n paar maande gelede 'n groep gevorm en kom gereeld byeen. My vriend, prof. C.A. van Rooy,<sup>127</sup> sal die openingsrede voer.

Gedurende die laaste paar maande het ons 'n hele paar hooggeplaasde gaste gehad wat heelwat van ons tyd en aandag in beslag geneem het. Die Duitse Minister van Landbou en ons eie Eerste Minister.<sup>128</sup> Eintlik was hulle gaste van mamma-hulle, maar die hele familie het maar saamgewerk om die illusie van wellewendheid te bewaar. Tussenin was daar ook 'n toestroming van 'n hele groep ander gaste en geleenthedsbesoekers. Op die oomblik is daar weer stilte en hoop ons om rustig in obskuriteit te verval.

'n Ander hoogtepunt was die verkryging deur pappa van 'n eredoktorsgraad aan die Vrystaatse Universiteit. Ook dit het heelwat aktiwiteit<sup>129</sup> meegebring en is alreeds iets van die verlede.

Intussen stel die boerdery al hoe meer eise en trek die kettings van slawerny al hoe stywer. Hierdie toestand van elke oomblik besig te wees met dinge by wyse van spreke buite jouself, lei noodwendig tot 'n geestelike verstomping. Ek kry nie

<sup>127</sup> Charles August (Sas) van Rooy (1923- ) was Leroux se klasmaat op Grey Kollege, en later hoogleraar in Grieks verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat.

<sup>128</sup> In hierdie tydstip was Hendrik Verwoerd die Eerste Minister van Suid-Afrika. Die Duitse Minister van Landbou was Heinrich Lübke, wat kort na die skryf van hierdie brief President van Wes-Duitsland sou word.

<sup>129</sup> Leroux skryf dit as "aktiviteit".

eens kans om myself jammer te kry nie. Dis onbevredigend want 'n skrywer is op sy beste as hyselv 'n patologiese geval is. Met weemoed dink ek aan die dae toe ek my psige tot die laaste druppel deur selfanalise uitgeput het.

Die boek is klaar en is in die hande van my uitgewers, H.A.U.M. Die naam daarvan is *Die Mugu*. Renée het die buiteblad ontwerp.

Die wêreldtoestand vervul my met angs. By wyse van reaksie is ek in die proses van alle humanistiese oorwegings oorboord te gooi. Ek vind die Europese en Amerikaanse hantering van die opkomende nie-blanke state naïef, masochisties<sup>130</sup> en sentimenteel. Die magtige Westerse beskawing gaan ten gronde omdat hy vertroue in homself verloor, sy mite verlê en sy kleurrykheid verpag het. Die Kaapse groep (al my vriende: Jan Rabie et alia) staar hulle blind teen onmiddellike probleme en neem deel aan 'n massa-beweging. Skrywers behoort profeties te wees en hervorming aan ander oor te laat. (Ek beskou dit nie as profeties om die ooglopende met groot gedonder te voorspel nie.)

Ek het nie die minste belangstelling in die opkoms van die nuwe massas nie. As hulle iets van waarde saamgebring het, sou ek nie omgegee het as ons beskawing dan maar tot niet gaan nie. Die hele affère is goedkoop, sentimenteel, onheroïes en, ergste van alles, vervelig. Die enigste aanspraak op buitengewoonheid is die wyse waarop bloed verspil en die enkeling vernietig word. As selfs chaos<sup>131</sup> en vernietiging alledaags en vervelig word, het ons die laagste punt in ons emosionele lewe bereik. Die gebruiklike toevlug; seks, sinnelikheid en sonde, is dood-gekommersialiseer. Die nucleus van ordentlike, interessante mense raak in 'n buitengewone verhouding te min om die getalle te beheer.

Maar, om tot die besondere terug te keer: Koffiefontein is nou met 'n teerpad aan Bloemfontein verbind. Dit bring mee dat ons gereelder by die bron van kultuur en wysheid kan drink.

Ons verwag 'n onmoontlike winter.

---

<sup>130</sup> Leroux spel dit as "masogisme".

<sup>131</sup> Hier spel Leroux dit as "gaos".

Voor ek afskeid neem: Hoe gaan dit met julle almal? Het julle die besoek van Rykie van R. geniet?<sup>132</sup> Ek onthou haar vaagweg uit my Stellenbosch-dae: op 'n fiets, wind in die hare en 'n vrolike glimlag.

Liefde van Renée en ons almal. Sterkte in hierdie tye van apokaliptiese tekens,  
Stephen.

### ***Aan Petronella van Heerden***

[November 1959]

Net 'n kort briefie as aanduiding dat ons nog hier is.

Ons vertrek vroeg volgende maand na die Kaap vir vakansie. Die gedeelte wat ons aangebou het, is nou voltooi en alles is baie gerieflik. Die rondawels, byvoorbeeld, vorm deel van die huis.

Die boek het toe verskyn en is behoorlik netjies versorg.<sup>133</sup> Die buitebald, wat Renée ontwerp het, lyk hardekwas. Ek skryf vanaand vir my uitgewer om vir jou 'n kopie te stuur. Op die oomblik kan ek nie besluit wat ek wil aanpak nie: 'n play of 'n roman. Binge (hy is nou 'n soort adviseur van die N.T.O.) wil dat ek vir hulle 'n play moet skryf. Miskien waag ek dit, alhoewel ek geen kennis van daardie medium het nie.

Nog iets: hulle het my gevra om volgende jaar 'n akademiese studiegroep op Stellenbosch toe te spreek. Dit het, dus, gebeur!<sup>134</sup> Ten lange laaste erkenning aan die kant van die alma mater. Hulle het glo 'n klompie skrywers genooi en vir elkeen 'n vergadering gereel. Die gedagte van 'n gehoor bestaande uit professore, studente en "eggheads" vervul my met vrees, maar ook met daardie gevoel, wat mens soms

<sup>132</sup> Rykie van der Byl van Reenen (1923-2003), Afrikaanse joernalis en politieke en sosiale kommentator. Sy het onder ander die bekende rubriek *Van Alle Kante* in *Die Burger* behartig.

<sup>133</sup> *Die Mugu*.

<sup>134</sup> Leroux word aan die einde van 1959 deur die Afrikaanse Studiekring, die letterkundige vereniging van die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch, genooi om in 1960 'n lesing op Stellenbosch te hou. Sy lesing was getiteld: "Die mens, en veral die skrywer, op soek na 'n lewende mite".

in 'n kerk kry, om meteens regop te spring en allerhande sothede te skree. Ek gaan vir my 'n swart pak aantrek, 'n silwer das en 'n sy-hemp. Ek gaan my baard pikswart maak en my hare vér agteroor kam sodat die "noble brow" ten volle blootgestel word. Die woorde sal op 'n presiese, afgemete wyse geuiter<sup>135</sup> word, die stem sag-hard en vol allerhande modulasies, die oë gevestig op die verste hoek van die kamer, effens dromerig... (Dis maklik want ek is bysiende.) Af en toe sal ek 'n slukkie water neem, my sakdoek uithaal en 'n paar keer op my lippe druk. Daarna in my linkermou – 'n lige geur van cologne. My bril sal wissel van neus tot hand, met 'n peinsende getik teen die voortande gedurende die proses van verwisseling. 'n Grappie miskien, 'n oomblik van erns, 'n afsydige blik op die toekoms. 'n Geringe buing as die dawerende applous volg – in die rigting van die oulike enetjie in die linkerhoek. Dan die vrae. Die onderskeie meriete van die allegoriiese roman en die voyeur-eksperiment van Grillet?<sup>136</sup> Ek kom stadig orent, steek 'n sigaret aan, leun teen die tafel, blaas 'n rookwolkie na bo, sluit my oë, vinger op die slaap... Dan die antwoord: "Dit hang baie nou saam met prof. Ronsen van Virginia se bevinding dat die naturalistiese, realistiese, allegoriiese aspekte van die roman beoordeel word volgens die relatiewe waardes van periodieke tendense geformuleer deur die kontrapuntskool van Grinaldo. Op voorwaarde natuurlik..." (sweem van 'n glimlag) "...dat die fout van dissimilasie nie op hierdie stadium gemaak word soos in die geval van Cassirer nie."<sup>137</sup> Hoe sou u sê, watter aspek moet aanvaar word voordat 'n meriete-ordeel uitgespreek word?" Op hierdie stadium behoort die vraesteller die stryd gewonne te gee en mompelend sy plek in te neem. Voor ek om verdere vrae vra, nog iets: "Ek is jammer om dit so elementêr te stel. Miskien kan die vraesteller dit beter formuleer...?"

Geen verdere vrae. Verkeer gesellig saam met die gehoor met 'n glasie sjjerrie in die hand. Dis hy, daardie, ons toekomstige wenner van die Nobelprys!

Sien ons julle in die Kaap, Nan?

<sup>135</sup> Leroux skryf dit hier as "ge-uiter".

<sup>136</sup> Alain Robbe-Grillet (1922-2008), Franse skrywer en filmregisseur. Sy bekendste roman heet *The Voyeur* (1955. In Engels vertaal, 1958).

<sup>137</sup> Ernst Cassirer (1874-1945), Duitse filosoof wat gereken word as die vader van die "filosofie van simboliese forms".

Liefde en groete, ook van Renée.

Stephen.

**Aan Barend Toerien<sup>138</sup>**

[Januarie 1960]

Beste Barny,

Ek het jou seer gewaardeerde brief ontvang, en Dankie! Dankie! Dankie! Ek onthou jou nog goed en veral 'n gedig wat jy eenkeer in Stellenbosch die lig laat sien het (in Engels): "People going to Picture Palaces..." (ek kan die presiese woorde nie onthou nie). Ek sal jou digbundel koop sodra dit verskyn. Dis waar, ja, ons het nie huis "goed klaar gekom nie." Dit was geheel en al my skuld aangesien ek gedurende die LLB-fase van my lewe alles met betrekking tot die kunste verfoei het. My skuld, volkome en geheel en al. As ek nou daaraan terugdink, aan al die interessante tipes wat in ons midde was, wat op verskeie gebiede van die "kultuursy" groot sukses gemaak het, dan voel ek baie jammer dat ek die geleentheid verby laat gaan het om op daardie stadium goeie vriendskapsbande te smee. Ek het byvoorbeeld in Parys 'n paar herontmoet en later, namate ek af en toe tussen Clifton se Boheme beland, nog meer.

Ek wens ek het die "guts" gehad om ook 'n "disgruntled emigré" te wees, maar ek is die vader van 'n huisgesin en beheer 'n omvangryke boerdery, wat alles meebring (insluitende die feit dat ek ook ouer word) dat ek amper 'n obsessie-vrees teen ontwerteling ontwikkel het.

---

<sup>138</sup> Barend Jacobus Toerien (1921-2009), Afrikaanse digter. Van sy bekendste werke sluit in *Verliese en aanklagte* (1973) en *Illusies, elegieë, oorveë, transfusies* (1975). Hy en Leroux het die eerste keer op Maties se kampus in 1940 kennis gemaak, maar as studente het die twee nie bevriend geraak nie.

Of Schalk Burger een van die karakters in my eerste boek was?<sup>139</sup> Al is dit nou onder ons, sou dit baie wreed wees om “ja” te sê. Soos jy self<sup>140</sup> maar te goed weet is alle karakters kombinasies van jou vriende en verbeelding. Hy het in elk geval ook vir my “die wêreld van die ‘mind’” oopgemaak. Maar ek twyfel of hy ’n pansy (soos die karakter in my boek) was. Ek het nooit weer van hom gehoor nie en is jammer om te verneem dat sy briewe so “stuffy” klink. Dit vervul my altyd met weemoed as van my vriende hulle finaal aan die maatskappy oorgee. En dit gebeur deesdae nogal dikwels.

Indien jy weer in Suid-Afrika land, soek my op. (Is “soek my op” ’n Anglisisme?) Reg, “besoek my gerus.”

In die “Afrikaanse kultuursin” gesproke is ons almal maar bleddie alleen. Ons is almal hier so ve-e-e-er uit mekaar. Gelukkig is hier ’n paar kêrels wat darem die ou orde onder sy gat skop en nogal tekens van talent toon. Hulle is meesal van rondom ons ouderdom en dit sal interessant wees om na te gaan presies watter faktore in ons vorming gedurende die oorlogsjare daartoe bygedra het. My indruk van die tyd op Stellenbosch was een van ontsettende geestelike doodsheid.

En nou, tot siens, alles van die beste, en nogmaals baie dankie vir jou vriendelike brief. Besoek gerus weer die Greshoffs. Hy is een van die merkwaardigste persone wat ek ken. Jonk in sy hart, vinnig en met ’n regte skrywersuitkyk op die lewe.

Stephen.

### ***Aan Jan Rabie***

9 Februarie 1961

Beste Jan,

---

<sup>139</sup> Hier word verwys na een van Leroux se oud-skoolvriende. In sy biografie van Etienne Leroux (2007: Protea) meen J.C. Kannemeyer dat Burger verlief was op Leroux. Die karakter Johan Marais in *Die Eerste lewe van Colet* is op hom gebaseer.

<sup>140</sup> Leroux skryf dit as een woord: “jyself”.

Ek het alles gereël gehad om môre Oubaas D.F. Malherbe, Gerhard Beukes<sup>141</sup> et alia in Bloemfontein te gaan sien, soos ek vir jou belowe het, toe ek die blye tyding in die koerant lees en ook 'n bevestiging daarvan vanmiddag oor die radio hoor. Die wetsontwerp op publikasies is dus van die baan en mens kan net wonder hoe so 'n vergryping ooit, selfs tot in die fase waarin dit gesterf het, tot stand gekom het. Dit is 'n tipiese verskynsel van ons moderne tyd: een of ander liggaam koester een of ander obsessie'tjie, vertoë<sup>142</sup> word gerig aan die betrokke instansies, uit desperaatheid verwys die instansie dit na 'n kommissie van ondersoek, welke kommissie die klokke hoor lui en die trompette hoor basuin en in vervoering hulle tyd verkwis net soos<sup>143</sup> jy met jou posseëls om dan na 'n jaar se belangrikheid die verleë instansie te belas met 'n lywige rapport, welke rapport deur een of ander burokrat beliggaam word in 'n wetsontwerp, welke wetsontwerp verwys word na 'n spesiale komitee, welke komitee ook 'n natuurlike dood sou gesterf het as die skrywers nie ten lange laaste van hulle laat hoor het nie sodat die betrokke instansie die wetsontwerp, komitee en rapport met 'n gevoel van verligting (daarvan is ek seker) die genadeslag kon gee.

Kowie Marais se sobere artikel in *Standpunte*, dink ek, het heelwat met die beslissing te doen. Hy het die saak helder en duidelik gestel. Aan die ander kant is dit miskien ook moontlik dat een van die skrywers, aan wie jy jou omsendbrief gestuur het, met die nodige instansie gaan gesels het.

Ek is in elk geval bly dat dit nou alles verby is. Ek was baie bevrees dat sekere van die koerante van die geleentheid gebruik sou maak om politieke gewin uit die sakie te probeer behaal. Dit sou fataal gewees het: dan sou die gewone man eenvoudig net vir of teen die regering kant gekies het en sou dit, veral in hierdie tye, 'n kwessie van 'n mosie van vertroue of wantroue geword het. Gresshof het my altyd vertel dat die burgerstand eintlik geen lansie te breek het vir skrywers en kunstenaars nie. Die skrywer-kunstenaar-verskynsel is iets waarvoor mens lag,

---

<sup>141</sup> Gerhardus Johannes Beukes (1913-1998), Afrikaanse dramaturg en akademikus. Sy bundels eenbedrywe sluit in *Kerse teen die wind* (1950) en *Uur van die waarheid* (1969).

<sup>142</sup> Leroux spel dit hier as "vertoeë".

<sup>143</sup> Hierdie word as een woord geskryf: "netsoos".

waarvoor mens jou vererg en wat mens dan eintlik opsy skuif om aandag aan ernstiger dinge te gee soos landbou, ekonomie ensomeer, ensomeer.

Na aanleiding van al hierdie gebeure: is daar 'n soort skrywersorganisasie in S.A.? Ek is persoonlik nie 'n organisasiemens [nie] maar ek het net gewonder of daar 'n ligmaam is, 'n soort binnekring beklee met gesag, wat die belang van skrywers behartig, 'n soort vakbond met 'n soort vergeestelikde Reuther aan die hoof.<sup>144</sup> Miskien is dit hulle wat die instansies gaan spreek het. Miskien het hulle 'n sensuur van hulle eie.

Daar is elk geval genoeg sensuur; die kwaaieste miskien aan die kant van die publiek en die groot uitgewerye. Ek het genoeg ondervinding daarvan gehad in die beginjare.

Intussen hou ek jou rondskrywe as 'n aandenking.

Dis vreeslik droog by ons.

Liefde aan Marjorie en baie groete,

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***<sup>145</sup>

7 Maart 1963

Beste John

Baie dankie vir jou brief wat ek so pas ontvang het. Ons was ongelukkig 'n tydjie weg gewees, met die gevolg dat alle korrespondensie omtrent 'n week na hulle hier geland het eers onder my aandag gekom het.

---

<sup>144</sup> Walter Philip Reuther (1907-1970), Amerikaanse politikus en vakbondleier.

<sup>145</sup> John Christoffel (J.C.) Kannemeyer (1939-2011), Afrikaanse skrywer, akademikus en literêre historikus. Hy is onder andere die skrywer van Etienne Leroux se biografie.

Daardie stuk oor die sensuurwet sal ek dus nie betyds vir julle kan laat kry nie aangesien die besondere uitgawe van julle blad seker al haas moet verskyn. Baie dankie, egter, dat julle my gevra het.

Nou wil ek jou weer iets vra vir 60.<sup>146</sup> Daar word deesdae baie gepraat oor 'n "vernuwing" in die Afrikaanse prosa. Ek merk egter op dat daar ook 'n soort reaksie teen "vernuwing" te bespeur is: Van Wyk Louw praat (volgens *Die Burger*) van 'n navolging van 'n buitelandse modestroming, en dat dit geen vernuwing is nie en dat 'n skrywer eintlik net sy sê sê en dat vernuwing dan moontlik vanself kom. Het jy nie lus om iets hieroor te skryf nie? Maak dit so kontensieus as moontlik sodat ons 'n bakleiery aan die gang kan sit. Kies enige standpunt. Stem saam met Van Wyk Louw en brei verder daarop uit, of sê dis balls aangesien die invloed wat Gertrude Stein bv. op Hemingway gehad het en Hemingway op sy beurt weer op ander skrywers ensomeer, ensomeer.

Nou, insake my volgende roman: ek dink steeds aan die wenke wat jy vir [my] daardie dag in die "pub" gegee het en ek raak al hoe meer entoesiasties. Ek begin alreeds aantekeninge maak en temas<sup>147</sup> en situasies inmekaar en deurmekaar vleg. Die hele geskryf sal seker 'n jaar of drie in beslag neem, met die gevolg dat ons by volgende ontmoetings nog lekker daaroor kan gesels. Indien die boek in daardie vorm 'n sukses is, dra ek dit in 1966 aan jou op.<sup>148</sup> Maar, nog iets: ek wil nie graag getipeer word nie. Kan ek nog 'n fantasieser-soort roman skryf as *Silbersteins* sonder dat gevoel sal word "O, hy skryf net daardie soort goed!" Aan die ander kant, weer, as Faulkner<sup>149</sup> sy wêreld kies en gelukkig daar boer, hoekom nie ek nie? Ek is in elk geval nog nie uitgeskryf oor Welgevonden nie. Die plek verdien darem meer as een roman, nie waar nie?

---

<sup>146</sup> Literêre blad gestig in 1963 onder hoofredaksie van *Tydskrif vir Letterkunde* se redakteur, Abel Coetzee. Op die redaksionele paneel dien Bartho Smith, Etienne Leroux, Jan Rabie, Adam Small, Pieter Venter, Koos Meij, Hennie Aucamp, Abraham H. de Vries en André P. Brink. Die tydskrif, wat as 'n podium moes dien vir jonger skrywers, sien egter net een uitgawe voordat die projek geskrap word aangesien dit heftige reaksie uitgelok het.

<sup>147</sup> Oorspronklik skryf Leroux dit as "tema's".

<sup>148</sup> *Die Derde Oog* verskyn in 1966.

<sup>149</sup> William Cuthbert Faulkner (1897-1962), Amerikaanse skrywer en Nobelpryswenner. Sy bekendste romans sluit in *The Sound and the Fury* (1929) en *As I lay Dying* (1930). Die meerderheid van sy werke speel af in Yoknapatawpha County, 'n streek wat hy baseer het op Lafayette County.

Baie groete, en nogmaals dankie vir die uitnodiging om 'n artikel vir julle te skryf. Jammer net dat die brief té laat gekom het.

Nog iets: jy het die tikmasjien met die mooiste lettervorm, die swartste ink en die heerlikste spasiëring wat ek nog gesien het. En tweedens: die Kriterium-papier is 'n triomf van smaak en wellewendheid.

Groete,

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***

[Maart 1963]

Beste John,

Baie dankie vir jou brief. Die stuk oor "Dood op Welgevonden" (nié "Moord op Welgevonden" nie) vind ek besonder inspirerend. Kan jy vir my Auden se boek laat kry?<sup>150</sup> Laat (wie ook al) dit asseblief op my rekening stuur.

(Die Afrikaanse "Dood op Welgevonden" het natuurlik 'n ander betekenis as "Death in Venice". Ek bedoel dus, nie "Die Dood" nie, maar wel "So en so *is* dood op Welgevonden.")

En, nou, insake 60. Soos jy weet is ons "jongklomp" op die oomblik non sunt.<sup>151</sup> Bartho-hulle wil nou 'n onafhanklike blad stig, en miskien moet jy eers wag totdat ons sekerheid het omtrent die verskyning daarvan. Hulle het in elk geval die naam, 60, geregistreer. Almal geniet die hele affère geweldig – ek bedoel die

---

<sup>150</sup> Leroux verwys hier na die Amerikaanse digter en skrywer Wystan Hugh (W.H.) Auden se artikel "The guilty vicarage: Notes on the detective story, by an addict", opgeneem in S.E. Hyman, red., *The critical performance*, New York, Vintage Books, 1956, pp. 301-314.

<sup>151</sup> "stil / afsydig" (Latyn).

uitskoppery en die verwyte<sup>152</sup>. Ek was onlangs in Pretoria en dit lewe. Die mense begin belang stel – selfs dié wat seker nog nooit iets in Afrikaans gelees het sedert die dae van die ou volksvaders nie.

Ek is jammer dat ek nie daardie stuk teen die sensuurwet vir julle kon skryf nie. Maar dit lyk my asof julle ook die partytjie daar onder geniet. Ek is baie bly dat jy *Die Burger* 'n bietjie geraps het. Daardie naskryf by Opperman se brief was uiters verkleinerend.

Ek het terloops nie Jan-hulle se skrywersoproep geteken nie. Die inhoud is vir my nie heeltemal pluis nie. In elk geval, ons almal het alreeds ons sê gesê, ons het tot in die laaste loopgrawe geveg, en so 'n dokument het [op die] oomblik nie eintlik waarde nie. Dis ook iets wat *Time* sal gryp om te gebruik in hulle smeerveldtog. Ek het so pas met Merwe Scholtz<sup>153</sup> gesels, en hulle het 'n baie oulike plan daarbo om die beheerraad se tande te trek. Ek sal vir jou liewers self vertel sodra ons mekaar weer sien.

Miskien kom ons nie Juniemaan Kaap-toe nie. Renée se uitstalling is uitgestel. Kom gerus by ons aan op pad na, of terug, van die noorde. En bly minstens 'n paar dae.

Beste groete,

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***

---

<sup>152</sup> Met die eerste en enigste verskynning van *60* was daar 'n hewige reaksie onder die ouer garde oor die skrywers wat om bydraes tot die blad genader is. Die tydskrif is gepubliseer met die subtitel *Tydskrif vir Letterkunde* en laasgenoemde se redakteur, Abel Coetzee, het vir Bartho Smit, wat as *60* se redakteur opgetree het, gevra om homself van die redaksie te onttrek. Al die lede van die redaksionele paneel het gevolg en wou hulle eie blad stig, maar hulle kon nie die naam *60* gebruik nie, aangesien dit deur *Tydskrif* geregistreer was. Die gevolg is dat daar in November 1963 'n nuwe tydskrif getiteld *Sestiger* tot stand gekom het.

<sup>153</sup> Hendrik van der Merwe Scholtz (1924-2005), digter, literêre kritikus en akademikus wat in Nederland gebore is en die grootste dele van sy lewe in Suid-Afrika deurbring. Hy was onder andere verbondé aan die Universiteit van Pretoria en in 1963 word hy deeltydse lid van die Publikasieraad.

[April 1963]

Beste John,

Ek het so lanklaas vir jou geskryf dat ek eintlik skuldig voel om met hierdie geleentheid vir jou 'n guns te vra. Sal ek sommer dadelik vra en dan verder gesels?

Dit blyk dat Human & Rousseau 'n herdruk van *Sewe Dae oorweeg*. Volgens kontrak moet die outeur die reg gegun word om veranderings aan te bring na goeddunke. Ek lees orals in die kritiek, wat oor die boek verskyn het (joune inkluis), dat daar 'n paar taalfoute voorkom. Sal jy so gaaf wees om in die kopie van die boek wat ek nou aan jou stuur die besondere taalfoute te merk en die verbeterings langsaan aan te bring en die boek aan my terug te stuur vir verdere oorweging[?] Laat my toe om dadelik te sê dat ek nie graag verander aan wat ek alreeds geskryf het nie tensy die besondere taalfout té dêm vreeslik is. Taalfoute is by my te wyte aan onkunde en nie slordigheid nie. Om daardie rede sal baie van die foute deel van die hele struktuur wees en sal ek nie graag daaraan wil peuter nie. Dus, as jy goedgunstelik inwillig, slegs die paar ooglopendes. Indien jy jou reputasie beskerm wil hê, sal ek dit vir niemand noem dat jy die boek vir taalfoute nagesien het nie.

Nou, vir die res van die brief.

Ek het toe aan Dood op Welgevonden begin. Ek trek nou al v r genoeg en ek weet al genoeg om die roman altans te voltooi. D.w.s., ek is by die eerste struikelblok verby. Die volgende toets is natuurlik daardie knak wat enige roman hier omstreeks in die middel gee: ek hoop dat ek in die volgende twaalf maande wat voorl  veilig daaroorheen sal kom. Op hierdie stadium is alles vloeibaar en enigiets kan gebeur: jy weet, karakters wat weier om in gelid te bly, tema wat 'n ander koers inslaan ensomeer, ensomeer. Maar dit is nou eenmaal die geval met skryf en daar kan niks aan gedoen word nie.

Ek hoop om Desember-Januarie die hele sakie met jou te bespreek aangesien ek nog baie gegewens nodig het. (Trouens[,] ek werk altyd net so hard buite die roman om as ek dit skryf as aan die roman self.) Die tegniek, hantering en immekaarsit van die roman is my eie private ou sakie en daar kan niemand helaas

my tot hulp kom nie; maar wat rigting, meerduidigheid, tema, benadering ensomeer, ensomeer betref: daaroor gesels ek te graag met iemand wat insig het. Trouens[,] die hele idee van die roman is joune: die speurverhaal. Dit sal, soos ons besluit het, nie 'n tragedie wees nie maar 'n tragies-komiese stuk. Salome, helaas, is dood.<sup>154</sup> Ek kan daar ongelukkig niks aan doen nie. 'n Paar van die ou "pals" is nog daar soos byvoorbeeld Dr. Johns, Jock Silberstein, Mrs. Silberstein en 'n paar ander. Dan, natuurlik, nog 'n paar nuwes op die koop toe. Die tyd is agtien jaar later.

Tot groot verdriet van my welmenende vriende, beweeg ek nog steeds verder weg van konvensionele karakteruitbeelding. Die boek sluit aan by die vorige een, maar los nie vrae op wat ek daar gestel het nie. Dit belig miskien sekere ander aspekte van die menswees. Die storie is eenvoudig: 'n moord is gepleeg en die moordenaar moet opgespoor word. Heelwat mense mag miskien die boek onverstaanbaar vind omdat (as ek regkry wat ek in die oog het) die stukkies van die legkaart maar 'n bietjie deurmekaar gekrap is. Alles is egter beplan en ek hoop ek het die tyd, die dissipline en die geduld om dit af te handel. En ook, die Voorsienigheid help my, daardie ietsie ekstra wat dit sal red van banaliteit.

Ek brand om voltyds aan die roman te werk, maar die boerdery hou my vreeslik besig. Ek wens ek kan vir ses maande êrens afgesonderd sit met my tikmasjien, 'n flessie wyn en 'n inskiklike klein Brigitte-tipe om my naweke te kom besoek. Dis al wat ek nodig het. (Plus, natuurlik, al my boeke rondom my.) En met al die geriewe, natuurlik. Ek is nie bestem om my beste te lewer in armoede nie. Dus 'n motor of twee, sagte persiese tapyte, behoorlike beligting, 'n tennisbaan vir oefening, 'n private bioskoop, 'n private strand, 'n huisdokter om my redelik gesond te hou (nie té gesond nie), 'n paar "big houses" in die omtrek waar van die wêreld se interessantste mense kuier (net vir 'n bietjie atmosfeer af en toe), 'n groepie bewonderaars wat my "maestro" noem, 'n paar visserhuisies wat my bokkom, harders en boerebrood gee as ek in die bui daarvoor voel, (en, natuurlik, daardie dogter van twintig met die treurige oë en die verlange en ietsie van die see in haar – die seduksie op die allenige strand; maar sonder dat sy ooit eise van enige aard stel)

---

<sup>154</sup> Leroux verwys na die karakter Salome Silberstein, wat in die periode tussen *Sewe Dae by die Silbersteins* en *Een vir Azazel* sterf nadat sy geboorte aan Adam Kadmon Silberstein geskenk het.

'n elektriese tikmasjien, sterk, mooi papier, hope bediendes met diskresie... Dink jy dit is te veel gevra?

Groete,

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***

25 April 1963

Beste John,

Baie dankie vir:

jou eerste brief waarin jy aangebied het om die *Silbersteins* teen die einde van November reg te sien;

die aanbod self ten spyte van al jou werksaamhede;

jou tweede brief waarin jy my voorspring na aanleiding van my telegram aan Koos<sup>155</sup> in antwoord op een van sy telegramme;

die gees van welwillendheid en kameraderie;

die verdere belofte om mee te werk aan die speurverhaal waarmee ek intussen druk begin het;

en, laastens, die toegif van strand, seks en skoonhede aan 'n eensame skrywer.

Op my beurt raai ek jou vaderlik af om volkome afsondering op te soek, om gesprekke met boere te voer, om jou oor te gee aan ledigheid.

---

<sup>155</sup> Jacobus Johannes (Koos) Human (1931- ), Afrikaanse uitgewer en skrywer wat in 1959 die uitgewery Human & Rousseau saam met Leon Rousseau gestig het. Al Leroux se boeke wat na 1960 geskryf is word deur Human se maatskappy uitgegee en die twee sou deur die jare goeie vriende word.

Jy het seker al verneem dat ons die blad *Sestigers* begin het en jy het moontlik ook al 'n kopie bekom. Dit wemel op die oomblik van tydskriffies in ons sonnige land en dit kan alleen ten goede wees. Al skep ons dan net die skyn, die indruk van woeling en drang op die gebied van die letterkunde is oneindig beter as die doodsheid wat so stigtelik bewaar is deur die gryse gesaghebbendes. Allerhande sothede van die "jongklomp" ('nwoord wat nou 'n nuwe betekenis kry) is natuurlik nie onvermydelik nie; maar uit die sotheid mag allerhande dinge gebore word. In hierdie poging om 'n bietjie lewe in die kadawer te blaas is selfs nydigheid, hoon en 'n vreeslike vyandskap maar deel van die godsasem. As jy dus jou belofte gestand wil doen, skryf vir ons 'n bakleierge artikel vir *Sestiger*. Jy kan enige iemand aanval behalwe vir my. Ek het ongelukkig nie die tyd en bekwaamheid om te antwoord nie; my taal laat my dikwels in die steek en, soos jy weet, moet mens 'n perfekte beheer oor die "jargon" hê om die stiletto op die regte plek te plant.

Aangaande jou verwysing na literêre geskille en kleinlikhede: ek kan my goed voorstel dat mens daarvan wel té veel kan kry, maar as jy self nie betrokke is nie verskaf dit natuurlik aangename skinderstories. Eksell het op die oomblik die stadium bereik waar ek soos die bebaarde beatnik, met 'n glasie in my hand, wil uitroep: "Drop the bomb!" 'n Vlaag van Puritanisme het hom van my meester gemaak: ek gril van afsku as ek 'n koerant lees, ek verdoem alle skoonheidskoninginne, ek betreur die sedes van ons volk. Dit is geensins teenstrydig met my versoek in 'n vorige brief insake 'n verlate strand en 'n allenige meisie nie. Ek glo nou vas in die gees van die Viktoriaanse tydperk: die sekuriteit van vaste waardes en 'n ordelike gemeenskap met die gelyktydige genot van bedekte oortredings en die heerlike sirkelgang van vergifnis, oortreding, vergifnis, oortreding, tot die laaste dag wanneer die blomblaartjie she-loves-me eindig met vergifnis.

En hope geld.

En drawing room conversation.

En elegante kleredrag.

En slegs 'n glimps van 'n wit dy.

En 'n Henry-James-flirtasie met woord en daad in 'n groot manor-huis met 'n ontwykende Salome.

En ingewikkeld verhoudings.

En bloedskande, seduksie en statutêre oortredings van die Lolita-soort.

En stemme wat nooit verhef word nie.

En moord en doodslag op geraffineerde wyse gepleeg.

En Gulbenkians<sup>156</sup> en Zaharoff's<sup>157</sup> met magtige kartelle.

En 'n seiljag.

En 'n kelder.

En konings, prinse en keisers.

En 'n werker wat jou beleefd groet.

En vertrapte swartes.

En literary luncheons met uitgewers en kritici waar die dra van 'n wit strikkie verpligtend is.

En briefhoofde (soos joune).

Beste groete aan jou vrou.

Stephen.

**Aan André Brink<sup>158</sup>**

14 Maart 1964

---

<sup>156</sup> Leroux verwys na Calouste Sarkis Gulbenkian (1869-1955), Armeense sakeman en filantroop wat met sy handeldryf in die oliesektor tussen die Middel-Oosterse en Westerse lande vir homself 'n groot rykdom opgebou het.

<sup>157</sup> Basileios Zacharias Zacharoff, later bekend as Basil Zaharoff (1849-1936), Griekse wapenhandelaar en filantroop wat beskou was as een van die wêreld se rykste mense.

<sup>158</sup> André Philipus Brink (1935-2015), Afrikaanse skrywer, kritikus en akademikus. Saam met Leroux sou hy bekend staan as een van die leidende figure van die Sestiger-beweging. Sy bekendste werke sluit in *Lobola vir die lewe* (1962) en *Kennis van die aand* (1973).

Beste André,

Dis ontsettend onbeleefd van my om nou eers jou brief te beantwoord maar ek kon nie anders nie want ek het nie geweet wat om te antwoord nie.

Man, ek is op die oomblik besig met daardie finale derde gedeelte van my roman.<sup>159</sup> Alles hang so half in die weegskaal of ek dit na wense sal voltooi. Ek werk elke nag tot laat en ek is al bally moeg. Weens boerderyomstandighede kan ek nie in die dag werk nie, met die gevolg dat ek net vanaf tienuur die aand tot eenuur kan skryf. Meimaand begin dit al by ons koud word en my huis is net eenvoudig onleefbaar in die winter. Ek wil dus die roman teen die einde van volgende maand klaar hê, en dit dan oorskryf en “polish” tot die einde van Mei. Soos jy sal begryp, is dit vir my onder hierdie omstandighede werkelik onmoontlik om iets anders te doen: ek het net nie die tyd daarvoor nie. Vanaf Julie, as die roman klaar en weggestuur is, sal ek natuurlik weer kan inspring en julle kêrels help.

Ek dink dit is 'n goeie plan om jou artikel te plaas en dat die ander klomp (Chris, Abraham<sup>160</sup> et alia) te kry om daarop te reageer. Druk dit tog op hulle harte om selfs onder mekaar te verskil as hulle só voel. Wat my betref, lê die gees van sestig (as mens dit so kan noem) juis in die feit dat ons ongebonde is. Soos ek destyds vir Chris geskryf het (of wou geskryf het): elke man is 'n oorlog op homself. In hierdie opsig verskil ons miskien van die oueres: dis nie 'n hiërargie nie en ons het nie 'n hoëpriester<sup>161</sup> nie.

Alle sukses en baie jammer dat ek nie op die oomblik saamtrek nie. Maar ek beloof dat ek na Junie weer sal inspring.

Beste groete in alle haas.

---

<sup>159</sup> Leroux verwys na *Een vir Azazel*.

<sup>160</sup> Christiaan Johan Barnard (1939-2015), Afrikaanse skrywer en dramaturg wat bekend is vir onder andere *Bekende onrus* (1961) en *Mahala* (1971); en Abraham Hermanus de Vries (1937- ) Afrikaanse skrywer en akademikus. Sy bekendste werke sluit die bundels kortverhale *Dubbeldoor* (1963) en *Bliksooldate bloei nie* (1975) in.

<sup>161</sup> Leroux skryf dit hier as “hoëpriester”.

Stephen.

***Aan Dirk Opperman***

14 Maart 1964

Geagte Professor,

Hierdie briefie net om u geluk te wens met die verowering van die CNA-prys<sup>162</sup> en om u, skandelik te laat, hartelik te bedank vir die aangename dag wat Koos<sup>163</sup> en ek by u en mev. Opperman op Franskraal deurgebring het. Dit was eintlik die eerste geleentheid wat ek gehad het om u beter te leer ken. Sommige dae steek in mens [se] herinnerings vas; ander vergeet jy. Die dag op Franskraal is een van die dae wat ek onthou: telkens 'n fragment van 'n gesprek, iets van die see, die beeld van Vlooie die Visser en sy sirkelgang om die baai. Ons het terloops baie laat die nag by die huis gekom aangesien Koos en Merwe Scholtz in 'n argument geraak het aangaande die gewetensplig van 'n lid van die Publikasieraad.

Nogmaals baie geluk en baie dankie.

Stephen Leroux.

***Aan Dirk Opperman***

4 Junie 1964

Beste Dirk,

---

<sup>162</sup> Opperman is met die C.N.A.-toekenning vir *Dolosse* bekroon.

<sup>163</sup> Koos Human.

Baie dankie vir die telefoonoproep die aand toe ek via die radio so dramaties bekroon is.<sup>164</sup>

Renée sê ook baie dankie aangesien sy voel dat sy met reg aanspraak kan maak op daardie besondere bydrae wat vrouens van skrywers volgens legende lewer.

Baie dankie vir die hulp met *Azazel*. Ek hoop dat jy die roman in boekvorm aanneemliker sal vind. Dankie vir die aand by julle huis en die besoek aan Lanzerac. (Daardie meidjie, terloops, was *nie* stom nie.)

Ek sien Abel Coetzee wil hê dat die dorpe en stede eensame skrywers moet aanneem<sup>165</sup> en met verskillende kultuurfunksies (koek, tert en toesprake) hulle eensaamheid verdryf. Is u daarvoor te vinde?

Ek het oornag in Koffiefontein en omgewing tot my ontsteltenis bekend geword as DIE SKRYWER. Ek was byvoorbeeld vanmôre op 'n beesvendusie in Perdeberg (daar waar die Engelse Cronje vasgekeer het).<sup>166</sup> 'n Boer het skaars sy skape van 'n vrugmotor afgelaai toe hy my sien en vir 'n ander boer skreeu "Maar dis mos Etienne Leroux, DIE SKRYWER!" Die afslaer van Rodericks het my geluk gewens<sup>167</sup> en vertroulik aan my meegedeel dat hy heelwat staaltjies tot my besikking het indien ek hulle wil gebruik vir my BOEKE. Ons plaaslike winkelier wil hê dat ek sy winkel in een van my volgende romans moet beskryf. My krediet by die bank is op die oomblik uitstekend. Die mense groet net links en regs. Ek sê vir hulle dat dit eintlik 'n eer vir Koffiefontein is en ek het heelwat sukses daarmee. Te danke aan *Die Volksblad* se rare koerantskrywers leef daar op die oomblik in die gemoedere van die Suid-Wes-Vrystaters iemand wat BOER en SKRYWER is; iemand wat bedags op die lande werk en snags skryf; iemand wat op "jeugdige" leeftyd die hoogste sport bereik het. Daar is tale wat iets verdags in die hele toekennings sien, wat in my die tekens van die tyd gewaar: die triomferende pornograaf. Daar is iets heerliks vaag omtrent die affère – die R2000, die berigte in

---

<sup>164</sup> Die Hertzogprys vir *Sewe dae by die Silbersteins*.

<sup>165</sup> Hierdie woord verskyn oorspronklik as "anneem".

<sup>166</sup> Pieter Arnoldus Cronjé (1836-1911), generaal van die weermag van die Suid-Afrikaanse Republiek tydens albei Anglo-Boereoorloë. Op 27 Februarie 1900 word Cronjé en sy bemanning van meer as 4 000 soldate op Perdeberg verslaan deur die Engelse magte en word hy en sy vrou – wat saam met hom op kommando was – in aanhouding geplaas tot aan die ende van die oorlog in 1902.

<sup>167</sup> Leroux skryf dit as een woord: "gelukgewens".

die koerante, die geheimsinnige tikmasjien; jy word 'n soort tycoon van die gees; jy "bereik" iets; dis die vrug op jou arbeid. En ek weet nie van 'n enkele een wat nog my boek gelees het nie. Trouens, daar is weinig wat verder as die eerste paar bladsye sal kom. Maar dit skep 'n newelagtige atmosfeer van sukses en tot die volgende vendusie, wanneer belangriker dinge op die voorgrond sal kom, is ek so beroemd as wat Van Wyk, die moordenaar-van-vier, berug was (sy broer was onderwyser op Koffiefontein).

Vanaf my dorp op Olympus, groet ek jou dus en sê nogmaals baie dankie vir alles.

Stephen.

***Aan Ernst van Heerden***<sup>168</sup>

4 Junie 1964

Beste Ernst,

Baie dankie vir jou brief en die uitknipsel. Ek hoop om eendag die selfvertroue te hê wat mens in staat stel om besprekings van jou werk te ignoreer. Op die oomblik is ek gefassineerd<sup>169</sup> deur die werking van die kritiese brein. Sien, ek het nie eintlik 'n groot leserspubliek nie. Daarbenewens is ek ook geboei deur die gedurige dobbelspel waarin hierdie of daardie een jou afmaak of ophemel. Ek vind beide groepe se opgaaf van redes ewe begryplik. Deesdae, voordat ek iets lees, handel ek eers 'n paar besweringsformules af (soveel suiker in die tee, lees dit altyd by daardie presiese tafeltjie in die kafee ensomeer, ensomeer).

Ek is bly om te lees dat jy jou omswerwings voortsit. As dit nie was dat ek getroud is en 'n hele familie en boerdery het wat my teenwoordigheid

---

<sup>168</sup> Ernst van Heerden (1916-1997), Afrikaanse digter, prosaskrywer en kritikus wat veral bekend is vir sy digbundels *Koraal van die dood* (1956) en *Tyd van verhuising* (1975). In die vroeë jare sestig onderneem Van Heerden reise deur Noord- en Suid-Amerika.

<sup>169</sup> Leroux spel dit hier as "gefassineerd".

welvoeglikheidshalwe vereis nie, sou ek graag een van jou reise wou meemaak. Ek kan my niks aangenamer voorstel nie as 'n botteltjie of twee saam met 'n goeie skrywer êrens op die campus van 'n universiteit[,] sê maar in die omgewing van Boston. Goeie wyn, aangename geselskap en onsigbaar in 'n vreemde wêreld. Of miskien saam met 'n tweederangse bulvegter op 'n partytjie in Madrid nadat hy sy laaste oor gekry het. Of 'n piekniek langs een van die Switserse mere in die geselskap van 'n psigiater uit die plaaslike sanatorium. Of 'n ete by daardie snaakse plekkie saam met Elsa Maxwell en Cole Porter.<sup>170</sup> Of 'n liefdesverhouding vir drie dae met 'n meisie wat ek op die Spaanse Trappe ontmoet het. Of afsondering in 'n klooster saam met 'n ab wat die sleutel van die kelder het. Of die gas van 'n lerse landheer in sy kasteel – al moet ek koud slaap in die nag en spek en eiers in dieoggend eet. Sal Cooks, dink jy, so iets vir my kan reël?

Baie dankie vir die tweede keer. Ek waardeer jou belangstelling.

Vriendelike groete,

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***

[Junie 1964]

Beste John,

Baie dankie vir die telegram. Aangesien ek die prys gekry het, verstaan ek seker die *Silbersteins*.

Alles gaan 'n bietjie dol en almal voel bekroon. Op hierdie stadium het die "lollipops" van die tydskrifte en koerante oorgeneem en hulle skryf net te skattig. Ek

---

<sup>170</sup> Elsa Maxwell (1881-1963), Amerikaanse skrywer en sosiale vlinder wat bekend was vir haar partytjies wat sy vir bekende mense gehou het; en Cole Albert Porter (1891-1964), Amerikaanse komponis en liedjieskrywer wat bekendheid verwerf het vir sy musiekblyspele *Gay Divorce* (1932) en *Kiss Me, Kate* (1948).

leef in die vrees dat my vriende moeg sal begin raak vir al die publisiteit en met my begin skoor soek.<sup>171</sup>

Ek het my eerste brief van 'n kranksinnige gekry. Hy wil hê dat ek 'n boek oor hom moet skryf. Jy weet mos dat ek "crackpots" trek soos 'n vliegpapier vlieë.

Nogmaals baie dankie, julle twee.

Die Kroon.

***Aan Petronella van Heerden***

[Middel 1964]

Beste Nan,

Baie dankie vir jou telegram.

Na 'n week se beroemdheid het ek egter berug geword.

Jy moet hoor hoe stry die boere in Raymond se "pub" oor letterkunde. My grootste kampvegter is Louw van Louw se Kafee. Hy het nou wel nog nie die boek gelees nie, maar hy beduie vir almal dat hy ook sy opinie het. "En dis nie omdat ek 'n vriend van Stephen... Mr. Leroux... is nie[.]" Hy wys na sy kop. "Miskien verstaan ek nie alles wat in die boek staan nie, maar..." (en hy wys na die ander) "wie van julle verstaan al daardie dieper dinge?" Hy verkoop 'n pakkie Lexington aan Swart Piet Jacobs wat die boek gekoop en die eerste twee bladsye gelees het. "En ek sê vir julle, as julle vuilheid soek, sal julle dit in die boek kry. En as julle vuilheid soek[,] sal julle dit kry in die slette van Koffiefontein." (Hy wys na 'n meisie wat oor die markplein stap.) "Vuilheid is waar julle dit soek. Stephen sê dinge soos hy dit sien... in sy boek."

---

<sup>171</sup> Leroux skryf hier "skoorsoek".

Mnr. Louw is baie na aan my hart omdat hy *glo* dat ek oor “vuil” dinge skryf en die reg het om vuil te skryf.

Ek sal graag eendag mnr. Louw wil hê om vir my voorspraak te doen.

Hopende om julle darem weer te sien voordat mnr. Louw daardie voorspraak moet doen, met dank en agting, daterende terug na die dae toe ek in die eensaamheid van my studeerkamer allenig pornografie geskryf het, bly ek steeds verdwaasd, julle vriend,

Stephen.

***Aan André Brink***

21 Augustus 1964

Beste André,

Baie dankie vir jou brief. Ek was 'n week of wat weg gewees en het so pas nadat ek teruggekeer het verneem van die A.P.B.-moles. Maar voordat ons daaroor gesels: baie dankie vir alles wat jy oor *Azazel* geskryf het. Soos jy weet ly elke skrywer aan die vrees dat hy nie meer kan skryf nie. Dis vir mens aangenaam om te hoor dat jou laaste boek aanvaar word (*Antonissen ten spyte*).

André, ek het jou versoek (asook die versoek in die tweede brief) versigtig oorweeg. Ek hoop jy neem my dit nie kwalik nie, maar ek dink dat jy tog weer die voorgenome veldtog in heroorweging moet neem. Jy is bekend as een van ons brilliantste romanskrywers. Die feit dat A.P.B. die boek onttrek het kan geensins skade aan jou reputasie doen nie.<sup>172</sup> Trouens, 'n ander uitgewer sal maar te graag jou boek wil hê en die feit dat A.P.B. vir [n] geheimsinnige rede dit onttrek het kan

---

<sup>172</sup> Leroux verwys heel moontlik hier na *Orgie*, wat gebaseer is op die liefdesdriehoek tussen Brink, Ingrid Jonker en Jack Cope. Die boek verskyn in 1965 by John Malherbe Edms Bpk.

slegs verdere publisiteit aan jou besorg. Ek voel, egter, dat die onttrekking van jou boek [onduidelike woord ingelas] 'n moontlike verbreking is van 'n kontrak. Dis uiteraard 'n verbintenis tussen 'n skrywer en 'n uitgewer wat in die gedrang is. Om op hierdie stadium, op hoorsê en sonder enige gegewens[,] 'n protes van skrywerskant uit te lok, kan alleen jou saak benadeel. Jou boek moet eers verskyn en dan kan ons almal inklim en vra: hoekom het die betrokke uitgewery die boek onttrek? Hulle kan ons aan flarde trek as ons beswaar maak teen die blote weiering van 'n uitgewer om 'n skrywer se boek te publiseer. Ek gaan van die veronderstelling uit dat die uitgewery daarop geregtig was om die boek te onttrek; andersins het jy natuurlik 'n saak teen hulle. In die laaste geval is die hele affère sub judice en behoort ons niks te sê nie. Veronderstel, egter, dat hulle wel die reg het om die boek te onttrek, in daardie geval kom ons voor die onmoontlike posisie te staan dat dit enige maatskappy in 'n demokratiese land vry staan om na willekeur self te besluit oor sy kontraktuele verpligtings binne die reëls van die kontrakreg. Begryp jy wat ek bedoel? Ek voel dat ons nie 'n saak het nie. Indien die maatskappy nie 'n kontrak verbreek het nie, durf ons nie 'n protes aan die gang sit nie want ons het geen gegewens om op te steun nie behalwe vermoedens: dat hulle bang is, dat daar pressiegroepe is wat hulle dwing, ensomeer, ensomeer.

Ek voel egter baie sterk oor die saak, maar ek voel ook dat ons baie versigtig moet optree. Om 'n agitasie op tou te sit vir skrywers om hulle boeke nie aan die betrokke uitgewery voor te lê nie, kan baie maklik lei tot 'n siviele saak teen al die skrywers wat aan so 'n protes deelneem – veral aangesien dit nog nie 'n uitgemaakte saak is dat daar wel kontrabreuk gepleeg is nie. Ek dink ook aan jou eie reputasie as skrywer, André. Ons kan jou miskien meer kwaad as goed doen.

Ek dink, egter, dat die maatskappy in hierdie geval alreeds homself in 'n moeilike posisie geplaas het. Ek is seker daarvan dat die Sestigers deur hierdie onttrekking geraak word. Ek sal jou byvoorbeeld my eie geval noem. Bartho het my gevra vir 'n kort roman wat ek jare gelede geskryf het en wat ek van plan was om aan A.P.B. te gee.<sup>173</sup> Ek wou eersdaags daaraan begin werk en dit af te rond vir publikasie. Ek het, egter, nou besluit om die roman nie meer te stuur nie en ek sal vir

---

<sup>173</sup> Leroux kan hier verwys na enigeen van sy twee ongepubliseerde novelles *Die wrak of Ter verdediging van Michelle*.

Bartho daarvan laat weet. Ek het die volste reg om dit te doen omdat, na aanleiding van jou ondervinding, daar twyfel by my ontstaan of die betrokke uitgewers op literêre gronde alleenoordeel in verband met 'n werk. Jy is een van ons heel beste skrywers en 'n weiering van een van jou werke kan alleen beteken dat daar ander oorwegings op die spel gekom het. Ek is seker dat dit dieselfde uitwerking op die ander Sestigers sal hê. Ek dink, dus, dat dit onnodig vir jou sal wees om 'n veldtog aan die gang te sit: die twyfel is alreeds gesaai en die enigste een wat sal ly sal die uitgewers self wees. Ek weet daar is baie ander uitgewers wat enige iets sal gee om jou werke te publiseer.

Ek skryf hierdie in alle erns, André, en ek sal graag wil hoor hoe jy hierop reageer. Ek wil ook nie hê dat jy verbitterd oor die saak moet voel nie. Ons het jou talent té veel nodig in hierdie ou land van ons. As jou boek eers gepubliseer is, en hulle rek hulle nekke op "morele" gronde, dan sal ons hulle blaas.

Groete,

Stephen.

***Aan Jan Rabie***

19 September 1964

Beste Jan,

Baie dankie vir jou brief.

Ek dink jy moet daardie rondskrywe uitlos. It serves no purpose.

Bartho het vir my so half en half laat deurskemer dat hulle (die vyande) tou opgegooi het. Bartho sit nou in Europa en ons sal hom seker Desember sien wanneer ons dan volle besonderhede kan kry. Ek sien ook hopelik vir André die begin van volgende maand wanneer ons Engelse vertalings op tipiese kapitalistiese wyse ter wyn gelaat sal word gedurende 'n belaglike dinee.

Kry ek 'n kopie van jou boek?<sup>174</sup>

Liefde vir M.

Stephen.

***Aan John Kannemeyer***

[September 1964]

Beste John,

Moenie jou ontstel, as die een aan wie *Azazel*/ opgedra is, oor WEG Louw se G.O.M.-se-wegklap-van-die-vrypostige muggie nie. Ek verneem dat T.T. Cloete, Elize Botha, Van Rensburg, Kromhout, André en ander anders dink.<sup>175</sup>

Ek noem dit maar net omdat ek vir jou onthalwe bang is dat jy skaam sal voel. Die boek is nie só bleddie sleg nie.

Hou moed!

Stephen.

***Aan André Brink***

---

<sup>174</sup> Leroux verwys heel moontlik hier na *Die groot anders-maat*, wat in 1964 die lig sien en handel oor die verbrokkeling van die Khoi-Khoi met sy tradisies deur die invloed van die blanke beskawing.

<sup>175</sup> Theunis Theodorus (T.T.) Cloete (1924-2015), Afrikaanse digter, kritikus en akademikus. Sy bekendste werke sluit in *Angelliera* (1980) en *Uit die hoek van my oog* (1998); Elize Botha (gebore Elizabeth Lindes), wat in 1930 gebore is en in 2007 sterf, was 'n Suid-Afrikaanse akademikus en kritikus. Sy was onder andere die voorste van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch; François Izak Janse (F.I.J.) van Rensburg (1922-2014), Afrikaanse akademikus en literêre kritikus; Jan Kromhout (1917-2003), Afrikaanse skrywer en kritikus; en André P. Brink.

21 November 1964

Beste André,

Baie dankie vir jou brief.

Ons sal ongeveer die 12de in die Kaap wees (ons bly daar tot die 15de Januarie). Jy is baie welkom om ons op die plaas te besoek op jou pad na die Noorde. Ons sien jou stellig in die Kaap. Wat is Ingrid se adres?<sup>176</sup>

Nee, ek het ook nog niks behalwe daardie stukkie oppervlakkigheid in die *Sunday Times* gesien nie. Stein<sup>177</sup> beweer dat daar wel resensies in die Engelse<sup>178</sup> blaaie was, maar ek wonder.

Daardie sewe sluiers van die Silberstein-meisie word glo deur Opperman in sy klasse behandel.<sup>179</sup> So hoor ek van een van sy studente. Ek het ook die sewe planetêre magte wat in Javeh verenig is in gedagte gehad. Mens kan lekker rondspeel.

Ek werk nog hard aan die Tycoon<sup>180</sup>, maar dit gaan moeilik om 'n Tycoon te bekom vir nadere studie.

Met Renée gaan dit goed en dit lyk asof die operasie aan haar arm 'n sukses was.

Groete,

Stephen.

---

<sup>176</sup> Ingrid Jonker (1939-1965), Afrikaanse digter wat bekend is vir haar bundels *Ontvlugting* (1956) en *Rook en oker* (1963).

<sup>177</sup> Philip Stein, die bestuurder van 'n Johannesburgse boekwinkel wat 'n leidende rol daarin gespeel het om die Central News Agency (CNA) te oorreed om 'n letterkundige prys in te stel.

<sup>178</sup> Leroux skryf die woord met 'n kleinletter 'e'.

<sup>179</sup> Opperman is in hierdie stadium hoogleraar in die Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

<sup>180</sup> Die roman wat later bekend sou staan as *Die Derde Oog*.

***Aan Dirk Opperman***

[Februarie 1965]

Beste Dirk,

Baie dankie vir jou telegram. Op daardie stadium het ek nog nie van die prys geweet nie[,] met die gevolg dat die posmeester en ek 'n genoeglike halfuurtjie deurgebring het om die kriptogram te ontsyfer.

My eerste gedagte was dat die telegram eintlik vir André Brink bedoel was.

Jy was amper 'n aanteelbul ryker maar ek het betyds besef dat dit nie meer vandag mode is vir professore om te boer nie.

Heelwat later het die posmeestertjie gesê: "Het meneer nie dalk nog 'n prys gewen nie?" En toe val die hele CNA-affère my by.

Nogmaals baie dankie vir jou vriendelike belangstelling en groete van huis tot huis.

Stephen.

***Aan André Brink***

28 Junie 1965

Beste André,

Het jy destyds my telegram gekry dat 'n besoek van jou baie welkom sou wees? Dit is moontlik dat die telegram miskien by jou aangekom het nadat jy alreeds vertrek het.

Ek is ook baie jammer dat ek nie jou briewe beantwoord het nie. Ek is bevrees dat ek ook aan ander goeie vriende aanstoot gegee het weens my

onverskoonbare gebrek aan welvoeglikheid. Die redes is intens persoonlik en dra, om daardie rede, helaas geen gewig nie: ek sukkel aan 'n roman wat nie vorm wil kry nie, ek het my selfvertroue verloor en ek verkeer in 'n uiters depressiewe stadium van die manies-depressiewe uiterstes.

Indien jy daardie lesing oor die radio in verband met vernuwing wil gebruik, kan jy dit doen. Ek het ongelukkig geen kopie nie, maar ek veronderstel dat die uitsaaimense daaroor beskik. Dis, natuurlik, slegs as jy 'n oop ruimte het wat jy nie kan vul nie. Ek beskou die stuk as R30 se waarde "padding".

Ek hoop ek sien jou spoedig weer.

Groete,

Stephen.

***Aan Ingrid Winterbach<sup>181</sup>***

[September 1966]

Beste Mej W.

Hemel maar jy het 'n klein voet. Is jy 'n dwerg, 'n akkertjie grond met 'n druppel water of het jy nie die voet afgetrace nie? Is jy 'n groep meisies eerste of tweede jaar aan Wits besig om sestigers van die draad te skiet of is jy mans besig om Jezus "gedistingeerde persone" klein te kerf? Of is jy 'n verkikkende onafrikaanse produk van 'n Switserse finishing school, 'n Regina Outre-Mer?<sup>182</sup> 18-jaar by ons toon nie hierdie polished wysheid en beskaafde spel met die bose nie.

---

<sup>181</sup> Hierdie is Leroux se eerste brief aan Ingrid Winterbach (1948- ) wat deel uitmaak van die korrespondensie wat as boustof vir die roman *18-44* gedien het.

<sup>182</sup> Regina Outre-Mer is 'n karakter wat figureer in *The Finishing Touch* deur Brigid Brophy. Hierdie boek, wat in 1963 die lig sien, handel oor twee vrouens wat 'n skool in Frankryk bestuur wat jong meisies leer hoe om dames te word.

Toekenningsverlewing vir die geskryf van die eerste Afrikaanse roman wat uitgegee is in 1916. Die roman was genoem *The Aleph*. Leroux was gebore in 1868 en stierf in 1927. Hy was 'n bekende skrywer van romans en krimis. Hy was ook 'n bekende skrywer van romans en krimis.

Toe ek 18 was het ek nie die verbeelding gehad om vir "gedisingeerde skrywers"<sup>183</sup> te skryf uit pure vervaardigheid nie. Ek wens ek het, maar hulle was destyds sulke cloots en sulke grand old men en die vroueskrywers was só dêm lelik. Christine, Stephanie, Shelagh-wat-geluidloos-gil Lidia en al die dogters van baronne en Afrikaanse / Frans / Engels kruising. (Ek luister nou na Lara; ek het die film nie gesien nie maar ek dink aan sneeu en Karamazov en iemand sê Christus is weer gebore en daar is 'n Bisantynse kerk in die sneeu).<sup>184</sup> Waar was ek? Christine, Stephanie, Shelagh is nie werklike mense nie, hulle is ook nie 'n groeps poging nie. Miskien is jy werklik iemand belas met goddelike verbeelding en verdoem om een dag in eensaamheid deur die woord jouself te besmet en jou man ongelukkig te maak en met sterre in jou oë die Aleph na te jaag.<sup>185</sup> Ek kan nie redelik opwindende brieven skryf nie. Ek hou nie daarvan om brieven te skryf nie maar wie jy / julle ook al mag wees, daar is iets in hierdie brief van Keithlaan 14 (bromponies, fietse, Springbokradio?) wat my stimuleer. Dis een van die oulikste en slimste wat ek nog gekry het en miskien deel ons nog die Nobelprys oor vyftien jaar. Stel jou voor in 'n groot hotel in Swede met blomme in die kamer en vrugte en medaljes van die koning en 'n glimlag van die koningin en 'n Siamese aanvaarding van die hoogste toekenning terwyl die hele Republiek onder leiding van Rykie van Reenen lustig ween: die gryse wysheid van die vlaktes en die middeljarige savant van Florida-Noord.

Toe ek 18 jaar was het ek op Stellenbosch 'n meisie ontmoet en haar naam was Renata de Montana en sy kon FRANS praat en haar pa was heel moontlik 'n wolkkoper van P.E. en ek het min geld gehad maar wel 'n Packard fez red Convertible en ons het in die Rotunda gaan dans. Dis nie waar nie. Dit was my oom se Packard en sy was 'n cloot. Stel jou die Packard voor en die after shave lotion en die Witzenberger só gewaagd en die seebamboes en die fosfor op die branders en die goddêm ligte op die baai (klink dit na *Catcher in the Rye*?). En die goddêm cloot breek my hart met haar banale verstand omdat sy so mooi was. Maar ek het nooit daaraan

<sup>183</sup> Daar word vermoed dat Leroux hierdie deel uit 'n brief van Winterbach aanhaal, en dus word die spelfout in "gedisingeerde" nie reggestel nie.

<sup>184</sup> Leroux verwys na die film *Doctor Zhivago* (1965), onder regie van David Lean en gebaseer op die bekende werk deur Boris Pasternak.

<sup>185</sup> Volgens die kortverhaal *The Aleph* (1945) deur die Argentynse skrywer Jorge Luis Borges is die Aleph 'n punt in die ruimte wat alles met mekaar verbind. Indien iemand daardie punt kan bereik, sal hy of sy alles in die heelal van alle kante kan raaksien.

gedink om vir iemand te skryf toe ek verveeld was nie en daar was so baie. As mens nou werklik daaraan dink, daar was byvoorbeeld Evelyn Waugh en Robert Graves en Greta Garbo en Cyril Connolly en Virginia Woolf voordat sy haar in die rivier verdrink het.<sup>186</sup> Stel jou voor haar briewe in die mandarin-styl. Ek was laas week van alle plekke in P.E. om 'n wolveiling by te woon en die aand het ek en vriende na Gino's – daardie Italiaanse plek – ge gaan waar Gino as hy van jou hou, jou tot stilte dwing met Otchicherina (?) en shot-André en in ons geselskap vlak langs my was my maat vir die aand, M. Drie baie jare ouer as wat jy op die oomblik is en sy het die eienaardigste gwoonte gehad: sy huil. Ken jy daardie tafelhoeke in die Italiaanse kafees? Daar is groen en rooi en pers blokkies en dan die drie kleure inmekaargeweef op pad na mekaar. Ek vertel toe vir haar (slim, slim, slim) dat elke gebeurtenis in mens se lewe bepaal is tot 'n blokkie kleur en dat die oorgang die vaalheid van die mengsel op pad na die volgende blokkie die lot is van ons almal, toe huil sy. En ek dink nou dat jy / julle miskien soos sy lyk want hulle vertel my dat sy baie belese is en sy is mooi en baie sensitief (en ek bedoel mooi in alle opsigte) en sy het 'n bleekwit vel en sy is 'n ler en sy gaan na die confessional die volgende môre, met 'n doos sjokolade van die vorige aand sonder dat iets gebeur het, met net die sadness in haar hart om aan die priester haar verveeldheid te vertel. [Op die blad is 'n vlek met die byskrif: "muskiet (dood)"]

Ons – dis ek en al my persona's – dink dat jou brief baie goed is en ek gaan dit op een of ander stadium in een of ander novel gebruik. Skrywers is gewetenloos en gebruik alles, alles, alles. Ek is bly dat jy Afrikaans en hulle Engels redelike Maria's is, maar dit amuseer my dat die Maria-toestand betreklik is en dat die annunsiasie aan 'n vergadering gedoen word. Ek is tussen romans op die oomblik; ek wag vir my volgende roman om volgende maand uit te kom. Daarom skryf ek op die oomblik vir jou / julle en ja ek het. Die bladsy moet gevul word en 'n sadness kom oor my. Jy het jou oupa skandelik verraai, maar dit was ontsettend snaaks en dit getuig nogmaals jou vermoë van skryf want dit is een van beste skrywers-tricks wat ek ken en jy het dit presies reg en onverwags gebruik. Ek luister na musiek terwyl ek skryf en my

<sup>186</sup> Arthur Evelyn St. John Waugh, beter bekend as Evelyn Waugh (1903-1966). Britse skrywer wat veral bekend was vir sy boeke *A Handful of Dust* (1934) en *Brideshead Revisited* (1945). Robert von Ranke Graves (1895-1985), Engelse digter wat se werke *I, Claudius* (1934) en *The White Goddess* (1948) insluit. Greta Garbo (1905-1990), Sweedse aktrise wat bekendheid verwef het met rolle in films soos *The Painted Veil* (1934) en *Camille* (1936). Cyril Vernon Connolly (1903-1974), Britse kritikus en skrywer. Sy werke sluit in *Enemies of Promise* (1938) en *The Missing Diplomats* (1952).

bandopnemer is die hele tyd aan die gang via versterkers en goddelike luidsprekers. Dit word laterig en die sadness van twee reëls gelede kom soos 'n wolk oor my. Lees terloops *Herinnering se Wei* wat so pas verskyn het – daar is 'n jeugmoment in van my plus foto toe ek 'n tiener was en dis miskien daarom dat ek so sad voel.<sup>187</sup> Ek kon die boek vir jou gestuur het, maar hulle het net twee vir my gestuur en een is vir myself en een om rondgeleen te word. Ek hoop nie die boek is té duur nie. Dit het vandag verskyn en jy kan miskien een in die biblioteek kry, anders kan jy dit koop.

Totsiens, Regina Outre-Mer.

Beste Pennemaatjie,

Baie dankie vir jou brief. Die adres en van was reg; die voorletters verkeerd. Verskeie genate het jou brief oopgemaak, onbegrypend bekyk en aan my besorg. My skrywersnaam is die sleutel.

Hoogagtend,

Die Uwe.

### ***Aan Ingrid Winterbach***

[September / Oktober 1966]

Best Mej I [Leroux teken die "I" in die vorm van 'n meisie wat 'n stralekrans dra.]

Jy is my doppelganger, jy skryf soos ek toe ek 18 was (net beter), daar lê vir jou 'n lewe van baie "p.s. ek is ongelukkig" voor, maar hemel! in daardie huis is daar baie kamers met stylmeubels, folterrakke en die romanse van tydperke waarvan die "overall respectable ouens" nog nooit gehoor en gedroom het nie. (Ek moet in godsnaam net nie prekerig klink nie; ek moet aan jou dink as Francoise Sagan<sup>188</sup> in die uniform van 'n Voortrekkerdogter en hoe doen mens dit?) Vóór ek eintlik begin

<sup>187</sup> *Herinnering se wei* verskyn in 1966 en Leroux se stuk "Jeugmomente" verskyn daarin. Dié bundel bevat bydraes van verskeie Afrikaanse skrywers wat oor hulle jeug uitwei.

<sup>188</sup> Françoise Quoirez (oftewel Françoise Sagan), Franse skrywer (1935-2004). Sy was bekend vir haar liefdesverhale soos *Bonjour Tristesse* (In Engels vertaal as *Hello Sadness*), wat in 1954 verskyn het.

lostrek en vir jou skryf, belowe my net één ding: werk dat jy bars, laat jou naam 'n legende word in die eersterjaarklas van skone kunste, teken met die geniale eenvoud van Picasso, laat jou komposisie die lesbiaanse bessie skater van groot genot sodat mens ál haar gevlekte tandé kan sien, léér die cliché's van kunsgeschiedenis met 'n siniese ywer, ontwikkel 'n geslepenheid wat resultate sal lewer sonder om die suiwerheid van die lewensdrang binne jou te vervals, vertroebel... (ek kan nie aan die regte werkwoord dink nie.) Oor drie jaar gaan jy na die Sorbonne en dan drink ons vin ordinaire<sup>189</sup> in daardie goedkoop-kafeetjie in die rue de Seine en al wat van die Voortrekkeruniform oorgebly het is daardie balkie van getroue bywoning op jou linkerbors (mens raak nōoit van die uniform ontslae nie).

Sal ons lewenslange vriende bly? Dit sal alles daarvan afhang hoe ons hierdie lewensspel kan speel, Francoise. Watter godin is dit in die mitologie wat só jaloers is? Sy gebruik duisend-en-een skelmstreke en dikwels die boer-streep-geo-streepissie (weer verkeerd gespel; ek en Scott-Fitzgerald het die swakheid onder meer in gemeen) om perfektheid te verydel. Jy kan môre-oormôre 'n sekere grens oorskrei en jouself vernietig; jy kan met die loop van jare jou aardse drange bevredig in die wye Karoo met 'n bloedrooi sonsondergang, in die arms van 'n fris jong boer terwyl julle fossileer langs die huis wat jy kunstig ontwerp het, in 'n plakkiestuin, omring deur vulkaniese klip en dartelende kinders met grys-groen oë. Of dink jy aan dit wat Picasso, Pablo Casals, Charlie Chaplin, Frank Sinatra, Paul Getty, Onassis, Cary Grant, Elia en die Gnostiese voorvader Eon regkry?<sup>190</sup> Dan kan jy sê: dêm ouderdomsverskille.

Jy moenie sulke moeilike vrae stel nie: ek weet net die Heks van Endor (Mrs. Dreyer) het in haar bourgeois-huisie in ekstase geraak en vir my gesê wens 'n wens (in stilte). Toe wens ek die Nobelprys. Toe sê sy ja: dit sal vervul word. En haar oë word meteen so groot soos haar goddêm pierings. "Jy gaan een dag beroemd word," sê sy (en wil my amper op haar laat-middeljarige skoot tel.) Toe voeg sy by:

---

<sup>189</sup> Franse tafelwyn.

<sup>190</sup> Pau Casals i Defilló, oftewel Pablo Casals (1876-1973), Spaanse cellospeler en dirigent. Charles Spencer (Charlie) Chaplin (1889-1977), Engelse akteur, komediant en filmregisseur, veral bekend vir sy films *A Dog's Life* (1916) en *City Lights* (1931). Francis Albert (Frank) Sinatra (1915-1998), Amerikaanse sanger en akteur. Hy was veral beroemd vir sy liedjies "I get a kick out of you" en "Fly me to the moon". Jean Paul Getty (1892-1976), Amerikaanse sakeman en oliemagnaat. Aristote Socrates Onassis (1906-1975), Griekse skeepsmagnaat. Cary Grant (1904-1986), Engelse akteur. Sy bekendste films sluit in *The Philadelphia Story* (1940) en *To Catch a Thief* (1955).

en daar is I. in jou lewe. Ken jy 'n I? Nee, sê ek. (Ek het gedink aan Ingrid Papendick wat ek destyds op Stellenbosch uitgeneem het, maar sy is getroud met 'n professor en sy is, terloops, die enigste van my "true loves" wat my met die Ha-prys 'n kaartjie gestuur het.)<sup>191</sup> Toe sê sy jy en I sal vir die res van jou lewe "vriende" bly. (Die woord was nie presies "vriende" nie, maar ek kan die regte woord nie onthou nie.) Toe kom jou brief, wat ek eers op my tafel neergegooi het (ek kry baie briewe en ek antwoord weinig of nooit nie – nie eens my beste vriende nie.) Later die aand lees ek jou brief en ek begin vir jou skryf en ek kry die interessantste briewe terug en ek voel 'n sekere affinity en ek sien jouself in 'n wêreld só volkome verwyderd van myne en tog met 'n soort Weltzmertsch (reggespel?) en 'n eienaardige waarnemingsvermoë (soos myne) en 'n drang tot lewe en 'n geniale verwarring tussen werklikheid en onwerklikheid wat jou my ewebeeld maak.

Lieve Francoise, ora pro nobis!<sup>192</sup>

Eendag gaan iemand een van ons briewe oopmaak en dit sal soos 'n ryp granaat wees wat mens breek en hulle sal met perdetande die maagdelike, rooi, deurskynende korrels byt totdat die sagte, deurskynende rooi sap die wit bloes bevlek. [Hier voeg Leroux 'n handgeskrewe nota by wat lui: "Maak 'n volsin met die woord Granaat".]

Pas jouself tog goed op. Jammer, dit gebeur nie. Ek is Dorian Gray en ek het nie die guts om na die prent te kyk nie. Ek lyk op die oomblik baie jonger as wat ek werklik is (in Godsnaam moet nie na die foto agter op *Azazel*/kyk nie); ek het miskien drie jaar voordat ek berusting moet soek in die suiwer intellek. Die snaaksste dinge gebeur in die laaste tyd: gewisse tekens van toenemende jare: 'n vlekkie hier, 'n vlekkie daar; 'n verlore tydsberekening; 'n onbepaalde bedreiging. Ek rook baie, ek hou van die goue god Bacchus, ek gaan selde of ooit voor een-uur die nag slaap; daar is niks deurlopend in my lewe nie: alles is bepaald tot 'n aand of 'n oggend van ekstase – en dan word ek moeg en verveeld. Van kleinsaf bestaan my lewe uit hoogtepunte en ek is lui en ek verkies die ekstatiese oomblik bo die egaliteit van gewone lewe.

---

<sup>191</sup> Hertzogprys, in 1964 aan Leroux toegeken vir *Sewe Dae by die Silbersteins*.

<sup>192</sup> "Bid vir ons" (Latyn).

Jou paragraaf-skets van jou tydjie in P.E. was pragtig. Dit was só presies my eie ondervinding daar. My vriende is, behalwe dié op my eie dorpie, kunstenaars en skrywers. Ek was by kunstenaarsvriende in P.E. (Jode, maar anders as jou geslepe V.N.) en jy sal hulle lief hê want hulle is suiwer en vol verbeelding en gesteld op die magiese van die oomblik. Maar daar was ook oomblikke, terwyl hulle weg was, dat ek die onspelbare (bourg...) details moes beleef: die kekkelende kind; die geel lig; die goddêm hond; die agterplaas en die tuin met die getroetelde, verlore blom. Ons het ook 'n end gaan stap. (Sou dit nie snaaks gewees het as ons dieselfde tyd daar was nie? – toe jy en jou tannie tussen die rotse verstengel geraak het en ek en my vriend by julle verby gestap het. Voor die Marine, voor 'n kafee, régs in die rigting van iets wat soos 'n vuurtoring lyk en wat eintlik volkome betekenisloos is.)

Mag ek raai? – Jy is omtrent vyf voet ses, ligte hare, donker wenkbroue, grys-groen oë, 'n mooi mond (groot), hoë wangbene, jy dra jou hare lank (the drowned look), en jy loop dikwels kaalvoet. Jy kan "twist" en heel moontlik die frug dans. Jou vriendinne is deur jou gefascineerd omdat jy so 'n ongewone persoonlikheid is; jou mansvriende sien in jou 'n besondere uitdaging omdat jy 'n lewende argetipe is: Luna wat die son verteer om weer lewe te gee. Dit interesseer my hoe die jongmans reageer want die huwelik tussen verstand en liggaam is vir hulle iets vreemds; die reaksie van die ouer mans is voorspelbaar want hulle begryp onmiddellik die totaliteit wat mens gewoonweg eers met die verloop van jare kry. (As jy gelukkig is.) Natuurlik sou dit jou akkedis-vriendjie ontstem wat sy toevlug in "suiwerheid" en veiligheid gesoek het. Vrouens sal van jou hou omdat jy iets van die aardgodin in jou het. Maar ek is effens bekommerd oor jouself: Pan is tydloos en 'n argetipiese god wat nie met hom laat speel nie. Hy kwel slegs dié wat hom nie begryp nie en hy is ontsettend wreed as hy wraakneem. 'n Hoogs intellektuele vriendin van my veg 'n verbete stryd; jou redding lê daarin dat jy sterk skeppende eienskappe besit; sterker as die gewone, en dat jy met 'n begrip (vér bokant jou jare) die situasie aanvaar.

Daarbenewens het alle mense met skeppende neigings 'n toerusting wat gewone mense nie het nie. Maar wees versigtig, Françoise.

Mag ek 'n paar vrae vra? Speel jy tennis, hokkie, netbal, muurbal, of enige vorm [van] spel? Gaan jy met 'n bus of per fiets of per motor universiteit toe? Slaap jy in die middag? Soek jy altyd geselskap of is jy dikwels alleen met genot? Sit jy altyd droë rangskikkings in Sanatogen-blikkies? (En wie gebruik die Sanatogen? Jy

of die ander kinders?) Ek wonder watter sin jy teen die einde van die brief so versigtig met 'n lemmetjie uitgesny het.

Jou tekening van die hand met ekstatiese narre het my groot plesier gegee: ek is die lui een.

Sou 28 'n verskil gemaak het? Ja. Tien jaar.

Bang bang bang my baby shot me down Nancy Sinatra is "in". "Boots" is, wat my betref, "out". Frank Sinatra is altyd "in". Die Beatles is "out" (jammer). Progressive Jazz (Brubeck etc.) is "in" net om anders te wees. Menotto se Medium<sup>193</sup> is op die oomblik "in": I shot a ghost!

Vanaand Françoise het 'n man met 'n lang rooi baard langs my in ons "pub" gesit; die hoteleienaar wat soos 'n verweerde Clark Gable<sup>194</sup> lyk, het my vertel van sy sukses met vrouens met 'n angstige trekkie om sy oë; op die sypaadjie het 'n gefrustreerde vrou van die omgewing in stiletto-hakskoentjies en 'n mini-rokkie, stert agteruit, kop vorentoe geruk en rol in haar wandeling tussen die klippe. By die petrolpomp het H. met die garageman en een van die boere gesels terwyl sy haar bolla strel en in haar week blou oë 'n verlange soos 'n ligtoring brand. Ek word met weemoed vervul oor almal en alles en ek sluit myself nie uit nie. Slaap jy ooit in die middag? Ek slaap sedert die jare toe ek skelm gelees het in die Klein Karoo terwyl die son deur die hortjies blink elke dag tussen twee en vier. Oor 'n week kom my nuwe boek uit en ek is met vrees en angs vervul dat ek gekruisig gaan word. En nou moet ek jou vertel van A. A was 'n amateur-balletdanseres, intelligent, onbeskryflik mooi, rusteloos, donker, met 'n groot sonbril op haar pragtige neus en rusteloze hande wat jou met vlindervlerkies strel. Al die mans was verlief op A. en sy het aan almal dieselfde stories vertel, want sien A. het nie aan een behoort nie maar aan almal en sy het driekeer sonder sukses probeer selfmoord pleeg en sy het met die iceman geslaap en met die een wat melk aflewer en met hierdie of daardie spesialis sonder die wete van sy vrou en A. se vel is so sag soos fluweel en sy ruik na 'n muskusroos en sy was die liefdesgodin as sy op Clifton in haar bikini tydloos word.

---

<sup>193</sup> Leroux verwys na die Italiaanse komponis Gian Carlo Menotti (1911-2007) se opera *The Medium*, wat die eerste keer in 1946 opgevoer is.

<sup>194</sup> Clark Gable (1901-1960), Amerikaanse akteur veral bekend vir sy rolle in *Gone With The Wind* (1939) en *Band of Angels* (1957).

Haar man was iemand soos V.N. met al die savvy van 'n Europeër want hy was 'n Europeër maar hy was 'n clot in dié sin dat hy vals was teenoor homself (maar miskien het hy rede gehad want A. maak hom kranksinnig). In elk geval... Ons hoor van moeilikhede en die vriende kies oor en weer kant: die vrouens by hom, die mans by haar en eendag sien ons haar op Clifton onder 'n sonsambrel. Ons wou nader gaan maar A. sit die groot sonbril op en maak of sy ons nie sien nie en 'n week daarna is sy dood. *Die Landstem* was vol daarvan – sy was die meisie wat haar sportmotor by Chapman's Peak reg gesdraai het met die hoop dat sy oor die goddelike blou baai soos ['n] swaeltjie deur die lug sou trek en in die blou verdwyn. Dit het nie gebeur nie; sy en die motor het skaars vyftien voet gevallen en sy het haar sonbril verloor en strompel bysiende verder en val toe tagtig voet maar nog steeds nie in die baai nie, maar in 'n rotsgleuf waar hulle haar vir drie nie kon kry nie en toe hulle haar kry, was sy 'n ontbinde gedrog skaars 'n paar voet van die water wat sy nie kon vind nie, en *Die Landstem* neem 'n foto van haar terwyl die mans haar met sakdoeke voor hulle neuse optel. Arme, arme, liewe A. A. het my vertel dat sy *Phaedra*<sup>195</sup> gesien het en dit was kort voor haar dood en ek hoor nou die Phaedra-tema oor die radio en ek dink aan A. en ek stel my voor hoe sy die radio in haar motor aangehad het en skielik reg gesdraai het met die geloof dat die Voorsienigheid sou saamspeel en haar 'n laaste ekstase sou gun. Chapmans Peak is vlak agter ons strandhuis in Llandudno en ek gaan gereeld soontoe en dan hou ek by die uitkykplek stil en dink aan A. En agter my is die berg en die mis kom oor die oseaan en mens kan die bote in die verte sien en ek voel meteen ontsettend alleen en vol heimwee en ek hoor die musiek en ek ruik die muskusroos. Francoise, alles is 'n spel in jouself en wat is die waarheid? Ek bedoel nie wat is waar in jouself nie, maar wat is waar om jou en waar eindig die werklikheid en waar begin die verbeelding? My eksotiese Russiese prinses bestaan maar sy is nou in Europa en al sien ek haar weer sal ek haar vermy want ek is slimmer as A. en ek ken die jaloerse bitch die skikgodin.

En dieselfde geld vir jou, Francoise, want ek sien jou deur jou brieve en die beeld is klaar gevorm wat deel jou brieve is en deel my brieve en elke keer is jy iemand anders – Switserland, Nabakov se gamine, die glimlag van Francoise

---

<sup>195</sup> Die Griekse mite van Phaedra, wat op haar stiefseun verlief raak. Dit is as 'n dramastuk vir die eerste keer deur Euripides in 428 v.C. geskryf.

Sagan. Jy moet jou nooit laat mislei deur skrywers nie Françoise – hulle is romantiese cloots en verwaande runts wat slegs by geleenthede bestaan want hulle kan die gewone gang van lewe nie duld nie en hulle maak almal om hulle ongelukkig weens hulle selfsug en hulle is parasiete en hulle word rasend mal as hulle oud word. Jy moet self [uit]geslape wees en miskien 'n paar oomblikke van hulle lewe steel en as jy hulle op die regte spel betrap kan dit nogal 'n besondere ekstase wees, maar as jy besluit om jou verbintenis met hulle te behou, dan word jy nommer twee óf jy vernietig hulle wat ook 'n goeie ding is want daar is te veel goddêm skrywers in die wêreld.

28 is 'n goeie ouderdom. Le-e-e-etle girls grow older by the day (in such a delightful way.)<sup>196</sup> Op 28 weifel 'n vrou tussen volwassenheid en haar jeug wat vinnig besig is om verby te gaan. As sy ongetroud is, is sy tegnies 'n oujongnooi; as sy getroud is, is dit 'n moeilike stadium van die huwelikslewe; sy bestee meteens meer aandag aan kosmetiek want sy kan nie meer heeltemal op haar natuurlike bates vertrou nie; op daardie stadium verfraai die kosmetiek en maak haar nie 'n mummie nie. In haar eerste dertigerjare is 'n vrou 'n powere skim en eintlik pateties; 38 – en in die 40 bereik sy haar volheid en is sy bedoel vir kenners – sy is vintage wyn wat jy met respek ontkurk en proe en nabetrag en soen langs tuine met bitter-soet belofte. 18 is drang en energie en silwer bergstrome en vars wyn wat netso hoofdig is as beleë wyn. Daar is vroue wat tydloos is; wat van 18 tot 80 nie verander nie maar slegs die nuanse van genot van die jare transformeer.

Die man bestaan alleen in sy persoonlikheid; die vrou kies hom volgens dierlike eienskappe en dan sit sy in haar middeljare opgekseep met 'n bobbejaan. Dis eintlik die tragedie van die lewe: ek het in Europa gesien hoe harige petroljoggies die melk en rose van Engeland tot ekstase voer want hulle atletiese mans het verander in bourgeois (kan nog steeds nie spel nie) vuil-grappie-vertellers.

Françoise! Françoise! Kom ons speel 'n speletjie. Ons skryf vir mekaar tot my volgende novel en dan skryf ek 'n novel oor ons briewe. 'n Kort een: omtrent negentig bladsye. As ek dit kan regkry, dra ek die boek aan jou op. Ek hoop dit maak

---

<sup>196</sup> Leroux sinspeel hier op die liedjie "Thank Heaven for Little Girls", in 1957 geskryf deur Alan Jay Lerner en Frederick Loewe. Dit is die temaled vir die film *Gigi* (1958).

geen verskil aan ons vriendskap nie; ek hoop jy voel nie dat ek jou, by wyse van spreke, gebruik nie. Trouens, ek gebruik myself as ek skryf – maar op 'n ander manier. Ons noem die roman *18-44*. Ek skryf dit onder my skrywersnaam en ek dra dit op aan I.

Nog iets, voor ek totsiens sê: jy is vry om te skryf wat jy dink en voel; ek nie. Ek is vasgevang in my samelewing en ek is skrywer en paterfamilias terselfdertyd. Ek het vryheid in 'n ontsettende gebondenheid. Ek is eintlik 'n vreeslik gedissiplineerde tipe. Ek voel skuldig dat ek aan 'n 18-jarige skryf. Ek wil nie met jou praat soos 'n dogtertjie nie. Word asseblief vinnig groot. Jy is daardie tydlose tipe met 'n talent wat raas.

Dit val my nou net by: 'n meisie van 18 is darem nie 'n dogtertjie nie.

Los 28. Skiet vir 21. Pas jouself op. Los die clots. Wees versigtig. 18 is 'n tiener en ek het slegs 'n akademiese belangstelling in tieners. (19 is darem nie heeltemal 'n tiener nie.) 19 klink baie respektabel. Werk hard, stuur my jou rapport en die datum van jou 19e verjaardag.

[Onderaan die brief is 'n skets van 'n glimlaggende meisie wat met haar kop strek na die "19" die die laaste sin.]

***Aan Ingrid Winterbach***

[Oktober 1966]

Lieve Mej. I. – nie alleen my spelling verbeter onder u invloed nie, maar ook my sin vir kleur en visuele waarneming. U het reg met die kleur van die blaar; dit besit ons gesamentlik. Wat die groen betref, het u ook reg: my Rus dra altyd 'n kombinasie van groen met ietsie blou in die groen; haar halssnoer is lapis lazuli (eg). Die pers, wat u ontstel, is nie verraderlikheid nie: dis iets anders. My Rus sê ek is 'n kombinasie van wredeheid en deernis, maar dis eintlik 'n goeie wredeheid, dis 'n besef van die tragiese situasie dat die wêreld van die rede gedurig bedreig word deur die onvermydelike magte van die natuur; dis 'n besef van fragmentasie, dood en herlewenis; dis 'n wredeheid gevolg deur 'n begrip van die komiese dat alles nie verniet is nie; dat alles 'n betekenis het soos 'n lentekarnivaal waar die groteske

maskers ook snaaks is. Dit was ek, mej. I. wat jou daardie aand in jou rituele oorgawe met 'n "twinkle" liggies aangeraak het.

En jy het ook reg, Mej. I. wanneer jy sê dat ek nie maklik involved raak nie. Omstandighede het 'n voorliefde om my dikwels in situasies te betrap; die pers verraderlikheid (wat eintlik wreedheid is) het my gedurig gered. Maar die doole bome moet blom. In my "onmiddellike" omgewing (soos jy so pragtig en hoflik spesifiseer) is daar niemand wat my fassineer (goed gespel) nie. Net soos jy is ek ook dikwels bang. Daar is rose by die swembad maar dis sinloos om dit onder die koue maan in die water te gooи. Miskien moet ek dit tog doen; miskien moet ek een aand 'n bloedrooi roos in die water gooи en jou daarvan vertel. En dan gooи jy 'n bloedrooi roos in jou bure se swembad onder 'n neonlig van jou geliefde Florida-Noord. Dit moet nie 'n Viktoriaanse gebaar wees nie; dit moet 'n Salvador Dalí-gebaar wees.<sup>197</sup> Ons twee kan in terme van gebare, kleure en fantasie 'n duet vorm: 'n Dave Brubeck-improvisasie...<sup>198</sup>

Dit klink soos louter klei.

Kom ons speel 'n ander speletjie. Dis 2 ½ jaar van nou en jy het sjampanjedronk-jarig geword. Jy kry 'n fezz-red convertible roadster vir jou verjaarsdag. Ek gaan vakansie hou met die wit Mercedes by 'n Inn êrens op die tuinroete. Ek drink 'n whisky en soda tussen bloedrooi rose en kanna's onder 'n sonsambrel op 'n grasperk terwyl die see tussen die bome in die verte flikker. 'n Fezz-red roadster hou stil en 'n jarige vrou, met donker oë en 'n pruim-ryp mond klim uit terwyl mens in die verblindende son net 'n glimps kry van 'n sy-bikini onder 'n mini-rok.

Dis laat en ek voel vaak (1.30 namiddag.) Vertel maar self verder.

Mej. I, hierdie week het ek nie 'n naam vir jou nie. Dit getuig dat ek op 'n absolute laagtepunt verkeer, waar alles ongedifferensieerd is. Miskien moet ek vir die res van die brief maar net vertel wat ek gesien en gehoor het.

---

<sup>197</sup> Salvador Domingo Felipe Jacinto Dalí Domènech, oftewel Salvador Dalí (1904-1989), Spaanse skilder wat veral bekend was vir sy invloed op die surrealistiese beweging.

<sup>198</sup> David Warren (Dave) Brubeck (1920-2012), Amerikaanse jazz-pianis en komponis.

Omtrent Gorki: sy het blou oë wat soos daardie “smokies” lyk waarmee ons as kinders gespeel het. Eers later merk ek toe op wat haar oë daardie eienaardige kleur gee: die pupils is abnormaal groot –mens sien net die swart van die pupils en dan die nou ringetjie blou daarom. Sy is hoogs intelligent en praat omtrent ses tale. Sy en haar dronk akteur (wat skielik besluit het om vir die res van sy lewe sober te bly) het styf teen mekaar in die sitkamer gesit en hand vashou. Hy is soos 'n spelereige katjie om haar wat, natuurlik, getuig dat hy effens onseker voel. Ek kon niks van haar merk wat toon dat haar gevoel vir hom aan die afneem is nie, maar dis moeilik om te sê – daardie swart pupils maak haar oë uitdrukkingloos. Interessant genoeg, was sy egter nie baie geïnteresseerd in die plaaslike Don Juans wat met hulle kleindorpie-gevatheid en ongetwyfelde viriliteit 'n indruk op haar probeer maak het nie. Hulle is toe weg sonder dat die geheim vir my opgelos is.

Ek het nou die middag in die Cecil Hotel in Bloemfontein gesit en wag vir iemand. 'n Entjie van my af was 'n man en vrou van ongeveer 60. Dis al 'n tweede gewoonte by my om gesprekke by naburige tafels ensomeer te hoor – ek het, by wyse van spreke, 'n oor daarvoor. Die oubaas is klaarblyklik 'n ryk boer, almal noem hom oom Bokkie ('n geliefkoosde naam vir ryk skaapboere) en hy het so pas sy derde Oude Meester en soda ingehad toe die dame by hom kom sit het. Sy dra die tipiese Bloemfontein-bril: swart raam bó, niks onder nie, kunsblommetjies aan die kant. Haar lippe is dun en ferm; 'n paar swart haartjies op haar bolip lê ewe ferm plat. Goed ingegespe in 'n stewige borstrok (spelling?) – maar haar hare is GETINT en GETEASE soos 'n tiener s'n! Oom Bokkie, na sy Oude Meester-aphrodisiac, is besig om haar te probeer verlei soveel as wat sy Calvinistiese gewete hom toelaat. Ek kan net af en toe sekere sinne hoor.

Nee, sê sy, nie 'n drankie vir haar nie. Giel (seker haar man) en ek drink omtrent nooit nie. Miskien Sondagmiddag voor ete enetjie. Sy haal haar sonbril af en kyk bysiende na Oom Bokkie wat ongelukkig net besig is om die demon-drink na sy lippe te bring. Oom Bokkie sluk sy brandewyn met 'n genot wat hy tevergeefs probeer wegsteek. Nee, Sêra, sê hy, Hester en ek voel ook so. En Oom Bokkie kyk weemoedig en verlangend na die kelner wat by hom staan. Niks, dankie, sê hy en mens kan sien hy is jammer dat hy nie so 'n vinnige enetjie kan... Hy kyk in die rigting van die glasdeur en oorweeg die ou "trick" van lav-toe gaan (die private bar is vlak langsaaan) maar hy besluit daarteen want op sy ouderdom mag dit haar miskien

bedenkings gee oor sy prostaat. Toe konsentreer hy maar op haar en probeer haar sag maak deur middel van puriteinse gesprekke wat 60-jariges op 'n eienaardige wyse kan kombineer met wulpsheid.

Ek hoor maar net af en toe hulle stemme. Hare veral: Vandat my galblaas uitgehaal is eet ek nie meer soetigheid nie. Ek eet soos 'n voëltjie. Ek het baie gewig verloor. Sy kruis haar bene en vou haar rok só stewig in dat ryk Oom Bokkie slegs sy verbeelding kan gebruik.

Toe kom die een in vir wie ek gewag het, en die laaste wat ek van oom Bokkie gesien het was die begin van 'n "hangover" in sy oë en sy gesellin met 'n glas yswater voor haar besig om vir Oom Bokkie tot in die fynste besonderhede haar binnegoed te beskryf. Maar mens moet ryk skaapboere soos Oom Bokkie nie onderskat nie. Wie weet, miskien het hy tog lav-toe gegaan en die kelner onderskep om jenewer in haar yswater te gooi.

'n Naeltjie is beslis 'n bate want daarsonder sou mens 'n mutant wees. Sakke is gemaak om met hande in te staan. 'n Swembad gee my ook claustrophobia.

So, dan is jy werklik Z. wat ja-a-are gelede 18 was. En ook die klein meisietjie wat met sulke alwetende oë my hele huis en myself deurgekyk het. Dis moontlik, want ek het 'n sterk vermoede dat u 'n argetipe is – die anima wat in soveel vorme en op soveel maniere en kanale tot my spreek. Is jy 'n wit lelie, Salome? Ek voel meteen ontsettend bang. Ek is weerloos op die oomblik en kan nie 'n begrip vorm nie. Ek weet daar is iets wat baie belangrik is en dat ek baie sal verloor as ek vlug. Die stem is dun en ver en ek hoor dit in die donker. Ek het altyd gedink dat ek baie moed het (vandaar die sogenaamde pers wredeheid) maar ek is bang vir die integrasie en die geheel wat nie sonder gevhaar is nie. Ek besef nou wat Gloria een keer vir my geskryf het: Pan gaan haar op een of ander stadium doodmaak en sy weet nie waarnat toe om te vlug nie. Ek het nou dieselfde vrees, terwyl ek nou hier vir jou sit en skryf en die stem hoor wat my voorkop streele. Die are op my pols klop sodat ek dit kan sien. Die mandala waarmee jy jou brief be-eindig het is 'n ontsettende uitdaging. (Dis hoe ek die teken ken. Het jy dit so bedoel?) Ek loop langs 'n duiselingswekkende afgrond waarin ek enige oomblik kan val en ek mag vir niemand hulp vra nie want dan vlug ek en is alles verlore.

[’n Stuk kleefpapier wat iets bedek is aan die bokant van die blad geplak. Aan die een kant is ’n pyltjie getrek waارlangs daar met die hand geskryf is “Rooi spinnekop. Hulle verskyn by ons na ’n reën.” Dan nog ’n pyltjie en “Uiters seldsaam.” Gevolg deur nog een: “Sag soos fluweel” en dan ’n laaste een met die woorde “Voel net.”]

Liewe Mej. I., soos jy seker in die koerante gesien het, is die h. behoorlik weer los. Ek sluit ’n uitknipsel in net om vir jou ’n idee te gee wat skynbaar vir my voorle. Ek sluit ook ’n rooi spinnekop in. Ek wou ’n koringaar ingesluit het, maar ek het nie een byderhand nie – ons is besig om koring te stroop en dis ’n pragtige gesig. Koringlande het ’n besondere betekenis vir my; dit setel in die diepste mitologie en ek word heeltemal paganisties as ek teen sononder daarna gaan kyk.

Mej. I. – vertel my ’n bietjie in jou volgende brief presies wat jy van die oggend tot die aand doen. Mens se roetine vir die dag is soms baie meer openbarend as enkele gebeure.

Mej. I. het ek jou vertel dat ek omring is deur sewe luidsprekers en myle lank bandopnames en dat musiek gedurig speel terwyl ek skryf?

Ek is op die oomblik so rooi gebrand soos jou saadjie. Ek het vanjaar koring gesaai bloot vir die estetiese genot (ongeveer 30 morge onder besproeiing en nou is die land pure goud en hoe kry mens die bally goed in sakke? ’n Neef van my het ’n ante-deluvian monster vir R100 gekoop en beloof om dit vir my te stroop. Die kolossale gedrog is met die grootste moeite oor ’n brug en deur plaashekke tot by die wagtende maagde gekry. Dis gebou voor die wiel uitgevind is; dit loop op pote soos Well’s se monsters van Mars.<sup>199</sup> En die bally ding werk, Mej. I. Sakke en sakke vol koring en dis sjampanje en die volkies juig en die son brand ons.

Terloops, Gorki hou nie van motte nie. Sy sterf as ’n mot haar bevlieg. Dis ’n oorblyfsel van haar ondervinding in die laaste oorlog: sy was [as] ’n babatjie van stad tot stad in Duitsland gebombardeer en sy is bang vir die donker en die mot is die simbool van die duister en die skielike lig.

---

<sup>199</sup> Leroux verwys hier na die werke van Herman George (H.G.) Wells (1866-1946), Britse skrywer wat veral bekend was vir sy wetenskapfiksieboeke soos *The Island of Doctor Moreau* (1896) en *The War of the Worlds* (1898).

Mej. I. – ek het vanmiddag aan jou gedink en dit het my meteens met baie weemoed vervul. Ek het skielik net baie weemoedig gevoel en ek kan dêm goed weemoedig voel. Ek kan die beste weemoedig voel van almal in hierdie Republiek.

Mej. I. – ek weer, as ek van iemand hou, dan is dit siesta in die middag in Heidelberg, Kaap, 'n paar myl van Witsand en die verraderlikste en wildste see aan die hele kus – en die wind waai en ek is presies jou ouderdom en die kamer is donker (altyd die hortjies en die voorwerp van my verlange is in my arms en die ontsaglike bloekombome begin beweeg en raak besete en kreun teen die grou hemel.

Mej. I. – besef jy hoe vry mens in Parys voel?

Die stad leef in die nag en dis die enigste toegeeflike stad wat ek ken. In Parys sou ek nie hierdie angelsaksiese briewe geskryf het nie. In Parys sou ek jou na waarde kon bepaal.

Mej. I. – dit het my eers gehinner, jou “sassy” kwalifikasies – “redelike opwindende briewe” ... “ek vind jou briewe *nog* opwindend...” Dis natuurlik nie ’n basis vir ’n goeie vriendskap nie; dit stel té veel vereistes. Vriendskap neem swakheid, en weemoed, en depressiwiteit in aanmerking. Dis nie vir “kicks” nie. Dis ’n opwindende duet wat ook verveeldheid kan deel. Maar, aan die ander kant, is ’n “sassy” uitdaging; ’n uitdaging wat prikkel. (Ek luister nou via die 7 luidsprekers na Pagliacci)... Maar, aan die ander kant, is ’n prikkelende uitdaging gebonde aan die kortstondigheid van ’n prikkeling. Wat verwag jy van 18-44-vriendskap, juffrou I? Eerlik nou. Werklik eerlik. Cashew nuts of iets supra-rasioneel? Of iets soos Gorki en haar “sad clown”? Of Picasso en die donker-oog vrou van 20? (Ontou dis êrens in die goddelike suide van Frankryk.)

[Langs die bostaande paragraaf staan daar geskryf: “Antwoord hierdie vrae.”]

Een ding van jouadmireer ek; ek het die grootste respek vir jou daarvoor. Die geringste geslepe bevel soos die getikte naam op die brief, ál die banale instruksies het jy uitgevoer sonder om te vra, sonder om my in verleentheid te bring. Ek bewonder jou daarvoor – en ek bewonder daardie Sophia-wysheid wat jy aan die dag lê; dis merkwaardig daardie takt van iemand van jou ouderdom.

Mej. I. – ek hou nie van jou mansvriende nie. Ek het nog nooit in my hele lewe so 'n klomp cloots teengekom nie. Is dit werklik moontlik dat jy deur soveel barbare omring kan wees? En, in Godsnaam, wees versigtig. Ek is so bang dat een van hulle jou in 'n ekstatiese oomblik vir ewig sal verlei tot die banaliteit van hulle bestaan.

Mej. I. – werk hard. Kry jou graad of diploma in kuns en dan gesels ons weer.

Terloops, weet jy wat die grootste gevaar is wat die skeppende mens kan bedreig? Dit is dat sy (dis jy) met 'n goddelike verbeelding in 'n oomblik van verveeldheid, en in die uitvlug van haar (jou) sensitiwiteit en fantasie, die cloots (soos P.W.) verhef tot iets wat hulle nie is nie.

Wat ek nou wil sê gaan ek nie sensor met die skêr nie. Ek gaan eenvoudig dink en nie skryf nie.

[Groot oop wit spasie]

Totsiens, Mej. I.

[Handgeskrewe nota: "Jammer – Maar... Lara is ons lied. (So pas daarna geluister)."]

### ***Aan Ingrid Winterbach***

[November 1966]

Mej. I., my uitgewer het my so pas gebel; ek is in die wolke en ek is eintlik ook 'n bietjie bang: dis fantastiese nuus en gee my net 'n bietjie kans om asem te skep.

Goed. Luister mooi. Een van die tien grootste uitgewers in Amerika (one of the top ten) gaan Silbersteins in Amerika uitgee en dis net kabels oor en weer. Besef jy, liewe Mej. I., dat so iets omtrent eenkeer in soveel paar honderdduisend gevalle gebeur? Hulle wil ook die Engelse vertaling van *Azazel* koop – en gelukkig het Charles Eglington dit so pas vertaal. My literary agent daar het ook die regte op Die Derde Oog, indien dit vertaal word, wat nou seker sal gebeur. Hulle stuur vir my 'n "advance" van 1500 dollars, en dan soveel vir die eerste vyfduisend, soveel vir die volgende vyftienduisend, en dan 15% vir alles bokant die vyftienduisend. En jy weet,

Mej. I., indien 'n boek daar goed verkoop, dan skiet jy die ruimtes in en word 'n sateliet. Stel jou voor 'n bevolking van 100 miljoen (is my syfers soos my spelling?). Onthou jy *alles* wat ek jou geskryf het omtrent Mev. Dreyer, die orakel?

Dink jy daar is nou werklik 'n moontlikheid... ek bedoel dat ons miskien eendag in jou Flaminco 17 jou seeperdjie kan volg?

En dat daardie goddelike hotelkamer in goddelike Swede na die goddelike ontmoeting met die goddelike koning en koningin en die goddelike medaljes miskien kan vervroeg word? Ek bedoel laat-middeljarig en vroeg-middeljarig in plaas van daardie depressiewe beeld wat jy in een van jou vroeëre brieve geskep het...

Verskoon my, Mej. I. as ek effens hysteries klink. En effe ydel. Maar, Mej. I., ek wil hê dat jy net so bly soos ek moet voel. Dis belangrik dat jy bly voel.

Nou sal jy baie hard moet werk, Mej. I. Hoe lank is jou kursus? Drie jaar? Presies die regte tyd. Drink soveel Sanatogen as jy kan, éét al daardie onmoontlike kombinasies en swem gedurig indien al hierdie dinge jou help.

Mej. I., ek voel bang. Ek voel sad en bang en baie alleen.

En ek besef nou dat die "circulating clot" vir 'n oomblik sy byvoeglike naamwoord verloor het.

'n Snaakse ding het gebeur, Mej. I. 'n Fotograaf van Scope<sup>200</sup> was hier om die pornografiese skrywer in beeld vas te lê. Dit blyk toe dat hy dieselfde van as jy het – maar hy kom van Rhodesië. Ek het hom versigtig deurgekyk en toe het ek sy oë opgelet. Dis 'n eienaardige bruin. Dis werkelik die kleur bruin wat mens in daardie waterverf-blikkies as kind gekoop het. Onder staan "brown" en dis die "brown" wat jy vir die res van jou lewe onthou. Hy is lank en sterk van been (gebeente). Ek het onmiddellik gevra of hy familie het in Johannesburg en julle adres toe duidelik genoem. Hy vertel toe nee, behalwe die boeiende storie dat daar twee broers uitgekom het. Dus is julle nie familie in die gewone sin nie, maar ek het 'n oomblik gewonder of dit nie nog 'n spel van die anima is nie. Jung sê die anima is geslepe: sy kan jou vernietig of lewe gee. Jy moet haar aan weerskante van haar skouers gryp en vir haar sê: ek ken jou spel, ek is één met jou spel – maar wat wil jy vir my

---

<sup>200</sup> Omstreden Suid-Afrikaanse weeklikse manstydskrif wat tussen 1960 en 1996 in sirkulasie was.

sê? En toe dink ek aan daardie blou-oog-dogter wat my huis en my so deurgeky het. Die magiese krag van die driade het geen perke nie. Gistermôre (Sondagogende is hemels; die middag is hel) het 'n kappertjie na my gekyk en duidelik, duidelik vir my geknik.

Is dit nie snaaks nie: die helder bloed, vars op papier, is seker die rooiste rooi wat daar is. En dan word die bruin, bloed-bruin soos daardie blaar wat ritsel in julle tuin. Jy het knap geskiet, Mej. I. En ek is bly dat jy nog lewe. Maar daar is geen einde aan 'n driade nie, is daar?

Teen hierdie tyd het jy seker al *Die Derde Oog* gelees. Indien jy jouself sou identifiseer met 'n karakter – watter een sou dit wees?

Ek is bly dat jy jou ritueel genoem het, want dit stem baie ooreen met myne. Die oop kant van die kussingsloop moet wéé van die muur wees; die sakdoek is onontbeerlik. Ek móét 'n flits langs my bed hê. As ek oor 'n rivier ry moet die laaste blik van die water wees in die rigting van die plek wat ek bly; soms raak mens deurmekaar, en dan wíl ek die water in die rigting van my huis. Ek droom nooit as ek skryf aan 'n roman nie want ek skryf alles neer; in die laaste tyd begin ek droom, maar ek vergeet die drome gou. My droom verdwyn soos jou seeperdjie in die ylwit lug (lig).

[Nota: "Het jy die angry writer in eergister se *Sunday Express* gesien?"]

Jou tekeninge is mooi en gee my baie plesier.

In hierdie opening het ek my after-shave gegooi. Dink jy dit sal die rit oorleef? Ruik en sê vir my.

Jou Yin-Yang (spelling?) was 'n mandala, poppet. Volgende keer sal ek 'n amusante brief skryf.

Sal ek jou meer omrent koring vertel, sonnige driade? Ek is toe gebyt deur, wat ek vermoed, 'n "black-widow"-spinnekop is. My neef, wat die ante-deluvian monster op pote vir my geleen het, verseker my dat ons black widows nie so giftig is soos die Bolandse black widows nie – die verskil is net dat jy langer neem om dood

te gaan. Ek het angstig op my dood gewag en kan die tyding meedeel dat die heerlike vrouespinnekoppie (sy moes my baie lief gehad het – hoekom sou sy my wou eet?) te lig was vir al die talle ander virusse wat ons droogtes en harde lewe in hierdie wêrelddeel in ons bloedstroom plaas. Black widows hoort by die sagte klimaat van die Boland tussen sagte koring en nie ons soort wat bruin-goud ryp word nie, en wat harde pitte in harde streepsakke deur staalmonsters baar nie.

Terloops ek dink dit is baie chic om op 'n vliegtuigstert te "tan".

Mej. Anima, jy besef natuurlik dat alles wat jou ontstel en hartseer maak die volgende oomblik kan verander. Mej. Anima, ek besef dat alles projeksies is, maar dis nie onwaar net omdat dit projeksies is nie. Geprojekteerde vereenselwiging is netso waar en netso rieel as om te gaan eet en te gaan slaap. Ons speel die spel van projeksie, Mej. A. Dit kan vir ons beide ontsagliks baie beteken. Omdat ek in die rol van die wyse man geplaas is ("calculating clot wat wegkruip in die riete") plaas [jy] 'n ontsettende verantwoordelikheid op my. Dit beteken ook dat ons mekaar seker nooit sal sien nie. Sal ek dit die tema maak van 18-44? Een ding staan vas: ek moet eers die roman skryf voordat ek jou sien. Indien jy my miskien êrens sien: met een of ander clottish onthaal in Johannesburg, of iets soortgelyks, gesels met my, maar gee jouself 'n vals naam sodat ek nie weet nie. As die roman eers geskryf is (indien ek dit regkry) sal ek ook graag wil weet hoe hierdie driade werklik lyk. (En ek voel nou soos Zhivago wat Lara wegstuur en die ruit stukkend klap om te kyk – 'n pragtige toneel – en die volgende oomblik deur 'n busvenster tevergeefs teen 'n ander ruit kap.)

Terloops, hoe het dit gegaan? Is jy volgende jaar tweede jaar op Wits? Skone Kunste?

Hoe bedoel jou ma as sy sê jy gedra jou nie op vakansie nie?

Hoekom is jy bang om *Die Derde Oog* te lees? Antwoord hierdie vraag.

Jou eetgewoontes is fassinerend. Het jy al heuning, pietersielie en beet as 'n kombinasie probeer?

Wat gaan jy eendag doen? Het jy ambisie wat die skone kunste betref? Jy teken goed. Jy het die hart en die verstand en daardie ietsie wat genialiteit spel. Gaan jy hard werk en alles combineer? Mej. I., jy is 'n merkwaardige dogter wat oor

drie maande, 14 Feb. heelwat ouer gaan wees – amper volwasse. Werk jy nog hard aan jou toenemende ouderdom? Voel jy dat met elke dag jou jare toeneem? Konsentreer net. Sê vir jouself: ek word ouer, ouer, ouer...

***Aan Ingrid Winterbach***

[November / Desember 1966]

Omdat ek vanaand depressief voel sal ek probeer om nie depressief te begin nie. Ons het toe gisteraand in Kimberley gaan fliek: Dr. (ek gaan my bes probeer) Zhivago.<sup>201</sup> 'n Groep van ses: drie vrouens (Geparfumeerd en gedresseerd) en drie mans (geskeer en in pakke) en die gesprekke beperk tot die dorpsnivieu. En, ag hemel tog, die banaliteit van furtiewe driehoekies... En jou oordeel was doodreg. 3 ½ uur van oë, Julie-gekreun, spinnerakke, donderende treine, cameo's en Sad Sacks (Sad Seks.) – gered deur enkele oomblikke: twee bloedrooi vlae teen die spierwit sneeu; die begrafnystoneel deur die oë van 'n kind (dit het my aan Azazel/herinner); en die heel laaste woorde van die Rooi Generaal toe hy vir die meisietjie vra of sy die balalaiks kan speel. Ek het aan jou gedink, Mej. I. toe ek die arme clot in die nag aan sy Lara-gesigte sien werk het.

Hierdie week is jy 'n bosnimf.

En, êrens in Knysna, by een van die lagunes, vlak by die see, hou die fezz-red Flaminco 17 stil en 'n driade wys haar geblomde tooisel in die warm son. Die stilte en die hitte lê stil tussen die warm bome en die stemme word 'n klankgordyn en alle bewegings vries stilvas voor die bosnimf wat die water soek. Die seeperdjie verdwyn in die wit lig; die toeristehotelletjie word die grot in die berg en die lagune die heilige meer van Diana. Haar pyl sidder in die boog om die sater te vermin want sy is die beskermer van alle vroue en diere van die veld. Die driade se tooisel blink vuurrooi in die son as sy soos die borrels in die sjampanje na die lig toe tol. Die pyl-lem glinster hard, die driade dans die dans van vrugbaarheid en die ritueel van skepping, en die sater, met sy oerwysheid en geslapenheid, begin soos die groot

---

<sup>201</sup> Doctor Zhivago (1965), 'n film onder regie van die Britse filmmaker David Lean. Die rolprent is gebaseer op die boek deur die Russiese skrywer Boris Pasternak.

god Pan sy hoof liggies op die grond tik – en uit die bos sweef die klanke van die magtige orkes van ritselende blare, en watervalle, en bergstrome, en branders...

[Hier is 'n stuk materiaal aan die blad vasgestempel met die nota: "Stuk van my hemp wat ek op die oomblik aan het met skêr uitgesny heel onder. Sal die hemp nou afrafel, dink jy?"]

... Die flaminco 17 hou stil en sy wys die gebloomde sy onder [die] mini terwyl die middeljarige gaste van die toeristehotelletjie hulle waardering uitbraak tussen die sjampanjeborrels. Sy tol pikant in die ronte en herken iemand by die eerste tafel waar sy nimf-koket haar uitdaging rig. Teen die muur van die hotel glinster die jagtersmes van colonial bwana; 'n teringagtige pianis word vergesel deur 'n dik, sweterige saksofoonspeler (wat in 'n Johannesburgse poskantoor werk); daar is pare wat dans en daar is die see. Die kamers is Viktoriaans onberispelik en die vensters kyk uit op magnoliabome. Die bosnimf, in haar mini, en nuutste haarkapsel (en haar paspoort veilig verberg) kyk na iemand by die eerste tafel en daar is 'n effense spottende lig in haar oë onder die deurmekaar wimpers – en ook 'n blytelje weemoed want sy weet dat die lewe van 'n nimf beperk is, en dat alle ekstase in die natuur tydelik is (soos alle ekstase) en dat sy en die sater vernietig gaan word as hulle die tenger reëls oortree – en sy lyk effe verlore.

... en meteens, uit die bos, en van die see, en uit die wit lig waar die seeperdjie in vrye vlug rondsweef kom die musiek van ritselende blare, en waters, en branders – en die bosnimf tol haar vreugdedans, en alles lewe, en die kolonel met die wyn-bruin snor gryp sy vrou om haar vet middel en dans as die sater en die bosnimf hulle doodsdans dans wat lewe is...

En, nou, is ek weer vaak, al skyn die son helder om 1.30 v.m. en jy moet maar, tussen briewe en die vernis van die staatsdiens, Mej. I., die storie vir jouself voltooi.

[’n Wolkie is op die blad geteken. "Stuk van my asem"]

**Aan N.P. van Wyk Louw<sup>202</sup>**

[Februarie 1967]

Beste Wyk,

André was hierdie naweek by my op die plaas en ons het saam 'n brief bedink om aan die koerante te stuur, en toe op die laaste oomblik besluit om dit nie te doen nie. Ons wou graag op 'n sigbare wyse ons waardering uitspreek maar al die weë was vir ons gesluit: dra ons 'n deeltjie by dan speel ons netjies in die hande van die groep wat jou graag wil sien as kampvegter van die Sestigers. Daarom het ons besluit om te volstaan met twee briewe aan jouself gerig.

As ons briewe ooreenkoms, dan is dit net omdat ons presies dieselfde voel oor die hele aangeleentheid. Jy het baie gehad om te verloor, en vir jouself niks om te wen nie, in die standpunt wat jy ingeneem het.<sup>203</sup> Jy het geveg teen geringe vyande wat baie gevaarlik is en alles aantas met die smet van hulle eie geringheid. Dit sou maklik vir jou gewees het om te swyg, en daarom beskou ons jou "vernederings", ter wille<sup>204</sup> van alle jongere skrywers van die toekoms, as een van die onselfsugtigste bydraes tot vryheid.

Dis maklik vir 'n skrywer wat "op pad" is om almal aan te durf; dit vereis groot geloof vir iemand in jou posisie om soveel op die spel te plaas ter wille van die 1/5de onbekendes. Ek sê dit met die grootste oregtheid (al klink dit ook hóé oordrewe vir jou – die taal van oregtheid is moeilik te vind) dat ons almal jou nou, meer as ooit tevore, waardeer. Ons sogenaamde Sestigers het dikwels al te maklik almal uitgedaag op daardie stadium toe ons iets wou gesê het wat later een of ander vorm

---

<sup>202</sup> Nicolaas Petrus (N.P.) van Wyk Louw (1906-1970), Afrikaanse digter, proasis, kritikus en akademikus wat met onder andere werke soos *Alleenspraak* (1935) en *Die halwe kring* (1937) as een van die leidende figure van die Dertiger-beweging bekend staan. Met sy *Vernuwing in die prosa* (1961) vestig Louw aandag op die jonger skrywers soos Leroux, en gee kritici meer aandag aan die Sestigers se werke.

<sup>203</sup> Louw was in hierdie tyd gewikkeld in 'n publieke debat in die pers met verskeie mense in die Noorde (veral Pretoria) wat hulself as kerk- en kultuurleiers ag. Dit het gehandel oor die betrokkenheid en invloed wat die kerk en staat moet uitoefen op die letterkunde. Die petalje het ontstaan as gevolg van die kerk se standpunt wat hulle teen *Sewe Dae by die Silbersteins* ingeneem het.

<sup>204</sup> Hier tik Leroux dit as een woord: "terwille".

sou vind. En, noudat ons op pad is, en teenkanting kry, is dit nie ons nie, maar jy wat die onkruid verwyder. Ons voel eintlik skaam – maar ook hulpeloos.

Nogmaals baie dankie. Ons staan vierkantig agter jou. Wat dit ook al vir jou mag beteken. Jy het die duiwel 'n naam gegee en daarmee baie meer bereik as wat die mense op die oomblik nog besef.

Beste Wyk, hoe skryf mens 'n brief van diepgevoelde waardering?

Stephen.

***Aan Ingrid Winterbach***

[Junie 1967]

[Aan die bokant van die bladsy is 'n skets van 'n protea. Aan die kant van die blad is 'n koringpit in 'n sakkie gerol met die woord "foeitog!" langsaan.]

Ja, Mej. I., die Rus<sup>205</sup> weet van die bestaan van die nimf en sy waarsku my teen die invloed van nimfe. Ek word elke winter verward en half kranksinnig: dis die invloed van die ysweer op my paranoïese psige – dit jaag die libido in die gevaaarlike kollektiewe onbewuste en dan keer dit terug met gevaaarlike ontploffings in die bewussynswêreld. (My enigste redding is om 'n roman te skryf en hopeloos verlief te raak. Wat gaan ek eendag doen as ek te oud is? Kan jy my oor twintig jaar in die kasteel in Bloemfontein sien, in kettings?)

Ek is bly dat my vermoede omtrent die aard van jou habitat darem gedeeltelik korrek is. Jou antwoorde openbaar in elk geval baie en dit was natuurlik die doel van my bespiegelings. Nie dat dit eintlik saak maak nie: maar is jy lig of donker? (Snaaks, terloops, ek kon jou duenna, Stephanie, nie as 'n bybelstudent voorstel nie.) Verder lyk julle woonstel onaards groot; ek bedoel, wat met balkonne en

---

<sup>205</sup> Leroux verwys na Sue Robinson, sy Poolse vriendin op wie hy die karakter van die Russiese minnares in 18-44 baseer.

badkamers en ateljeë, en spense en kombuisies en geen geraas in die gange nie.  
Beslaan dit die hele eerste of tweede verdieping?

Op jou advies saai ek vanjaar meer koring as wat ek nog ooit in my lewe gesaai het. Ek sal jou op hoogte hou van hierdie Eleusiniese onderneming en gereeld monsters stuur sodat jy darem ook op hoogte kan bly van ons gesamentlike poging. Ek sluit koringpitte in, om mee te begin. Dis behandel teen roes en vrotpootjie, is behoorlik gepasseer en gerigestreer, hierdie gesonde, vrugbare saad en bewaar dit goed of plant dit selfs in 'n blikkie op jou vensterbank. Ek stuur jou die eerste spriet sodra dit met 'n gil uit die grond kom.

(Mens plant koring, terloops, baie vlak.)

Ek kan jou verlange na die houtbed in jou geliefde Florida goed voorstel; trouens, dit was ook met 'n mate van weemoed dat ek die nimf in haar nuwe konkreet-woud sien. Maar, ja, soos die ou romanskrywers sal sê: dis maar die gang van die lewe...

'n Israeli-vrou is op die oomblik besig om 'n heerlike aardse lied met baie ch- klanke te sing.

Human & Rousseau, die uitgewery wat 18-44 sal baar, sit met 'n enorme embryo wat begin September, volgens berekening en bevrugting en draagtyd, die \*\*\*\* sal verlaat. Het jy al aan 'n dooprok gedink?

En nou kom ek by die belangrike gedeelte van die brief: in verband met Prof. Wabbeljoe. Dis moeilike advies wat jy van my gevra het. Moet jy briefies onder sy deur skuif, moet jy die telefoon optel, moet jy jou blootstel? My antwoord is Ja! Prof W. is heel moontlik nie onbewus van die donker (ligte) oë wat met elke lesing sy onsinninghede in die lig van wysheid sien nie. Prof. Wabbeljoe oorweeg dit miskien om ook 'n deftige briefie in die stilte van die nag te pen en dit dan skuldig op te skeur. (Jammer om jou teleur te stel, maar sy kennis van Thomas Mann is maar gering; Nietsche is buite sy bereik; Dostojewski het hy slegs in vertalings nie begryp nie – onthou, hy is 'n Angelsakser en die Slawiese-germaanse wêreld is vér verwyder van sy public school en Cooks-reise.) [Die volgende sin is doodgekrap met die nota by: "liewer nie, Mej. I"] Hoe dit ookal sy: ek dink jy behoort, soos Ster dit sal stel, hom 'n aanduiding te gee van jou toegeneëndheid.

Mej. I., dit is laat, hierdie wintersnag, ek is yskoud, 1001 probleme knaag aan my, ek verkeer op 'n laagtepunt, ek het 'n doodsbesef, dieselfde dinge kring om my, die wêreld verander té stadig, ek is die enigste werklike hippie in die Republiek, stoksiel-alleen met my I-Thou-gevoel, en die hordes van regs sak op my toe. Dans die acid-rock, Mej. I.; skryf vir my 'n mooi brief en vertel my meer (asook jou nuwe adres, *asseblief*, in Johannesburg.)

Die bushalte is naby julle woonstel. Julle eet hamburgers en drink tee vir middagete. Die aandete is vollediger. (Stuur my julle adres en dan stuur ek julle 'n sakkie aartappels. Hulle noem ons aartappels "black diamonds". Dis glo die lekkerste aartappels in die R'blek.) Is daar êrens Bosch-koppies of Hymie Rabinowitz? Julle bad in die aand gedurende die week en in die oggende oor die naweek. (Partex uitstekend volgens advertensies.) Die warmwater is nie van die warmste nie. Het die lav 'n ketting of 'n chroom-handvatsel wat andersom werk? Het die bad leeupote of is dit net regaf-ysters. Kan jy 'n warmwaterkraan met jou groottoon aandraai? Blydskap dat daar *twee* verweerde en verblykte waslappe is. (Pienk of blou?) Seep? Palmolive-groen of weereens pienk? Badsout of badolie? Ken jy Badendaz? (Spelling) Science-fiction lees die beste in die bad (asook Time's Literary Supplement en die dood van Dylan Thomas.) Waar droog jy die eerste: tone, rug of mik? Hardloop jy in die winter sonder comfies met opgekrulde tone deur die porch / ateljee / kombuis na die slaapkamer? Jy slaap op jou maag. (Ek begin 'n volgende roman ontkiem...) Beddens kop-aan-kop en wie praat die langste in die donker: jý of die student van Geyser? Daardie wonderlike ete in kerslig met patats vir die Yanks – en hoe kan ek my die toneel voorstell! (Jammer, fout: argitek van Cambridge, sater-sonder-savvy.) Die omskop van wyn is mooi.

En nou dink ek weer aan professor Wabbelj. Hy is driekeer getroud. Laaste egskeiding in Mexiko onwettig. Kindertjies in drie kontinente met smeekhandjies uitgestrek na vérre, verlore, pa-paa. Vrou met bolla (nee, donker, mollig, lank en bevredigend.) Stel nie belang in tieners nie; stel nie belang nie...

Mej. I. oor soveel maande is jy twintig. Is die lewe nie fantasties nie!

Mej. I. dis bitter koud vannag en ek weet nie wat om te doen nie. (Har, har?) Ons het gister 86 springbokke doodgeskiet en ek bedoel met "ons" die gaste want ek het omtrent vyftien jaar gelede meteens opgehou met skiet toe 'n ram vyftig tree voor

my gepronk het en 'n ooi vlakvoor my kom staan het en met pikswart oë na my gekyk het. Deesdae skiet ek slange met 'n rewolwer en ek het 'n onweerstaanbare behoefte om mense ook te skiet. Ek kan goed met 'n rewolwer skiet en sou miskien 'n goeie cowboy gewees het en ek onthou nou dat ek baie jare gelede eenkeer saam met 'n kennis gaan visvang het en dis seker die verveligste tydverdryf wat daar is, ek het eenvoudig rasend van verveling geword en toe haal ek my rewolwer uit en skiet sy dobber stukkend, en hy was verbaas, die homoseksuele adder en visvanger, (want ek het eers later uitgevind dat hy 'n pansie was) en dit was my redding daardie skoot want toe was hy versigtig anders sou hy my miskien op 'n baie ontvanklike stadium ingelei het in sy afwykende wêreld. Ek het vir minste[ns] tien jaar op die plaas altyd met 'n rewolwer rondgeloop en rondgery en ek was die held van die lokasie – dit was vir die nie-wittes té mooi as ek 'n sigaretdosie met .22 koeëls aanjaag. 'n Mal vriend van my en ek het ek eendag die polisie uitgedaag en hulle gewen en dit was in my bachelorsdae en ons het gefuif en in die middel van die nag groot swaar .45's uitgehaal en al die lanterns se vlamme uitgeskiet en dan het ons in die maanlig in die modderdam gaan swem en ek sit vandag met 'n Mauser-rewolwer, 'n .45, 'n .22 en 'n .25. – orals rewolwers in laaie, agter boeke, vol stof, met verwytende lope na my gerig want die baas ken hulle nie meer nie en het sy belangstelling verloor. En ek dink nou skielik daaraan dat ek in Three Musketeer-dae 'n goeie duellis sou gewees het, weet jy, met sonop vyftien tree en dan omdraai en skiet, vir Belinda my beminde, maar ons woon ongelukkig in 'n tyd waar die banale vuishou die wapen van die heroïese gentleman is en ek is jammer, Juf. I., maar ek is nie so 'n goeie vuisvegter nie en ek het werklik hard probeer want ek het op Grey by Sergeant Walker<sup>206</sup> ure in die Gym ge-oefen en ek kon punte aanteken met twee reguit linkers en 'n kort regter en dan slaan die ander clot my tussen die oë en ek háát om in die gesig geslaan te word (dis seer) en dis toe dat ek besluit het om goed met 'n rewolwer te skiet en ek het jare en jare geoefen en wat help dit alles want ek gaan loop toe Regte op universiteit en ek leer daar dat jy nie iemand sommer met 'n rewolwer mag skiet nie en nou sit ek met die vaardigheid en daar is niemand om te skiet nie tensy daar 'n oorlog uitbreek en nou is ek weer van vooraf bang want ek hou nie van die donker nie en goddêmit hulle storm jou met bajonette en naas

---

<sup>206</sup> Luidens dokumentasie in die Grey Kollege museum was W. (Sarge) Walker (geb. 1894), eens 'n lid van die polisie en toe die weermag, voordat dié Brit vir 35 jaar werksaam aan die skool was waar hy liggaamsoefening vir die seuns aangebied het.

vuishoue hou ek die minste van bajonette en ek word naar as ek bloed sien (veral my eie) en lemmetjies van eendsterre is sekerlik die vreeslikste wapens wat daar is en besef jy nou hoe heroïes ek was toe ek vir jou bloed gestuur het (synde 'n man moeiliker bekombaar) deur middel van 'n lemsny op my pols en die merk is nog daar maar dis 'n bloedritueel waarop 'n nimf geregtig is en dit was my offer.

Mej. I., ek dink skielik aan iets anders en dit is dat ek gladnie weet hoe jy lyk nie (nie dat dit belangrik is nie) en dat ek ook nie weet watter soort mens jy in die gewone lewe is nie want ons briewe oor en weer openbaar slegs die persona's wat ons tot mekaar rig. Sal ons mekaar haat of vervelig vind as ons mekaar ooit sou sien en nou wonder ek: veronderstel 18-44 is 'n reusesukses, veronderstel ek wen 'n prys daarvoor, kan ons nie 'n gedeelte van die prysgeld neem en pienk sjampanje en caviar drink tot in die vroeë ure van dieoggend nie – verkieslik in die geselskap van vriende want ek het nog altyd gevind dat mens groter kontak vind teen die agtergrond van ander mense wat die gang van 'n partytjie bepaal veral 'n boheemse geroep met uitgelatenheid, 'n pseudo masque,<sup>207</sup> jy weet nê?

En nog iets Me. I. – as my anima speel jy al die rolle wat van 'n anima verwag word want jy terg soos 'n nimf behoort te terg en die volgende oomblik openbaar jy tog iets wat belangrik is en dit hoort ook so want ek is nie so seker of ek vir jou of vir myself skryf nie; en of jy vir jouself en nie vir my skryf nie, maar dit sal tog interessant wees om een dag uit te vind vir wie ons skryf, dink jy nie so nie? Het jy byvoorbeeld opgemerk dat ons nooit op wedersydse vrae antwoord nie?

En nog iets: jy is 'n eienaardige samestelling want jy skryf soos 'n nimf en raak verstrikk in die raarste manlike karaktere nes asof jy 'n soort heksenimf is wat al die predikante, professore en bourgeois-tipe (spelling) laat dans met die prikkels van jou demoniese uitdagings en dan is mens nie altyd seker of hulle slegs in jou nimfe-verbeelding dans nie en boonop terg jy ook die onskuldige tienermans van jou eie ouerdom wat nie jou portuur is nie. Jy betower my, Mej. I., want ek is seker dat jy werklik 'n nimf is, komaan, erken dit nou, van heks tot heks (ek en jy) behoort ons nie miskien aan 'n mistieke orde nie? en ek dink jy is nou oud genoeg

---

<sup>207</sup> 'n Sosiale geleentheid waartydens mense in kostuums en op 'n spesiaal ontwerpde verhoog met mekaar dans en musiek maak. Dié gebruik was gewild in Europa tydens die sestiende en sewentienste eeu.

(jy raak pragtig ouer) – (jy doen werklik jou bes en die resultate is fantasties) – dink jy nie dat ons ons onheilige alliansie vir mekaar moet beken nie en dat ek nog 'n roman moet skryf volgende somer, 'n vervolg op die vorige, en sodoende die hele wêreld verder voer in ons hekserit nie?

Juf. I. die winter is besig om my dood te maak. Ek hoop winter maak jou ook dood. Dis die gang van die libido. Sal ons volgende somer ontploff?

Jy weet jy het my nooit vertel hoekom jy destyds daardie kort kriptiese versugtings gestuur het nie. Ek het jou nooit gevra nie. Sal jy my nou vertel?

Ek wonder meteens.

Ek wonder meteens.

Sal ons ophou met skryf en ophou om aan mekaar waardes toe te ken wat nie een van ons twee het nie? Sal ons aanhou met hierdie geprojekteerde vereenselwiging? Of sal ons aanhou met skryf en kyk wat gebeur? (Antwoord hierdie vraag.)

Intussen verlustig ek my in jou tienerbestaan en sien ek jou en Stephanie met die kort hare ('n enorme sterk karakter) wagtend op die bus wat julle sal voer na Wits en soms Witzenberg. Vannag gaan dit kapok. Môre is die wêreld yskoud en vars. Dis baie laat en ek het nie lus om te lees nie en ek het ook nie lus om te slaap ie.

Ek het skielik 'n ingewing. Jy is 55 jaar oud. Jy is 'n spinster wat die rol van 'n tiener speel.

Ek het 'n ander ingewing. Jy is 'n jongvrou met 'n onaardse verbeelding wat jou vir die res van jou lewe las sal gee.

Ek het nog hin ingewing, maar dít hou ek dig... harharhar.

Xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

[Nota: "58 – volgens my telling"]

***Aan Ingrid Winterbach***

27 Julie 1967

Mej. I., ek skryf vir jou vanaand omdat ek meteens 'n gevoel van heimwee gekry het na daardie goddelike somersaande toe ek besig was om 18-44 te skryf en terselfdertyd gewag het op jou briewe om te sien watter wending die roman sou neem. Ek verkeer nou in my winterslaap en ek sterf elke winter heelwat want ek word van 'n kant af opgeneuk deur die eise wat die boerdery aan my stel; dis asof die komplikasies elke winter méér word en ek wag nog steeds op die magiese gebeure wat teen die einde van die winter die somer sal bepaal. Dit gebeur altyd met my: vóór die herlewing gebeur iets interessants, uitdagend en kripties. Op die oomblik is alles, helaas, banaal en ook gevaaarlik. Ek is uiters wondbaar in hierdie toestand. Ek het vandag na die koring gaan kyk: twee van die lande begin liggroen wys; 'n derde land weier om op te kom (die saadjie ontkiem maar die grond het vasgeslaan en die sprietjie kan nie bo uitkom nie. Ek het vir een van my bestuurders gesê om die trekker te vat en met die roltand-eg liggies seer te maak, die kors te breek... ek sal jou laat weet wat gebeur het. Hierdie bepaalde land sal 'n proef wees: ek het ongeveer 100 morg onder besproeiing koring gesaai en die beginsel van besproeiing is dat jy driekeer soveel moet kry as mense wat op die droëlande saai. Elke saadjie moet opkom, die koring moet driekeer so welig wees en die opbrengs moet vierkeer soveel wees. Verlede jaar was dit vir genot; vanjaar vir geld. Jy wou mos boerdery gesels, nie waar nie? Ek skiet vir 60 sak op 'n morg – maar dan moet elke saadjie opkom – en die grond slaan vas. Wat moet ek doen as die roltand nie werk nie, Mej. I.?)

Ek woon in 'n woestynwêreld, Mej. I. Die Israel van die Republiek. En die woestyn sal blom en die goue are sal waai in die westewind en koringblomme sal op die watervore groei. Die frigid hoer, die natuur, sal warm en sag moet word... Dis 'n absolute vereiste. Ek het vandag in die grond gegrawe, onder die kluite, en gesien hoe die liggeel sprietjies ál in die rondte rol in hulle poging om uit te kom. Dêm, dêm, dêm! Maar miskien gee sy oor, my geliefde bitch. Ek het besluit om volgende Vrydag (oor drie dae) te gaan kyk. As niks gebeur nie sal ek nog planne beraam. Al moet ek haar soos 'n waansinnige aanval. November moet daar morge en morge goudgeel are wees waarin ek rond kan rol.

Ek het vanaand tarentaal geëet.

Gisteraand springbokbiltong.

Cassels van Londen wil die Britse regte van die Silbersteins koop.

Ek dink skielik aan iets: ek weier om die wyse vader te wees. Ek kon net sowel<sup>208</sup> ook in daardie onmoontlike “flat” in Johannesburg gelê het op ’n enkelbedjie, skoongewas deur ’n pienk waslap, met allerhande onverklaarbare verlanges in die nag. Klink dit vir jou soos die muur van China? Die pitbruin beskermheer met Mongoolse oë wat die wysheid in pag het? Daar is geen beskerming nie, Poppet. Dis my lessie vir jou. As jy beskerming soek sal jy dit kry in domme eenvoud van kragdadige manne, maar die dag sal kom dat jy soos ’n vlinder jou vlerkies sal afrafel teen die muur van hulle veiligheid. Ragfyn donsies, met al die kleure van die reënboog. Sal ek jou vertel van die Rus? Nee, ek sal nie. Jy kan van haar in die boek lees.

Onthou jy ons besoek aan die Wildernis amper ’n jaar gelede? Of was dit George? Toe ek aan die slaap geraak het oor ’n drukfout 12-uur in die middag, met witwyn, en saters in die bosse, en flinkerings op die oseaan? Onthou jy, amper ’n jaar gelede, toe jou eerste brief gekom het: sassy en uitdagend, en toe ek, netsoos nou, voor my tikmasjien gaan sit het en hoe amper een jaar soos ’n honderd verloop het?

Jy, net soos ek, het gedurende daardie tyd op geen vrae geantwoord nie. Ons het bymekaar verby geskryf soos passasiersskepe wat in die tropiese nagte by mekaar verby vaar; ons sien die liggies vanaf die dekke weerskante van die maanligsee tussen ons. Die orkestre dreun en ons wuif onsigbaar vir mekaar. Ons kyk terug oor die fosforborrels vanaf die agterdek: twee parabole op die oseaan in die oneindige nag.

Ek het van jou laaste brief gehou: dit was konkreet en tasbaar. Ek kry ’n beter begrip van jou bestaan: welkom stukkies in die legkaart wat ek probeer voltooi.

Moet ek ’n vervolg skryf op 18-44, dink jy?

Verskoon die saaiheid van my briewe, maar, sodra dit somer is, sal ek iets avontuurliks bedink. Romantiese avonture want ons leef in die teken van die neo-

---

<sup>208</sup> Leroux skryf dit hier as een woord: “Netsowel”.

romantiek. Ek sal die Chateaubriand wees van die laaste helfte van die 20e eeu. Ek sal 'n Atala en Rene<sup>209</sup> skryf...

Mej. I, ek kan die wysheid, wat met ouderdom kom, nie vind nie. Alles lyk vir my presies soos dit vir my gelyk het \*\*\*\*\*-jaar gelede. Ek vlug nog steeds weg van my jeug; ek kan nie van die bobbejaan op my skouers ontslae raak nie.

Het ek dit gedroom, of het jy gesê dat jy 'n litteken ('n merkie) het onder jou linkerbors? Jy is deur 'n vampier gebyt, Mej. I, en jy sal vir die res van jou lewe daaraan ly: blomme sal verwelk as jy aan hulle raak; jy sal soos die lewende dooie in die nag wandel op soek na die lewegewende bloed wat jy verloor het. Prof. W, die "Haai-oog" en al die ander sal jou slagoffers wees en mettertyd tot die bende wandelaars gevoeg word. As kenner van die duisternis het ek die verjaarsdagbeeld onmiddellik begryp en "compassionate magic" uitgevoer wat jy hopelik gevoel het en in die toekoms dikwels nog sal voel. Ek weet nie of jy 'n grap gemaak het toe ek voorheen daaroor geskryf het nie: ek het die presiese uur genoem maar nie die oorsaak van die duiseling bepaal nie. Ek het die gevoel van duiseling self ondervind in die heksemanipulasie en ek is oortuig daarvan dat jy op daardie presiese oomblik 'n slagoffer moes gewees het.

Mej. I, ek het jou brief vandag gekry, dis Donderdag die 27e en dis nou 20 minute oor nege.

Dink mooi terug...

Presies, nou...! 9.20 n.m., 27/7/67![Nota: "Ek dink aan die..."]

Ek gooи my dolosse in 'n winterwoestyn, Mej. I. Jy kan my ook help, maar ek weet nie presies hoe nie. Jy is plus-minus lig, mooi, lelik, interessant, miskien beneuk, selfsugtig, ryp, oud, jonk, verward, en 'n mede-heks. Ek gooи my dolosse vir my mede-heks en ons sal die maan laat kantel met ons bose oë. Jy het 'n demoniese invloed op my: jy bepaal my skryfstyl want ek weet presies wat jy wil hê... iets soos die volgende:

---

<sup>209</sup> *Atala* is 'n novelle deur die Franse skrywer François-René de Chateaubriand wat in 1801 gepubliseer is. *René* is ook 'n novella en een van Chateaubriand se bekendste werke. Dit het in 1802 die lig gesien. Beide werke maak eintlik deel uit van die skrywer se epiese roman wat later bekend sou staan as *Les Natchez*.

Ek sien die heksenimf wat effentjies 'n probleem is, vir almal wat haar lief het (die interessante kind / meisie / jongvrou) want sy hou van kinders, sy is interessant maar onmoontlik, sy dwaal soms en doen die eienaardigste dinge, 'n boheemse klein skepseltjie wat ook nie eintlik in die boheemse konformiteit pas nie want sy sal op die interessantste oomblik afdwaal en haarsel onsydig onttrek (hoe kom kyk sy só snaaks in die halfdonker, hoe kom doen sy presies dit wat sy nou doen terwyl alles behoort goed te gaan, hoe kom kry sy daardie eienaardige lig in haar oë, hoe kom is sy een oomblik so vurig en vol oorgawe en die volgende oomblik vyandig en steriel...? Sy is maklik: ek vat aan haar, sy gee haarsel driftig oor, en die volgende oomblik onttrek sy haar. Sy is moeilik: ek raak liggies aan haar en daar is geen meegevoel nie, ek raak aan haar en sy lewe warm en hartstogtelik en skielik word alles 'n spel en die hartstog is nie meer hartstog nie. "Ek hou van haar," sê Stephanie, die Bybelstudent. "Sy verstaan my en ek sal haar beskerm." "Sy is interessant," sê Sheilagh. "Sy is... sy is... anders." "Daar is iets in jou," sê die Bessie. "iets, maar jy gee nie genoeg nie..." en die Bessie herlei haar Lesbiese gevoel vir die nimf tot iets geesteliks en die nimf terg haar en onttrek haarsel op die laaste oomblik want sy is 'n heks en...

die nimfe-heks besluit een aand (oggend of middag) om aan 'n magus te skryf wat ook maar in die verligte 20ste eeu sy duisternis probeer vind...

en vir 'n jaar pleeg hulle alchemie en uit die rou grondstof vind hulle 'n elixir wat, in die gees van ons tyd, aangedui word deur 'n formule (1844) en hulle besef dat die conjunctio nog nie daar is nie

en dan begin hulle weer van vooraf, dwarsdeur die venynigste winter, en blaas demoniese lewe in mekaar.

Daardie clottish meisie, wat ek projekteer, sy is lank, skraal, kuiltjies in haar wange en kyk oog vir oog; sy is donker en vurig en het vierkantige tandjies; sy is 'n samestelling, lig-donker, sy is my sad-ami, en ek stuur vir haar die enkele koringspriet wat die swart aarde te bowe gekom het.

Ek hou daarvan dat julle op verblykte matte eet. Ek vergeef julle selfs julle tiener-pseudo-boheemsheid – die bekwame Clot op die voetenend, die Katolieke professor W. (Lapsed?) in sy Volkswagen (hy het geen vrou in Rio de Janeiro nie –

geen onegte kinders in die Pampas nie – slegs snotneus-spruitsels met angelsaksie goeie maniere).

Stephanie is 'n eienaardige duenna. Bybelklasse by Geyser, Msc.-seks op Clifton, manshare, rosegeur en pienk-na-'n-bad, en 'n NEE as die arme wetenskaplike haar wil gryp... Jesus!

Miskien is jy ook 'n heks, hekse soos ons.

Maar, Mej. I, te veel hekse bederf die heksebrou.

xxxxxx

xxxxxx

xxxxxxxx

xxxxxxxxx

Ek wil vir julle aartappels, black diamonds, stuur. Maar jou adres is verwarrend.

Skryf in jou volgende brief, volledig, naam en adres, waarnatoe ek die "spuds" moet stuur.

Nasrkif. Die bleek mond het die regte grootte. Ek hou van groot monde. Groot, bleek monde.

### ***Aan Ingrid Winterbach***

[September 1967]

Mej. I, soos jy seker alreeds deur middel van sterrewiggelary vasgestel het, gaan ek 'n besondere moeilike tyd deur.<sup>210</sup> Ek kan byvoorbeeld deesdae nie eens meer met mense gesels nie. In die verlede kon ek, as ek half-dronk is, 'n sekere gevathheid in 'n

---

<sup>210</sup> Leroux verwys heel moontlik hier na sy verbrokkelende huwelik met sy eerste vrou, Renée. Hoewel hulle eers in 1969 amptelik geskei het, was die verhouding in hierdie tyd vir alle praktiese doeindes verby.

gesprek openbaar wat aansteeklik werk sodat almal opgewek deelneem. Deesdae frons ek in 'n hoek en mompel onverstaanbaarhede. Ek verlang na 'n jaar gelede. Ek verlang na die aand by Gino's – die kranksinnighede van intelligente mense, die huilende tiener en jou eerste brief wat onmiddellik daarna gevolg het.

Ek was vandag in Bloemfontein. Ek het nie geweet wat om met myself aan te vang nie, toe ry ek maar terug (75 myl) en langs die pad tel ek twee boemelaars op. Een sit agter en een sit voor. Hulle vertel my hoe gevaarlik dit is om twee onbekendes op te laai en dat jy daarteen moet waak dat een voor sit en een agter. Toe sê hulle dat mens seker maar een dood verskuldig is. Hulle was altwee laas oorlog in die oorlog en die een het 'n plaat in sy kop en is heel moontlik "dotty". By een van die kafees langs die pad koop ek vir hulle kos (fish en chips) wat ons met smerige vingers onder 'n peperboom geëet het. (Ongelukkig nie genoeg geld gehad om iets sterkers vir hulle te koop nie.) Hulle vertel my hulle lewensgeskiedenis en hulle lewensgeskiedenis is die name van plekke waar hulle was en waar hulle gebly het. Ek ken die binnekant van die Salvation Army deeglik deur hulle oë. (50 sent, etes ingesluit, 30 sent sonder etes.) Hulle het ingeboude geslepenheid en 'n oppervlakkige kennis wat die leek sou imponeer. Toe hulle in die motor inklim, weet hulle dat ek 'n skrywer is en hulle ken my skrywersnaam en hulle het my onmiddellik as 'n mede-boemelaar beskou. Het jy geweet dat skryf die enigste beroep (skilders eintlik ingesluit) is waar jy in álle geledere welkom is? Die een se van is Barnard en die ander se van het my ontgaan. Hulle vrouens is dood – 'n week na mekaar vermoor in die Noord-Kaap. Die bedreiging van agter (plaat-in-die-kop) se twee tandé is uitgedonder by Walvisbaai; die een langs my roggel be-pe-ke terwyl sy maat die onverstaanbare kommunikasie verstaanbaar vertaal. Hulle is taai en lenig want hulle stap seker dertig myl per dag. Hulle praat neerhalend oor hoere wat hulle ken; hulle ondersteun die regering en klink soos volgelinge van Weiss – verkramp. Hulle het een kombers tussen die twee. En 'n bruin soetkeis asook 'n landkaart. Ons rook die laaste Lexingtons en daar is één brood en 'n stuk polony oor wat versigtig toegedraai word. Ek het 'n heel moderne hacking-baadjie aan (die soort wat hoog toeknoop) en Carnaby-street- suede-skoene, 'n handgeweefde das en 'n nousluitende broek. Ek was vandag in die "mood" vir so-iets. Die lewe is kranksinnig en ek wil Spanje-toe. Hulle wil Windhoek-toe.

Hel, Mej. I, jou bewegings is vir my duister. Waar bly jy nou? Die aartappels is toe nie gestuur nie want ek stuur nie die aartappels as jy dit nie op die vloer eet in 'n Boheemse woonstel nie. In elk geval, is ek bevrees dat die sakkie wat ek soos goud vir jou bewaar het teen hierdie stadium gevaaalik groen begin word.

Die Rus is op die oomblik in Rusland. Sy en die Kosak is toe Rusland toe vir vakansie. Hulle hou elke jaar vakansie: soms in Majorca, soms in Madeira, soms in Triest, soms in Budapest, soms in Rusland.

Ek het twee fleiks gesien: *Inside Daisy Clover* en *Two for the Road*.<sup>211</sup> Brrrrr.

Ek het gister my eerste poison-pen letter gekry. Naamloos, natuurlik. Ek bewaar dit soos goud. (Na aanleiding van 'n clottish onderhoud wat ek met *Spring* gehad het.)

Ek speel Saterdag tennis teen 'n plek met die ongelooflike naam van Wanda. Ughhhhhh.

[Onder op die blad is 'n skets van 'n man wat 'n tennisbal oor die net slaan.]

### **Aan Ingrid Winterbach**

[Oktober / November 1967]

Lieve Mej. I. Lieve Mej. I. Lieve Mej. I. Lieve Mej. I. Het jy die Mumm Cordon Rouge geproe? Laat dit jou terugdink aan 'n jaar gelede toe jy daardie pragtige brieve geskryf het van saters-by-die-see?

Ek gaan die 2de Maart Europa toe vir ses weke slegs. Peter Brook (wat *Lord of the Flies* gemaak het) het my genooi om na Londen te kom en die verfilming van *Silbersteins* te bespreek. (Geheim.) Ek ontmoet Graham Greene in Antibes.

Hoekom het jy ophou om te skryf?

---

<sup>211</sup> *Inside Daisy Clover* is 'n Amerikaanse rolprent wat in 1965 vrygestel is. Christopher Plummer en Natalie Wood vertolk die hoofrolle. Die film is gebaseer op Gavin Lambert se roman, wat in 1963 onder dieselfde titel gepubliseer is. *Two for the Road* (1967) is 'n Britse rolprent met Audrey Hepburn en Albert Finney in die hoofrolle. Die film se regie is deur Stanley Donen behartig.

Die Engelse vertaling van 18-44 verloor heelwat, maar daaraan kan niks gedoen word nie. Ek is baie jammer, Mej. I. In elk geval, dit word binnekort Amerika-toe gestuur.

Hoekom het jy opgehou met skryf?

Sodra ek terugkom, wil ek 'n nuwe boek begin. Ek weet nie waaroor dit sal gaan nie.

Hoekom het jy opgehou om te skryf?

Wie sal my spelling verbeter? Wie sal my dæ draaglik maak? Wie sal my voortvlugtende anima wees?

Hoekom het jy opgehou met skryf, Mej. I?

Hoekom het jy begin skryf 'n jaar gelede?

Winchester Cathedral, you are...

Peter Pan, Frank Sinatra, en Mia donder weg van mekaar in my oom se monsterbote die diepsee in.

***Aan André Brink***

[Januarie / Februarie 1968]

Beste André,

Baie dankie vir jou brief en welkom in ons midde. Jy maak my jaloers met jou blyery in Europa; ek kan net nie so ver kom om my goed in te pak en vir 'n tydjie weg te neuk nie. Ek het ook vanjaar min geld. Ek weet nie wat gebeur het nie; toe ek kyk is my geld op. Ek wens een of ander instansie wil hulle ontferm en weer 'n prys gee – al is dit nie volgens verdienste nie.

Ek weet nie wat die goddelike Anna se adres is nie, maar 'n vriendinnetjie van haar bly in Koffiefontein en sy sal Anna opspoor en die adres vir jou stuur. Haar

naam (die speurdertjie s'n) is Liesbet; sy het 'n mooi figuur 'n pikante gesiggié, en sy gaan volgende jaar kuns loop in Pretoria. (25 jaar; dis moeilik om te skat; die goedjies raak met behulp van kosmetiek deesdae so vroeg ryp.)

Hulle het ons gesamentlike lyk, die Sestigers, weer kwaai oor die radio aangeval (twee Sondagaande 8.30 – ene ds. Bouws). Ons is behoorlik ontbind met die gevolg dat daar niemand was wat 'n protes ten hemele kon skreeu nie. Miskien moet jy weer inklim, André, en die dooies wakker maak.

*Herinnering se Wei* het toe verskyn en lyk nogal behoorlik. Ek wonder hoe dit verkoop. Miskien kry mens daarvoor gereeld jou 25-sent royalty. Alles help.

Ek sien, helaas, ja, dat jy besonder slytig met vrouens werk. Ek wil nie huis kant kies in sulke huishoudelike probleme nie, maar dit kom tog vir my voor asof die skrywers as 'n groep nie eintlik bestem is om hokgeslaan te word deur die vroulike ego nie. Is skrywers selfsugtig of sien en weet hulle net meer as ander mense? Dit sal gaaf wees om jou in die Kaap te sien; mens sal Jan mis – ek hoor hy durf New York met mening aan en het (teen sy sin, seker) 'n behoorlike adres.<sup>212</sup>

Dis besonder droog by ons en die droogte begin my nou ook verweer. Ek kry weer lus vir skryf, maar ek sal wag totdat my boek uit is voor ek weer begin. Ek is net nie seker waaroor mens deesdae kan skryf nie. Ek het lus vir so 'n kortetjie terwyl die libido nog oortyd werk.

Sê mens groete van huis tot huis onder hierdie omstandighede? Groete in elk geval.

Stephen.

**Aan André Brink**

[Februarie 1968]

Beste André,

---

<sup>212</sup> Rabie ontvang in 1966 'n Carnegie-reisbeurs en saam met sy vrou Marjorie vertrek hy na die V.S.A. om skrywers te ontmoet. Daarna reis hulle na Brittanje, Skotland en vestig hulle hulself vir drie jaar op Kreta.

Toe ek weer hoor is jy weg, daarom rig ek maar hierdie brief p/a die Breytenbachs en ek hoop jy kry dit.

Ek vertrek die 29ste Maart en bly in Madrid tot die 2de April, in Valencia van die 2de tot die 5de, in Majorka van die 5de tot die 8ste en daarna na Parys toe. In Parys bly ek voorlopig van die 8ste tot die 15de. Daarna moet ek vir besigheidsredes Londen toe vir 'n week. Nou het ek gewonder: sal jy in Parys wees tussen die 8ste en die 15de? Ek sal vir my 'n plek bespreek in 'n hotel wat min of meer in julle buurt is. Verder, het jy nie lus om my in Madrid te ontmoet nie? (Dan kan ons daardie tien dae, voordat ek Parys toe kom, saam die plekke verken wat ek genoem het. Ek gee voorlopig geen besonderhede nie want ek wil eers van jou hoor.)

Na my week in Londen (omstreeks die 22ste) sal ek vir omtrent 8 dae die gas wees van 'n vriend. Daarna oorweeg ek dit om vir Jan-hulle te besoek voordat ek vanaf Athene op die 12de Mei terugkeer Republiek toe.

In kort: vanaf die 29ste Maart tot die 15de April is ek loshotnot. Daarna is ek aan allerhande verpligtings verbonde tot omtrent die 1ste April. As dit jou pas, en as jy lus het, moet ons mekaar dan van die tydperk 29 Maart tot 15 April te sien kry. Sal jy my laat weet hoe dit inpas by jou finansies en planne?

Groete aan Breyten, Yolande<sup>213</sup> en jouself.

[Brief eindig.]

***Aan André Brink***

[Maart 1968]

Beste André,

---

<sup>213</sup> Die digter Breyten Breytenbach (1939- ) se Viëtnamese vrou Hoang Lien (Yolande), met wie hy in 1962 trou en daarna in Parys vestig.

Baie dankie vir jou brief en die vriendelike aanbod om vir my 'n hotel te bespreek in Parys. Ek sal die 8ste April op die lughawe aankom met die vlug vanaf Majorka. Ek sal bly wees as die hotel in die nabye omgewing is van julle eie tuiste sodat 'n man nie so ver hoef te stap om mekaar te sien te kry nie. R2.40 per dag klink pragtig – mits daar darem warm water in die kamer is vir skeer. Sal jy vir my skryf en die bespreking bevestig – en, natuurlik, die naam van die plek bekend maak.

Heelwat interessante dinge gebeur met my en ek bly ontsettend besig om korrespondensie ensomeer af te handel. Ek gaan my volgende roman begin skryf sodra ek terugkom. Ek het intussen 'n Mej. X uit Amerika bygekry (sy is 22) en ek oorweeg dit om vir haar ook 'n boek te skryf.<sup>214</sup> Vrouens fassineer my meer as ooit en mens kan alleen oor daardie dinge skryf wat jou aangryp. (Geen ordentlike Sestiger laat hom in elk geval voorskryf hoe, oor wie en wat hy moet skryf nie.)

Pratende oor die Sestigers. Chris Barnard, vandat hy loshotnot is, begin goddank weer rebels word. Hy het glo van sy kerkgenootskap bedank omdat hy siek en sat is vir hulle verdagmaking van die Sestigers. (Hulle het glo 'n telegram aan die betrokke minister gestuur om American Field Service, Sestigers, Beatles, kommuniste, hippies, pilgebruikers, en naakte vrouens te verban.) Hy was op die voorblad van een of ander Sondagkoerant (*Die Beeld*, dink ek)<sup>215</sup> omring deur sy brief van bedanking.

Pratende ook van koerantberigte: die Akademie het nou voet neergesit en werke sal glo in die toekoms op meriete beoordeel word. Dis "common talk" dat die Hertzogprys vir poësie tussen Breyten vir sy 2 digbundels en Uys Krige vir sy bydrae oor die jare sal lê.<sup>216</sup> Uys is 'n pal van my, maar ek hoop werklik dat Breyten dit kry want Breyten is die beste digter (almal aanvaar dit) en mens voel dat hierdie ewige kompromieë nou end moet kry. Hierdie groot kultuurliggame is, helaas, egter nie

<sup>214</sup> Leroux verwys hier na 'n ene Shawnee, 'n aanhanger wat uit Amerika aan hom brieue geskryf het en wat hy, saam met Ingrid Winterbach, in hierdie stadium van sy lewe as sy muse beskou. Trouens, die titel *Isis* is 'n samestelling van die eerste twee letters van die name van sy twee muses: Ingrid en Shawnee. Soos Leroux 18-44 aan "I" opdra, word *Isis, Isis, Isis...* aan "S" opgedra.

<sup>215</sup> In hierdie jare was *Die Beeld*'n Sondagblad. In 1970 is *Rapport* gestig, nadat die Sondagkoerante *Die Beeld* en *Dagbreek* saamgesmelt het.

<sup>216</sup> Leroux maak egter hier 'n oordeelsfout, aangesien die Hertzogprys vir poësie in 1968 postuum aan Boerneef toegeken word.

bekend vir hulle manmoedigheid nie en mens vrees dat hulle weer 'n "ballsup" gaan maak. Breyten kry, egter, baie goeie kritiek orals. Sê net vir hom hy moet 'n bietjie minder rumoerig wees daar anderkant. As die Suid-Weskwessie sterk te[r] sprake kom, is die mense hier oweral baie liggeraak.<sup>217</sup>

Ek sien ontsettend daarna uit om julle in die goddelike duur stad te sien. Ek hoop ons kan so 'n ietsie reël: 'n paartie of wat.

Hel, dit val my nou net by dat ek nie vir jou gesê het tot watter datum ek in Parys bly nie. Van die 8ste tot die 15de April.

Almal praat hoe uitstekend jou vertaling van Henry die soveelste was. Ek begryp: die mark vir naakte vrouens op foto's is vol, maar dis die genot wat mens uit jou werk kry wat die lewe die moeite werd maak, nie waar nie? Ek is bly Hermione sorg goed vir jou en dat jy lus voel om uit te spring.<sup>218</sup>

Give lovely, radiant, bonny, pretty, sweet, adorable, exquisite, radiant, splendid, winsome, devine, peachy, bright-eyed, glowing, dazzling, glamorous Hermione my love.

Tot die 8ste April.

Stephen.

***Aan André Brink***

[Maart 1968]

Beste André,

<sup>217</sup> In hierdie stadium word Suidwes-Afrika se regering gekritiseer deur die Verenigde Nasies (VN) omdat die South West Africa's People Organisation (SWAPO) nie deur die land se leiers erken wil word nie. Nadat die VN ingryp, word die land se naam in Junie 1968 verander na Namibië en ontvang SWAPO erkenning as verteenwoordiger van 'n deel van die land se bevolking.

<sup>218</sup> Hermione is 'n meisie met wie Brink in hierdie stadium uitgaan en saam reis. Sy verskyn in Brink se memoir *Mediterreense Herinneringe: Reisvertellings* (2013).

Baie dankie vir jou brief en uitstekend! Ek sien daarna uit om my tyd te verwyl in die Hôtel du Luxembourg.

My vlug is A7534 vanaf Palma<sup>219</sup> 8 April, tyd 18.45. Indien jy nie daar is nie, sal ek na Rue Malebranche kom om jou daar te kry.

Dolste vreugde by my ook oor Breyten se C.N.A.<sup>220</sup>

Terloops, ek het gisteraand na 'n uitsending oor die radio geluister waarin Morkel van Tonder<sup>221</sup> onder meer vir F.I.J. van Rensburg en Dr. du Plessis uitgevra het omtrent hulle keuses vir die Herzogprys. (Soos jy weet, is daar nou 'n ander Minister, en skyn dit asof die radio weer tot sy reg kom en nie meer skrik vir kontensieuse opinies nie.) Frans het uit-en-uit gesê dat Breyten dit verdien en sy politieke opinies nie ter sake is nie. Volgens sy interpretasie van die Herzog-akte tel meriete alleen. Du Plessis was dieselfde mening toegedaan. Hulle het, egter, toegegee dat nog 'n felle rel [sic] ontketen sal word – en ons almal hoop dat dit wel sal gebeur – indien Breyten die toekenning kry. Dis nou tyd dat huis skoongemaak word. Indien Breyten die Herzogprys kry hoef ons Sestigers in die toekoms nie meer bang te wees nie en is die stryd vir alle Sestigers, Sewentigers, Tagtigers ensomeer, ensomeer gewen.

Maar, jammer, ek het so 'n nare gevoel op die krop van my maag dat dit nie sal gebeur nie. Boerneef het skynbaar 'n bundel in die vereiste tydsbestek gepubliseer en dit is net moontlik dat hy dit sal maak.<sup>222</sup> Ek betwyfel dit of troospryse gegee sal word aan ander digters omdat hulle nie in die verlede bekroon is nie. Dit sal so 'n ooglopende uitweg wees om die geskilpunt te vermy, dat selfs die here keurders dit nie sal waag nie. Boerneef, lyk dit my, dus. En ons is net waar ons was.

Terloops, Miles, Louis Eksteen en 'n paar ander gaan 'n nuwe blad begin en ek is een van die redaksielede en ek kom met 'n opdrag om julle ook op die redaksie in te praat.<sup>223</sup> Ek weet geen besonderhede nie, en ek hoop hulle brief kom betyds

---

<sup>219</sup> Die lughawe op Majorka.

<sup>220</sup> In 1968 word Breytenbach toegeken met die C.N.A.-prys vir sy digbundel *Die huis van die dowe*.

<sup>221</sup> Morkel van Tonder (1923-2013), Afrikaanse skrywer en omroeper. Van sy werke sluit in *Sonop oor Blinkkrans* (1963) en *Die koningsbok* (1967).

<sup>222</sup> Leroux verwys na die bundel *Op die flottina* (1967).

<sup>223</sup> Hier verwys Leroux na Johnnes Daniel (John) Miles (1938-), Afrikaanse skrywer en akademikus wat bekend is vir sy werke *Okker bestel twee toebroodjies* (1973) en *Kroniek uit die doofpot* (1991) en Louis

sodat ek julle alle inligting kan gee. Ons pos is so onreëlmagtig. Dit sal jammer wees. Ek ken nie eens die naam van die blad nie. Ek het dit gehoor en toe onmiddellik vergeet. Die blad sal polemies van aard wees in die gees van die tyd – rus my siel.

Spoedig, dus.

Stephen.

### ***Aan Koos Human***

[Vroeg 1968]

[Boaan die brief is 'n skets van 'n man wat deur 'n ander man teruggehoud word terwyl hy agter 'n vrou aan probeer hardloop.]

Beste Koos,

Dis alles goed en wel, maar wat het van die *Derde Oog*-vertaling geword?<sup>224</sup> Is daardie vrou in Stickland nie so "hot" nie?<sup>225</sup> Leon vertel my dat julle die vertaling reeds gekry het en dat jy dit nog wil oorweeg.<sup>226</sup> Dit klink nie so goed nie, né?<sup>227</sup>

---

Cornelius Eksteen (1930-1996), Afrikaanse digter, akademikus en leksikograaf. Die tydskrif is *Kol*, wat in 1968 op die been gebring is en die volgende jaar gestaak is.

<sup>224</sup> In 'n vorige brief aan Human bespreek Leroux die taamlik positiewe resensies wat sy *Seven Days at the Silbersteins* in Amerika ontvang het. Hy laat blyk in daardie brief dat hy homself nie veel steur aan wat die kritici sê nie, en dat hy verwag dat, indien sy beeld enige skade aangerig is, dit Human se uitgewery se plig is om die skade te herstel. Dit wil dus voorkom dat Human in sy brief wat daarop volg, en hierdie huidige een voorafgaan, vir Leroux dalk paai en bemoedig met die sukses wat hy in Amerika bereik.

<sup>225</sup> *Die Derde Oog* word in 1969 as *The Third Eye* vertaal deur Amy Starke en uitgegee deur Houghton Mifflin.

<sup>226</sup> Leon Gerdener Rousseau (1931-2016), Afrikaanse skrywer en uitgewer. Van sy bekendste werke sluit die *Fritz Deelman*-reeks en *Die Groot Verlange* in. Hy stig in 1959 saam met Koos Human die uitgewery Human & Rousseau.

<sup>227</sup> Leroux skryf dit hier as "né".

Ek sien die Amerikaners is tog baie tevrede met Charles Eglington.<sup>228</sup> Het ons miskien 'n goeie vertaler oorboord gegooi?

Intussen skryf Graham Greene en ek rustig aan mekaar. Hy kom by my een of ander stadium volgende jaar kuier.<sup>229</sup> Dis "Dear Leroux" en "Dear Greene" oor en weer. Hy bly op die oomblik in Antibes, indien jy geinteresseerd is. Op een of ander stadium moet hy Sierra Leone toe, en ek na RVWRRQ%W in die Griekse eilande by Jan Rabie. Ons probeer nog 'n program uitwerk.

Jy het nie so iets verwag nie, het jy? Hmmmm?

Ek sal vanjaar 'n bietjie later eers in die Kaap opdaag (ná die res van die familie) omdat ek eers die koring moet regsiem met behulp van die prehistoriese stroper. Ons sal mekaar stellig nie te sien kry nie tensy ons weer so 'n uitstappie reël na die Magus van Stellenbosch in sy somertuiste.<sup>230</sup>

Sal jy intussen met arendsoë die vertalings betrag en toesien dat selgs die heel beste ons sonnige strande verlaat?

My nimf het, terloops, my boek té ernstig gelees en opgehou met skryf.<sup>231</sup>

Uit die wildernis, met groete, songroete, aan julle almal in die winderige Kaap.

[Die brief sluit af met 'n skets van 'n man wat glimlaggend op die ander man se bors sit. Regs van hulle staan 'n vrou en huil.]

### Aan Koos Human

[Maart 1968]

<sup>228</sup> Charles Eglington (1918-1972), Engelse Suid-Afrikaanse digter, joernalis en vertaler. Hy vertaal *Sewe dae by die Silbersteins* in 1964 as *Seven days at the Silbersteins* en *Een vir Azazel* in 1968 as *One for the devil*.

<sup>229</sup> Dit het nie so gebeur nie. Greene besoek Suid-Afrika eers in 1973.

<sup>230</sup> Leroux verwys na D.J. Opperman.

<sup>231</sup> Ingrid Winterbach.

Beste Koos,

Ek het so pas 'n brief van ons goddelike Jeannette ontvang.<sup>232</sup> Sy stel my, en sekerlik ons almal, nie teleur nie. Haar brief is 'n "classic". Ek wou die brief vir julle stuur, maar ek kan nie so 'n kosbare kleinood uit my besit laat gaan nie.

Eers gee sy te kenne dat *The Devil* my beroemd gaan maak. (Gestaaf, terloops, deur dr. Gottlieb van die universiteit Boston wat my gelukwens met voorlopige "trade reviews" wat hy ontvang het.) Sy noem "top" people wat belang stel in filmregte, onder meer Peter Glenville (dis Graham Greene se direkteur van sy *Comedians*<sup>233</sup>). Toe noem sy die bedrag wat sy vir Peter Brook vra: 50,000 smackers. Peter Brook se reaksie was: "too excessive." Ek kon my voorstel hoe hy daar anderkant van pyn brul. Ons goddelike Jeannette se kommentaar hierop is: "I think it is very fair. But Peter Brook is well known for only paying rock bottom prices." Sy het ook vir Peter Brook laat weet dat hy nie die enigste is nie. Sy sê verder dat ek moet wag vir die 10de April en dat ek vinnig besig is om beroemd te word. Sy vra verder my reaksie. Asook my adres in Europa "at this very crucial stage."

Ek skryf toe vir Jeannette terug dat sy in godsnaam nie té na aan die son moet vlieg nie, dat ek nie 'n beroemde skrywer is nie, ensomeer, ensomeer. Maar ek voeg by dat ek my in haar bekwame hande laat – soos ek my steeds laat in die goddelike hande van die Amerikaanse vroue wat deesdae my lewe oorheers. Ek skryf toe ook onmiddellik 'n brief aan Peter Brook waarin ek vir hom sê dat ek nie belangstel in sakeverwikkellings nie, maar dat hy moet opskud in watter rigting hy besluit want die hele Koffiefontein wag in spanning op sy film van die *Silbersteins*.

50,000 smackers, Koos! Sê vir Beata dat as ek hierdie "boodle" kry sy haar troue met Kurt von Liebenstein moet uitstel vir 'n jaar of wat sodat ons eers op 'n jag in die Middellandse See die lewe kan verken. Ek sien haar elegante posterieur wiegend die trappe op, op maat van die suidewind, met Afrika aan die eenkant en

---

<sup>232</sup> Jeanette Zimmerman, Leroux se agent in die V.S.A. Haar geesdrif om Leroux se werke blootstelling te gee was duidelik, en sy kon belangstelling werf van verskeie Hollywoodse filmbase om *Sewe dae by die Silbersteins* te verfilm. Haar aggressiewe benadering het egter daartoe geleid dat alle gesprekke rondom die filmregte doodgeloop het en gevolglik is Leroux se boek nooit tot die silwerdoek verwerk nie.

<sup>233</sup> Peter Patrick Brabazon Browne (Peter Glenville), Engelse akteur en regisseur wat in 1913 gebore is en in 1996 sterf. In 1967 verfilm hy Graham Greene se *The Comedians*.

Europa aan die ander kant. Vir Joan twee dosyn<sup>234</sup> rokke, 'n woonstel in Seepunt en 'n Mini-Morris. Vir Myrtle 1000lb sjokolade. Vir jou, Leon en Opperman elkeen 'n goue horlosie. Vir jou goddelike personeel die res om mee te maak wat hulle wil: die aankoop van nuwe tikmasjiene, stigtelike boeke, woordeboeke ensomeer[,] ensomeer.

Het jy, terloops[,] geweet dat hulle eers in April bulle veg in Spanje? On-Calvinistiese tyd<sup>235</sup> op 'n Sondag. Dit beteken dat ek moontlik nie die dans met die dood sal sien nie. My voorlopige reisprogram is só dat ek elke Sondag my dae moet verwyl in Valencia en Majorka waar hulle liefde maak en nie matadors kastreer met die horing van die bul nie.

Ek het so pas 'n brief van die Sewentiger, Karel Schoeman, ontvang waarin hy my vermaan om nie té veel van my Europese reis te verwag nie. Hy bid my vertroosting toe, die Calvinistiese<sup>236</sup> Katolieke. Ek het hom baie lief, maar hy moet minder soos my eie gewete klink en liever flambojant Katolieke wees.

Ek gaan volgende week 'n geelkoorsinspuiting kry. Ek het so pas 'n pokke-inenting ontvang. Vir drie dae het dit gedreig om te groei en toe in rooi-pers bulte weggesterf. Ek het heelwat hoop vir die geelkoors-inenting. "n Lokale reaksie is moontlik," sê die plesierige verpleegster van staatsweë.

Ons het so pas 'n goeie bui reën gehad. Dit mag vir julle stedelinge nie belangrik klink nie[,] maar dit is 'n lewenssaak vir my ooie wat tweelinge lam.

Liefdegroete van huis tot maatskappy.

[Skets van 'n man met 'n breë bors wat glimlag.]

### ***Aan Koos Human***

[Maart 1969]

---

<sup>234</sup> Hier skryf Leroux dit vas, as "tweedosyn".

<sup>235</sup> Leroux skryf hier "latyd".

<sup>236</sup> Leroux skryf hier "Calvanistiese".

Beste Koos,

Ek stuur jou 'n brief van die goddelike Jeannette wat jy asseblief aan my moet terugstuur want ek bewaar haar brieve as kosbare kleinode. Aangaande die 250 dollars – sal julle my dit voorskiet en dan in verrekening bring teenoor wat “money-wise” my mag toekom in die toekoms?

Hierdie is streng vertroulik: Renée en ek is besig om te skei. Dis nie alleen 'n emosionele ramp nie, maar dit self ook diep in my skatkis.

Onder omstandighede gaan dit maar baie stadig met */sis /sis /sis...* Ek weet nie hoe André sulke ervarings fluit-fluit deurgaan nie. Eksell is baie naby aan 'n breekpunt, maar ek hoop om heel te bly.

*The Third Eye* se stofomslag is uitstekend.<sup>237</sup> Maar die arme Amy is maar 'n shit vertaler. Op die oomblik is 'n sekere Peter Gray besig om *Die Mugu* te vertaal.<sup>238</sup> Hy is 'n lektor aan RAU en was die afgelope ses jaar of so in Amerika. Hy is self 'n skrywer en hy het 'n “sparkle” in sy skryfstyl. (Het julle enigsins gevorder met julle onderhandelings?)

Laat my so gou as moontlik weet aangaande Joel Mann se tjek. Indien julle nie kans sien nie, sal ek dit doen. Intussen moet ons Jeannette so gou as moontlik die geld laat kry. Ek is seker daarvan dat ons op hierdie stadium haar entoesiasme nie moet demp nie.

In elk geval: sal julle haar die geld so gou as moontlik laat kry? Tussen ons hier sal ons die sakie reg sien. Ek is net te moeg om bank toe te gaan. Dis ook beter dat al die onderhandelings en betalings via julle plaasvind. Ek sal maar vir Jeannette skryf dat “Mr. Human is handling all my financial affairs from Cape Town.” Dit klink beter so.

---

<sup>237</sup> Op die voorblad is 'n skets van 'n paar karakters – waaronder 'n naakte meisie en 'n kitaarspeler – wat voor 'n gebou staan. Bo dit als hang 'n oog in die lug.

<sup>238</sup> Leroux verwys eintlik na Stephen Gray (1941-), Suid-Afrikaanse skrywer, digter en kritikus. Sy werke sluit in die roman *Time of our Darkness* (1988) en die digbundel *Season of Violence* (1992). Indien hierdie vertaling aangepak was, het daar niks van gekom nie.

Dis ook 'n heerlike gevoel dat Richard Burton, Elizabeth Taylor en ek dieselfde prokureur het om ons sake reg te sien.

Amper in extremis.

[Skets van 'n bebaarde, hartseer man wat op sy rug lê.]

### ***Aan Koos Human***

[April 1969]

Beste Koos,

Baie dankie vir jou brief en julle hulpvaardigheid om Elizabeth, Burton en my prokureur in Amerika reg te sien terwyl ons intussen wag vir die paar honderdduisend om in te vloei volgens gegewens wat M. Levine tot sy beskikking het.<sup>239</sup>

Ek wil nie ligsinnig wees nie, maar ligsinnigheid is soms die beste dokter. Dus: 'n boodskap aan Mevrou. Sê vir haar dat ons ons lewens nie volgens die reëls van 'n pakkie Post Toasties en 'n glasie melk moet laat frustreer nie. As die Post Toasties óp is, bly daar melk oor. Gooi jy méér melk by, bly daar Post Toasties oor. Toe sy trou, skei ek; skei sy, trou ek miskien. Dis my boodskap aan Mevrou en ek hoop dit stem haar tot diepe nadanke.

*Isis Isis Isis...*het tydelik tot stilstand gekom. Ek moet nog sestig bladsye skryf en dis die belangrikste sestig. In hierdie novel is daar veertien vroue wat afgehandel moet word, en ek het so pas sewe tot hulle reg laat kom. Sewe vrouens, dus, binne die volgende maand terwyl 'n emosionele hel binne my los is.

---

<sup>239</sup> Moise Levine, Engelse Suid-Afrikaanse joernalis wat in die jare sestig gereeld oor die Sestigers geskryf het in die *Sunday Times*.

Ek sal my bes probeer, Koos. Ek het al lankal my siel aan Mephisto verkoop.<sup>240</sup>

Beste groete.

[Skets van 'n bebaarde man met horings op sy kop.]

***Aan Koos Human***

[April 1969]

Beste Koos,

Goed, dankie, danksy geel pilletjies wat my plaaslike G.P. voorskryf. (Dis heel moontlik familie van “Purple Hearts” en hulle verrig wondere.)

Eintlik net om te sê dat ek 'n bietjie agter geraak het met *Isis Isis Isis*... Ek trek nou by bladsy 160 en daar is nog 80 of 90 om te kom. Daarna moet die boek oorgeskryf en “gepolish” word. Die probleem is dat die bevel nisi die 1ste Mei finaal word.<sup>241</sup> Mens verkeer nou in 'n tussenstadium wat nie eintlik bevorderlik is vir senuweetoestande oor-en-weer nie. Wat is die laaste stadium wat julle die boek kan ontvang om nog vanjaar te publiseer? Laat my weet want dit is belangrik. Ek wil nie alles opmors deur óórhaastig te wees nie. Dis moeilik om onder huidige omstandighede behoorlik te konsentreer.

Die voorlopige “reviews” van die *Third Eye* is goed en dit lyk nogal asof die beswadderde vertaler, ons liewe Amy Starke, tog nie so sleg gedoen het nie.

Saterdag stuur *Newsweek* fotograwe plaas toe om my in informele drag af te neem (via die *Mail*). Skynbaar is hulle van plan om die boek te “review” – wat 'n goeie voorteken is.

---

<sup>240</sup> Leroux verwys na Mefistofeles, die duiwelse figuur in die Faustus-legende aan wie laasgenoemde sy siel verkoop het in ruil vir wysheid en aardse begeertes.

<sup>241</sup> Leroux verwys hier na die egskeiding van sy eerste vrou, Reneé.

Ek het 'n liewe brief van ons liewe Jeannette ontvang waarin sy in haar énige Engels<sup>242</sup> my by wyse van spreke moederlik omhels en troos. Ek waardeer dit baie. Terselfdertyd verneem ek nou dat sy nou op haar eie<sup>243</sup> is en allerhande aanbiedinge gekry het van ander agentskappe wat maar té gretig is om van haar formidabele dienste gebruik te maak – onder meer<sup>244</sup> een wat Lawrence Durrell verteenwoordig.<sup>245</sup>

Ons het verlede maand vyf duim reën gehad. Ons het so pas weer vyf duim reën gehad. Ons woestynjie lyk soos 'n paradys en ons wag vir die plek wat sal volg: ruspes, roes en gifplante.

Die myne in Koffiefontein begin eersdaags weer werk. Hulle gaan 2½ miljoen rand aan behuising bestee, dus kan jy jou voorstel wat in hierdie dorpie intussen gebeur. Bouvallige skure op die dorp word skielik R3,000 werd. Die boere met eiendomme in die dorp drink lustig en begin allerhande soort besighede. Dis 'n plesier om deesdae in 'n kroeg te kom. Almal maak geld.

Jack Ross, my buurman, het sy eiendom in die Kaap vir R700,000 verkoop. Here, Jeannette moet opskud. Ek begin 'n geldhonger ontwikkel.

Stuur my goeie nuus sodra jy dit kry. Ek het 'n behoefte aan goeie nuus.

[Brief sluit af met 'n skets van 'n hartseer gesig met 'n baard.]

**Aan Bartho Smit, Chris Barnard en John Miles<sup>246</sup>**

[Februarie / Maart 1973]

Beste Bartho, Chris en John,

---

<sup>242</sup> Leroux skryf dit hier as "engels".

<sup>243</sup> Oorspronklik kom 'n tikfout hier voor: "eis".

<sup>244</sup> Leroux skryf dit vas as "ondermeer".

<sup>245</sup> Lawrence George Durrell (1912-1990), Britse digter, dramaturg en skrywer. Sy bekendste werke sluit in *The Black Book: An Agon* (1938) en *The Alexandria Quartet* (1957-1960).

<sup>246</sup> Bartho Smit, Chris Barnard en John Miles, wat saam met Ampie Coetzee die bestuur van die Johannesburgse tak van die Afrikaanse Skrywerskring behartig.

Ek het julle verklarings aangaande Breyten instemmend gelees.<sup>247</sup> Maar hoekom het julle Jim Polley uitgelos? Ek dink onse Jim is net so geregtig op 'n "ordentlike horing" as wat Breyten is. Daardie mannetjie het die Kaapse universiteit Hollands gemaak met sy menigvuldige Somerskole.

Later: Dinge gebeur nou só vinnig! Geheime polisie, vals paspoorte in boeke, kotelette in die kombuis, ondervragings tot 10-uur in die aand, gesprekke oor die letterkunde, ensomeer, ensomeer.

Niemand vertel my iets nie. Plaas my in die prentjie.

Ek dink dit is tyd dat die Skrywersgilde ook 'n standpunt moet stel aangaande arrestasies sonder toegang tot die howe binne 'n redelike tydperk. Hoe kan ons tevrede wees met ewigdurende verklarings dat niemand "op hierdie stadium" iets kan sê nie? Soos julle weet is ek nie 'n staatsondermynende soort mens nie, maar my gewete pla my. En selfs ek moet met my rekbare gewete leef. Hoe kan ons standpunt inneem dat 'n werk nie verbied mag word nie sonder dat daar toegang tot 'n ware geregshof is as mense uit die skrywerswêreld, soos boeke, uit die samelewing verdwyn?

Ek dink Breyten het 'n bleddie fool van homself gemaak, maar dit is geen rede hoekom hy in die tjoekie moet sit onder 'n waas van geheimsinnigheid nie.<sup>248</sup> Ditto die ander spul.

Indien daar 'n swerende wond is, vlek dit oop. Dan kan ons die etter behoorlik bestudeer. Hof-toe met almal!

---

<sup>247</sup> Van 12 tot 16 Februarie 1973 word 'n Simposium oor die Sestigers by die Universiteit van Kaapstad gehou, onder leiding van James Aubrey (Jim) Polley (1938-1999), akademikus en anti-Apartheidsaktivis. Op die laaste dag van die Simposium onderteken tien literatore en skrywers, waaronder Leroux self, 'n verklaring waarin hulle hul ondersteuning toon vir die studente wat streef na die bevordering van menseregte onder alle rasse. Leroux onttrek egter later sy handtekening, aangesien hy gevoel het die verklaring nie meer 'n algemene stelling onderskryf nie, maar eerder 'n spesifieke rassegroep ondersteun.

<sup>248</sup> Tydens die simposium by die Universiteit van Kaapstad lewer Breyten Breytenbach wat hy noem 'n lykrede waarin hy Apartheid veroordeel en Afrikaners beskryf as 'n "bastervolk met 'n bastertaal." Twee jaar later, wanneer Breytenbach Suid-Afrika met 'n ongeldige paspoort besoek, word hy gevang en tot nege jaar tronkstraf gevonnis onder die Wet op Terrorisme. Hy dien sewe jaar van sy straf uit.

Beste groete,

Lid van die Noordelike Hoofbestuur.

Etienne Leroux.

***Aan Graham Greene***

[April 1973]

Dear Graham,

Your coming here is the best news of the year for me. Elizabeth<sup>249</sup> and I are elated with the prospect. Great show!

Now, down to business.

First of all: I have just heard from my publisher that Glasspool<sup>250</sup> is the wrong chap; he was a bit of an underling and, although he was very much involved, he is apparently not the chap who controlled, with Mike Hoare,<sup>251</sup> Tshombe's army. The real guy, Colonel Puren,<sup>252</sup> who was Mike Hoar's senior in command, apparently lives in Durban, South Africa. I am, at the moment, tracking him down. I have, too, a few instances gathering all possible contacts. Seeing that Mike Hoar has heard the call from the East, I think that indirectly through various people who fought with him, you might gather enough material for a profile.

In the light of all this, you might just as well skip Salisbury and come straight to Johannesburg.

South Africa is almost as big as Europe. It is a country of terrific contrasts. In a sense I hardly know my country. To make your stay fully worthwhile I have

---

<sup>249</sup> Elizabeth Joubert (1938-1996), Leroux se tweede vrou. Hulle tree in 1970 in die huwelik.

<sup>250</sup> Max Glasspool, Suid-Afrikaanse huursoldaat wat in verskeie militêre operasies in Afrika betrokke was.

<sup>251</sup> Thomas Michael (Mad Mike) Hoare (gebore in 1919), berugte Britse huursoldaat wat in verskeie militêre operasies in Afrika en elders betrokke was. Na die Tweede Wêreldoorlog het hy homself in KwaZulu-Natal gevestig.

<sup>252</sup> Josh Puren (1924-), destydse hoof van Tshombe se lugmag.

arranged with a very good friend of mine to meet you at Jan Smuts airport. He will show you Transvaal, the Eastern part, the Valley of the Mists and the Rain Queen (Ayesha of Rider Haggard)<sup>253</sup> – if she is prepared to receive you at the entry of her cave. (This can be arranged with a few ten rand notes.) The scenery is really breathtaking in the South and the East . My friend will also introduce you to Johannesburg and Pretoria where things really happen. You are quite free to meet and to speak to anyone you wish – political leaders, black or white; for or against the government. You will have complete freedom and my friend assures me that there will be no embarrassment for anyone involved. If you wish, you can also meet the Afrikaans intellectuals, as well as Buthelezi and Matanzima, the Prime Ministers of Kwa-Zulu and the Transkei.<sup>254</sup> Your way is open and you will find that the South Africans are very hospitable – almost too much so.

Now, more about this friend of mine. He is a judge of the Transvaal Supreme Court – quite a controversial person: impeccable as a judge as far as the great tradition of our judiciary is concerned, but as a person a man of free will, very outspoken and with a certain flair to make trouble in the right quarters. He was interned during the war in the company of our Prime Minister and our present chief of security. He escaped once successfully by means of an underground tunnel, but was eventually recaptured. The next time he tried, he did not quite make it. He recently visited Israel and he has become quite an authority on the situation there. He stayed in Greece for six months and vowed that he would climb Mount Olympus in his deep sixties. He did just that. He is chairman of the Transvaal Arts Society, city planner, launcher of movements to conserve ancient engravings etc. He has a flexible mind as far as our politics are concerned. He is a born adventurer, but he has the knack to keep his contacts in spite of his controversial ideas. He will be your host in Transvaal. His name is Kowie Marais, and he is a fount of knowledge as far as this country is concerned. I think I can leave you safely in the hands of Judge Kowie Marais while you are in Transvaal.

---

<sup>253</sup> *Ayesha* (1905) is 'n roman deur die Engelse skrywer Henry Rider Haggard (1856-1925), wat veral bekendheid verwerf het met sy avontuurroman *King Solomon's Mines* (1885). *Ayesha* is gebaseer op die legende van die Reënkoninkin.

<sup>254</sup> Mangosuthu Buthelezi (1928-), Suid-Afrikaanse politikus. Hy stig in 1975 die Inkatha Vryheidsparty (IVP). Hy word in 1970 aangewys as die leier van Kwazulu. Leroux verwys ook na Kaiser Matanzima (1915-2003), wat sedert die jare Sestig tot 1986 as leier van Transkei opgetree het.

From Transvaal you can fly to Bloemfontein where I shall meet you. Here I will show you the way we live. Here you can relax completely and take a breather. We can go to Lesotho where I have contacts. Then I shall reveal the Karoo desert as we move south to Cape Town which is the Mediterranean on a grander scale. There I shall introduce you to Afrikaans writers if you wish, as well as the bigger houses in the wine area. They are quite different to the people in the north. From there we go along the Garden Route, via Transkei, to Durban where one can swim in winter. There we shall meet Colonel Puren and his memories.

Back home, we relax.

Al Venter will write to you at your Antibes address to arrange a visum to the Portuguese territories. (Al Venter is a freelance journalist and an authority on the Frelimo-situation. He has written several books on the subject.) I suggest that you obtain the visum, but do not compromise yourself with regard to your going. According to Mr. Venter one should go there before things really explode. On the other hand, with landmines and excessive terrorist activities, I doubt whether a guarantee of absolute safety can be promised. Furthermore, it all depends how much time you have available on this southern sojourn. I suggest that you discuss the Portuguese part with Mr. Venter when you are here. Just get the bloody visum in case you want to make use of it.

\*\*\*

Late news, just received: Glasspool is missing. There is a rumour that he is in jail, somewhere, anywhere. For what reason, I cannot tell.

However, Colonel Josh Puren is very much alive in Durban and he has kept contact with all the other mercenaries. I have now obtained his address and he is willing to talk, according to my informant.

\*\*\*

Early to mid-July is fine, but please let me know as soon as possible. I would suggest mostly winter clothes with possibly some Autumnish outfit. One dark suit OK. If possible an overcoat and a light raincoat. The weather in this country is quite unpredictable – great variations in daily temperature as well as a great difference from

Province to Province with regard to climate: summer rainfall as well as winter rainfall, depending on where you are. I am afraid you must work out a sort of compromise.

No, we won't dance or ride horses.

Elizabeth sends her love, we are looking forward to your visit, and please let me know your time of arrival in Johannesburg. Try to make it as early in July as possible.

Affectionately,

Etienne Leroux.

***Aan Paul Theroux***<sup>255</sup>

[April 1973]

Dear Paul,

For one dreadful[,] whimsical moment I considered heading this letter: "Dear Son."

Apart from the sadmaking aspect of my relationship with agents, this is still one of the funniest on record. I'll tell you later of<sup>256</sup> the sad story of my past.

But first things first. I immediately phoned my publisher in Cape Town and he will send you photostat copies of the vagrant typescripts at your address in London. He tells me that the Norwegians are now interested in my work.<sup>257</sup> The Cold North!

---

<sup>255</sup> Paul Edward Theroux (1941-), Amerikaanse skrywer. In hierdie tydperk skryf hy goedgunstig oor Leroux se Amerikaanse vertalings in die buitelandse pers en sodoende vorm daar 'n vriendskap tussen die twee.

<sup>256</sup> Leroux tik hier "on".

<sup>257</sup> Die Noorse vertaling van *Sewe dae by die Silbersteins*, deur Kåre en Annika Langvik-Johannessen, verskyn eers in 1980 as *Syv dager hos Silbersteins*.

In the meantime I am waiting for your books, and then I want to take it up with the local censorship board. Please let me know the full address of your representative here.

Now: the maddest things happen to me in my writing career. This Anne McDermid-episode is just one of them. My previous agent got offers from Peter Brooke, Resnais and a few others to make a film of *Silbersteins*. She virtually called Peter Brooke a stingy bastard, considered Resnais<sup>258</sup> in an offhand sort of a way, and then decided on Morris West.<sup>259</sup> She sold it to him for 50,000 dollars and then the poor guy backed out but he had to cough up 5000 dollars of which I received about half. The contract was a beauty. It was drawn up by the same lawyer in America that Richard Burton<sup>260</sup> uses. There were about fifty pages of conditions, amongst others that they will be allowed "to make noises." Then, after a year, she almost sold the thing to D. Zanuck.<sup>261</sup> But his son and wife worked him out of his job, and so I was left stranded again. After that she lost heart.

She was a sweetie, but she was quite impossible. She fired sub-agents right and left, and she was not very much interested in translations of my works in foreign languages. The filmic world was her world.

By the way, look up Peter Brook. Give him my regards. He is a very nice guy and with lots of savvy. I was in London and Paris last May but our letters crossed and I had all the wrong addresses. I received a wire from him *after* I left Europe, back in South Africa. His address is, I hope: [die volgende deel is in pen bygevoeg] Sorry I cannot find it.

I received a letter from Graham in which he tentatively sort of suggested [the] remote possibility that he could visit South Africa and cover the flight of the whites from Angola to South West Africa (Namibia). He is really looking for danger spots!

---

<sup>258</sup> Alain Resnais (1922-2014), Franse filmregisseur wat onder andere *Muriel* (1963) en *Providence* (1977) verfilm het.

<sup>259</sup> Morris Langlo West (1916-1999), Australiese skrywer en dramaturg. Sy bekendste werke sluit in *The Devil's Advocate* (1959) en *The Shoes of the Fisherman* (1963).

<sup>260</sup> Richard Walter Jenkins, ofteiwel Richard Burton (1925-1984), Walliese teater- en filmakteur. Sy bekendste films sluit in *Cleopatra* (1963) en *Equus* (1977).

<sup>261</sup> Richard Darryl Zanuck (1934-2012), Amerikaanse filmvervaardiger. Van die bekendste films waarvoor hy verantwoordelik is, sluit in *Jaws* (1975) en *Driving Miss Daisy* (1989).

But the whites have all been transferred to Portugal where they are (I hope) making plenty of trouble.

The Russians, the Cubans, the Chinese are moving into Angola. There are three factions shooting at random calling each other "Camerade". We are feeling rather uneasy because these things are happening on our borders. It is good to look at revolutions away from home. I am not in the mood to be uprooted at this stage. I want to complete my novel. I cannot fit into an ideological system of any kind. I believe that one can change the world by the word and the mind. I am a very good shot, but I hate killing people physically. I cannot even kill a springbok on my farm. I am also a coward.

I find it difficult to concentrate on a novel while the world is changing at such a heck of a pace. My novel is supposed to be satirical, but satire flounders when there is not a static system to attack. One shoots at a moving target.

Write soon. Yours ever,

Etienne Leroux.

**Aan Graham Greene**

[Junie 1974]

Dear Graham,

I have tonight an urge to write to you because you are constantly in our thoughts. Perhaps because it is winter again and almost a year since we have had the pleasure of your company. What a bad time for you to have been here! A special message from Elizabeth: if you really wish to come again, please visit us in the summer, our summer. You really *must* see South Africa in the summer. Your room is empty and waiting for you. We long for you very much. We often say: "If only Graham were here..."

We hope to visit you in Europe next April-May, during a European sojourn that we are planning for hopefully.<sup>262</sup>

I am working very hard on my novel, *Magersfontein, Oh Magersfontein!* It is still not off the tarmac, but I have high hopes and, like you with the *Honorary Consul*, the ending is very clear in my mind.<sup>263</sup> At the moment I am very busy gathering material on the Magersfontein-tragedy. General Wauchope<sup>264</sup> has become an obsession and I have gathered references and material from our Fiona<sup>265</sup> that is invaluable for my purposes. Wauchope is a prototype of one of your innocents, blessed with a saintliness that he did not understand. Being the Laird of Niddrie-Marischal, a member of the Assembly, he had much in common with your priests but with less imagination and sophistication, being a Protestant. And still he had a very exotic life which was quite contrary to his nature. He was really a very dull man who had great adventures thrust upon him. But he had a true quality of greatness because there was a divine simplicity in his make up which makes men of destiny such glorious fools in the Name of The Lord.

I am thinking of putting the missing De La Rey at the Battle of Magersfontein as his alter ego on the opposite side. But at this stage I know too little of De La Rey. Therefore I have some more research to do.

Farming is very difficult at the moment. I suffered very heavy losses. 17 different virus-diseases killed off all my lambs after the flood. Altogether I estimate my direct and indirect losses (crops included) at more than R100,000. This is quite a knock.

On this sad note, all our love to you and Yvonne.

Elizabeth tells me I should not end a letter on such a minor note. So, flashes of news from this part of the world (which is not much better!):

---

<sup>262</sup> In April 1975 besoek Leroux en Elizabeth vir Graham Greene in Nice, Frankryk.

<sup>263</sup> *The Honorary Consul* (1973) deur Greene is 'n spioenverhaal wat afspeel in Suid-Amerika.

<sup>264</sup> Andrew Gilbert Wauchope (1846-1899), die Britse generaal wat die troepe teen die Boere in die slag van Magersfontein gelei en op die slagveld gesterf het.

<sup>265</sup> Fiona Barbour, 'n antropoloog van Skotse afkoms wat tydens Leroux se navorsing vir sy roman *Magersfontein, O Magersfontein!* verbonde was aan die McGregor-Museum in Kimberley. Sy en Leroux het goed bevriend geraak en sy het hom van waardevolle inligting oor die slag van Magersfontein verskaf. Sy is een van die mense aan wie Leroux sy roman in 1977 opdra.

This Portugal-thing on our boundaries is still very open. Nobody knows really what is going on. I have a suspicion that democratic idealism is no counter for extreme left-wing organisations. The Frelimo-crowd is still killing at random to drive their point home while they are at the conference table. The Mao-people are moving in. The Third World leaders on the African side are colourful, but they see themselves as men of destiny – and that is always a dangerous situation. The revolutionary way is always a little bit of a bloody circus, but one gets tired of blood and sawdust. I have a nostalgia for the days of Pax Britannica. (Perhaps it is the influence of *Magersfontein* and the days when even stupidity had a touch of elegance.)

On the Home front the elections went just the opposite way from the European ones.<sup>266</sup> Vorster won a resounding victory, but at the same time the more liberal parties won the support of an astounding number of the electorate for a few very important seats in parliament. A strange thing is happening, though. (I predicted it to a friend of mine.)<sup>267</sup> With a “strong” government the rank and file are getting more outspoken in their criticism. One has the feeling that the people feel that they need not fear a collapse of the structure for the present and that they can now whittle their designs on the strong fortifications. One can see it clearly in the Afrikaans newspapers. Another interesting sign is that most of the Nationalists in constituencies, where there were no National Party candidates, voted for the Progressives who have most of the intellectuals etc. in their ranks. This is very interesting because it shows a frame of mind that you must have noticed when you were here. As a whole[,] the South Africans are very dull and not inclined towards dazzling fireworks. I only hope that they will achieve the inevitable answer to all the problems that the whole world has in common, but with fewer pyrotechnics. It is so much more comfortable for all concerned.

Koffiefontein is becoming quite a model town – a place of peace and quiet after the floods, with pop art innovations everywhere, born from an inability to understand the world as it is today, but moving right into the heart of this century

---

<sup>266</sup> Leroux verwys heel moontlik hier na die Verenigde Koningryk se algemene verkiesing wat op 28 Februarie plaasgevind het. Dit was die eerste verkiesing na die Tweede Wêreldoorlog waarin daar nie 'n algemene meerderheid bereik is nie. Die verkiesing het uitgeloop op 'n hangparlement.

<sup>267</sup> Leroux verwys na sy briewe aan Jan Rabie in die laat vyftigerjare.

because it can refine vulgarity with complete innocence. It is told that during the floods Koffiefontein was the only town that panicked. All the other towns showed a marvelous efficiency to cope. Except Koffiefontein. But, after the floods, Koffiefontein is the only town that is still the same in the sense that they are still at sea and adrift.<sup>268</sup>

How old Dylan Thomas would have loved this place! I am glad, Graham, that you settled Miss Keene here.<sup>269</sup> I often see her. She sends her love and regards and is quite safe. I give her all my old copies of the Catholic Digest and she enjoys every word of it. She does not regard me as a “bloody Boer” anymore, and she has become quite keen on ram sales 300 miles from here because there are 1820-settlers from England who are excellent stud farmers. She did not vote in the last election. In the previous election she voted for the United Party. She even attends socials of the Dutch Reformed Church because the years are moving on and she often feels lonely.

May I repeat: the country looks lovely. It is a paradise as far as the eye can see. There are unfortunately 17 variations of virus diseases rampant amongst the animals. We hope that this winter will see to them. The vet. Surgeons[,] however, are not so sure.

I am planting wheat and cotton. And I am hoping for the best.

Affectionately,

Ettiene Leroux.

***Aan mevrou M. Lategan<sup>270</sup>***

---

<sup>268</sup> Leroux verwys na die vloedramp van 1974 toe die Riet- en Modderrivier naby Magersfontein hulle walle oorstroom het. Lede van die weermag en Departement van Waterwese is ingespan tydens die reddingspoging. Hierdie gebeurtenis sal ook later dien as boustof vir *Magersfontein, O Magersfontein!*

<sup>269</sup> Barbara Keene is 'n karakter in Greene se *Travels with My Aunt* (1969). Sy is 'n oujongnooi wat na haar pa se dood uit Engeland na Koffiefontein verhuis.

<sup>270</sup> 'n Leser van Dan Pienaar in Bloemfontein wat aan Leroux geskryf het.

[Junie / Julie 1974]

Geagte Mev. Lategan,

Ek is baie jammer dat ek nou eers op u brief reageer. U het reg gehad: vloedskade ensomeer het my aandag van ander belangrike dinge afgetrek.

U stelling is: “Die godsdiens van ’n skrywer vind (’n bepaalbare) neerslag in sy werk.”

Ek stem volkome met u saam. Trouens[,] ek kan aan weinig skrywers dink waar hulle godsdienstige beskouings nie ’n neerslag in hulle werk vind nie. Ek praat van ernstige skrywers, en nie van “entertainers” nie. Sal mens ’n paar name noem? Graham Greene, T.S. Eliot,<sup>271</sup> Isaac B. Singer,<sup>272</sup> Mauriac,<sup>273</sup> Evelyn Waugh, ensomeer. Dink maar aan die klassieke skrywers soos Sophokles,<sup>274</sup> Euripides,<sup>275</sup> Aeschylus, ensomeer. Eintlik is dit nodeloos om name te noem, want daar is seker nie ’n belangrike skrywer wat nie in sy werk die mite van sy tyd en sy mense konfronteer nie.

Miskien moet ons “godsdienst” in hierdie verband sien: dat talle skrywers dikwels huis in hulle teenstand teen die heersende godsdienstvorm of godsdiensopenbaring van hulle groep hulle houding teenoor die godsdienst openbaar. Ek dink nie dat dit moontlik is dat ’n skrywer in sy werke die bestaan van die godsdienst kan ignoreer nie. So ’n werk van so ’n skrywer sal net die oppervlakte skil en dit sal geen groot of ernstige werk wees nie.

---

<sup>271</sup> Thomas Stearns (T.S.) Eliot (1888-1965), Amerikaanse dramaturg, kritikus, digter en Nobelpryswnner. Sy bekendste werke sluit in die gedig *The Waste Land* (1922) en die drama *Murder in the Cathedral* (1935).

<sup>272</sup> Isaac Bashevis Singer (1902-1991), Joods-Amerikaanse skrywer en Nobelpryswnner. Van sy bekendste werke sluit in *A Day Of Pleasure: Stories of a Boy Growing Up in Warsaw* (1970) en *A Crown of feathers and Other Stories* (1974).

<sup>273</sup> François Charles Mauriac (1885-1970), Franse skrywer. Sy bekendste werke sluit in *Le Désert de l'amour* (The Desert of Love), wat in 1925 die lig sien, en *Le Sagouin* (The Weakling), wat in 1951 gepubliseer is. In 1952 word hy bekroon met die Nobelprys vir Letterkunde.

<sup>274</sup> Sophokles (497/6-406/5 v.C.), Griekse dramaturg wat onder andere *Antigone* (441 v.C.) en *Oedipus Rex* (428 v.C.) geskryf het.

<sup>275</sup> Euripides (480-406 v.C.), Griekse dramaturg. Sy bekendste werke sluit in *Medea* (431 v.C.) en *Helen* (412 v.C.).

Daar mag miskien geredeneer word dat skrywers soos Hemingway, óf John O'Hara,<sup>276</sup> óf Nathanael West,<sup>277</sup> óf Vonnegut<sup>278</sup> en ander geen bepaalde blyke van hulle godsdiens in hulle werk gee nie. Daar kan geredeneer word dat hulle slegs die dilemma van die mens beskryf sonder spesifieke verwysings na Bó. Ek weet dat die woord "humanisme" taamlik<sup>279</sup> wil rondgeslinger word, maar ek kon nog nooit die esoteriese betekenis van hierdie woord begryp nie. Die mens kan nie sonder 'n mite leef nie. Waar 'n skrywer se werk slegs gekonsentreer is op sosiale wantoestande en hy 'n soort utopiese wêreld voor oë hou, óf swartgallig moed verloor dat die mens ooit sy ideaal sal bereik, is hy gedurig op soek na 'n mite – watter vorm dit ook al aanneem. Die sogenaamde agnostikus het net so 'n reg op bestaan en siening as die formeel godsdiensstige. Dit kom vir my voor asof elke vorm van soeke na die aard van "man's estate" te doen het met godsdiens. Lewe en dood is tog 'n misterie, en elke skrywer wat daaroor skryf speel sy spel met die bonatuurlike. My persoonlike siening is (as 'n bewonderaar van Jung<sup>280</sup>) dat die mens se psigiese samestelling van so 'n aard is dat hy die mite, of die godsdiens, nie kan ontsnap nie. Die archetipes uit sy Onbewuste speel gou met hom klaar as hy die balans verstoor en té veel gewig aan sy verstand gee.

Om op te som: die mens en die skrywer kan nie godsdiens ontken wat geweldig in sy groot onbewuste gelaai lê nie. Elke werk van elke ernstige skrywer toon die geestelike libido (of psigiese energie) waarin die godsdiens in al sy vorme homself openbaar. Daar moet net nie na godsdiens op 'n parogiale wyse gedink word nie.

Eksself voer op die oomblik 'n taamlike stryd teen heersende opvattings waar die nadruk op "betrokkenheid" in die letterkunde geplaas word in 'n baie eng sin. My standpunt is dat ware "betrokkenheid" universeel is, bepaal tot die enkele mens wat die universele in homself dra. Dis nie die staatsstelsels en die godsdiensvorme in<sup>281</sup>

<sup>276</sup> John Henry O'Hara (1905-1970), Amerikaanse skrywer. Sy bekendste werke sluit in die romans *Appointment in Samarra* (1934) en *Ten North Frederick* (1955).

<sup>277</sup> Nathan Weinstein (Nathanael West) (1903-1940), Amerikaanse prosaïs en draaiboekskrywer. Hy is bekend vir onder andere *Miss Lonelyhearts* (1933) en *Day of the Locust* (1939).

<sup>278</sup> Kurt Vonnegut, Jnr. (1922-2007), Amerikaanse skrywer wat veral bekend is vir sy romans *Slaughterhouse-Five* (1969) en *Breakfast of Champions* (1973).

<sup>279</sup> Leroux skryf hier "tamelik".

<sup>280</sup> Carl Gustav Jung (1875-1961), Switserse sielkundige, wie se navorsing oor die onderbewussyn 'n bepalende invloed op Leroux se skryfwerk sou hé.

<sup>281</sup> Leroux skryf hier "is".

hulle veelvuldige vorms wat my interesseer nie. Dis wat op die oomblik in die moderne mens se psige gebeur en hoe hy getransformeer gaan word tot 'n belewing van 'n nuwe universele mite wat ál die lewewgewende inhoud en simbole van ou mites sal bevat. Op die oomblik sien ek net-net die chaos waaruit die orde gebore sal word. En ek dink dat dit vandaag die tema van alle skrywers is.

Etienne Leroux.

***Aan André Brink***

[Mei / Junie 1975]

Beste André,

Baie dankie vir jou brief.

Ek was, terloops, by Jan toe 'n soortgelyke brief by hom aangekom het. Ons het die sakie bespreek en tot die slotsom gekom dat ons almal ad idem<sup>282</sup> is – maar alles is só vaag. Wat beoog ons eintlik?

Gaan dit 'n protes wees teen die Raad van Beheer oor Publikasies? Of is dit inderdaad 'n skrywersontmoeting? (Die soort ding wat hulle in die verlede in Europa gehad het waar skrywers oor hulle vak gesels en hulle probleme verkondig. 'n Vrye gesprek wat prikkelende nabetractings laat.)

Dis nie vir my duidelik nie.

Ek besef ook dat mens die twee bogemeldes nie kan skei nie want sensuur sal uiteraard die "topic of conversation" wees.

---

<sup>282</sup> Saamstem (Latyn).

Ek stem saam met jou dat 'n samekoms van Afrikaanse skrywers sinloos sal wees. (Ons het dit al tot 'n sekere mate in die verlede probeer en dit het nie gewerk nie. In elk geval is die samekoms van Afrikaanse skrywers 'n soort verligte Geloftedag.)

Om terug te keer tot die samekoms as 'n ontmoeting van skrywers per se: 'n paar vrae.

Wat sal Gunther Grass<sup>283</sup> en Breyten en ander noop om Suid-Afrikaanse skrywers te ontmoet? Wie sal hulle onkoste betaal? Wat is die ratio van hulle verlange? Skrywers is 'n siniiese mob wanneer dit gaan oor medeskrywers – maar gee hulle 'n sakie en hulle kruistog is Heilig.

Ek dink ek weet wat jy beoog, maar gee my verdere besonderhede.

Met inflasie aan die orde van die dag, kan ons nie 'n "flop" en, ewemin, 'n "happening" bekostig nie.

Geld, broer, geld.

Asook duidelikheid.

Groete van Elizabeth vir jou en Alta.<sup>284</sup>

Asook van my.

[Brief eindig.]

### ***Aan Jan Rabie***

[ Junie 1976]

Beste Jan,

---

<sup>283</sup> Günter Wilhelm Grass (1927-2015), Duitse kunstenaar en skrywer. Sy bekendste boeke sluit in *Die Blechtrommel* (1959) en *Hundejahre* (1963). In 1999 is hy met die Nobelprys vir Letterkunde bekroon.

<sup>284</sup> Alta Muller, 'n mode-ontwerper en pottebakker met wie Brink in 1970 in die huwelik tree.

Jammer dat ek nou eers skryf ná al jou brieve aangaande die Gilde.<sup>285</sup>

Eerstens, egter, die lidmaatskap van die bruines. (Ek verwys nou na die Akademie.) Ek het met Nienies (Nienaber)<sup>286</sup> in aanraking gekom, asook met Jan Senekal.<sup>287</sup> Nienies is baie simpatiek en hy het orals verneem by bestuurslede (plaaslik) of hulle van die Kaapse voorstel bewus is. Maar niemand weet iets nie. Hy het belowe om ondersoek in te stel maar die hele aangeleentheid is so half non est. Ek noem dit toe vir hom dat daar êrens 'n verstopping in die kanaal moet wees. Hy raai toe self die naam van die persoon wat jy genoem het. Ek is nie 'n aktiewe akademielid nie – en ek kom gedurig te staan teen 'n wolk van "niemand-weet-iets-nie." Nienies het selfs voorgestel dat ons Rykie op hulle spoor moet sit. Nou verneem ek van jou dat lidmaatskap geweier is. (Terloops, Nienies het ook genoem dat die saak in die hande van Merwe<sup>288</sup> behoorlike aandag sal geniet.) Ek verneem graag hoe julle noodvergadering verloop het. Ek raak stiljetjies rumoerig.

Nou, lidmaatskap van die Gilde. Ek is 100% vir Richard Rive. Trouens, hy is só deel van die Groenpunt-dae dat ek hom nog altyd beskou het as een van die "Afrikaanse" skrywers.

Jakes<sup>289</sup> het my by die laaste Moederstroombyeenkoms gevra of ons dan geen skrywers in die Vrystaat het nie. Ek dink ek was die enigste daar. Charles Malan keer einde Desember terug van Utrecht. Skryf hom en noem die datum van [die] byeenkoms. Asook vir Louis Strydom.<sup>290</sup> Beide p/a Die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Asook vir Antjie<sup>291</sup> (ontslae van alle dilemmas en weer getroud.) Ek het vir Rosa-hulle drie nuwe lede genoem vir die Vrystaat: Johann Johl<sup>292</sup> (digter en

<sup>285</sup> Die Afrikaanse Skrywersgilde, wat in Julie 1975 gestig is. Leroux was een van die stigterslede, terwyl Rabie gesien is as die kernfiguur.

<sup>286</sup> Petrus Johannes (P.J.) Nienaber (1910-1995) Afrikaanse literator en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

<sup>287</sup> Johannes Hendrik (Jan) Senekal (1929-1995), Afrikaanse akademikus en literator.

<sup>288</sup> Merwe Scholtz.

<sup>289</sup> Gert Johannes (Jakes) Gerwel (1946-2012), Suid-Afrikaanse akademikus en anti-Apartheidsaktivis.

<sup>290</sup> Leroux verwys hier na Leon Strydon (1944-), digter en akademikus wat in 1973 debuteer met *Geleenheidsverse*. Hierdie bundel word met sowel die Eugène Marais- as Ingrid Jonker-prys bekroon.

<sup>291</sup> Anna Elizabeth (Antjie) Krog (1952-), Suid-Afrikaanse digter, skrywer en akademikus. Vir haar bundel *Januarie-suite* (1973) ontvang sy die Eugène Marais-prys en in 1990 word sy bekroon met die Hertzogprys vir haar digbundel *Lady Anne* (1989).

<sup>292</sup> Johann Johl, (1951-1996), Afrikaanse digter. In 1990 verskyn sy bundel *Gewalste woord* en in 1994 sien sy *Roulet* die lig.

slimkop, Taintonstraat 21, Fichardtpark, Bloemfontein); Ronél van der Merwe, p/a *Die Volksblad* (sy skryf literêre kritiek vir *Die Volksblad* en doen haar D. oor die stand van die literêre kritiek in S.A. – slimkop en was verlede jaar by Moederstroom as *Die Volksblad* se verteenwoordiger.) En toe ook vir Jan Senekal, die nuwe professor. Hy is 'n bietjie van 'n enigma. Miskien sal Broederstroom in die Kaap hom goed doen. Ek soek op die oomblik vir 'n bruin skrywer van die Vrystaat. Ek sal julle laat weet sodra ek een kan opspoor. (Die Vrystaat is só vaag, gemoedelik, en onskuldig, en apartheid is só feudaal en rustig dat mens nie eintlik weet hoe om te werk te gaan nie.)

Ek hoop julle Kaapse klomp sal julle verbeelding gebruik en die Gilde oopmaak by wyse van gaste. Mens dink byvoorbeeld aan Stephen Gray, Nadine Gordimer, Alan Paton, Jack Cope<sup>293</sup> ensomeer, ensomeer. En soveel swart en bruin skrywers as moontlik: om die affêre nie so lelieblank te hou nie[,] soos jy sê. Elsa se "kruisbestuiwing" was nie 'n grap nie. Die Gilde moet 'n soort Turnhalle<sup>294</sup> van die gees word. Die idee van 'n gas van oorsee is uitstekend. En daar moet natuurlik konfrontasie ook wees. Hoekom nooi julle byvoorbeeld nie Henriette Grové,<sup>295</sup> Elize Botha, Rykie van Reenen, Coenie Slabber,<sup>296</sup> Merwe Scholtz, Frans van Rensburg en John Kannemeyer om lede te word nie? En ál daardie jong digters wat vanjaar soveel opspraak verwek het. Dit moet 'n heerlike, rumoerige paartie wees.

'n Dinamiese byeenkoms.

En ek glo nog steeds dat dit die saamby in die hotel sal wees, die gespook op die grasperke, die laatnagbyeenkomste in kamers, die koukus in die gange, ensomeer, ensomeer, wat die sukses van die byeenkoms sal bepaal.

<sup>293</sup> Jack Cope (1913-1991), Suid-Afrikaanse skrywer en digter. Hy was goed bevriend met talle van die Sestigers en was betrokke in 'n liefdesverhouding met Ingrid Jonker. Sy bekendste werke sluit in die kortverhaalbundel *The Man Who Doubted and Other Stories* (1967) en die roman *The Rain-Maker* (1971).

<sup>294</sup> Die woord beteken "oefensentrum" in Duits, maar Leroux verwys heel moontlik hier na die Turnhalle Konferensie wat in 1975 in Namibië gehou is. Tydens die konferensie het die Suid-Afrikaanse regering ontmoet met verskeie plaaslike partye en organisasies (uitsluitend SWAPO) om 'n interim-regering op die been te bring met die oog op die land se toekomstige onafhanklikheidwording. Die voorgestelde grondwet is egter deur die Verenigde Nasies verwerp.

<sup>295</sup> Hester Henriette Grové (gebore Venter) (1922-), Afrikaanse skrywer en dramaturg. Haar bekendste werke sluit in *Jaarringe* (wat in 1967 verskyn en met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon is) en die drama *Ontmoeting by Dwaaldrif* (1980), waarvoor sy, met inagneming van haar ander dramas, die Hertzogprys ontvang het.

<sup>296</sup> Coenie Slabber, Afrikaanse joernalis, resensent en destydse kulturele redakteur van *Rapport*.

Asseblief nie die soort stokkerige byeenkomste in daardie Switserse paleis nie. Moederstroom se patroon werk uitstekend.

28 – 30 April pas goed. Dis vakansietyd hier.

Ingeslote my R15, asook die R30 vir die Breyten-fonds wat ek laas vergeet het om vir jou te gee.<sup>297</sup>

Liefde van huis tot huis

[Brief eindig]

***Aan Hennie van Coller***<sup>298</sup>

[Junie 1976]

Beste Mn. Van Coller,

Ek is baie jammer dat u so lank moes gewag het voordat ek van my laat hoor het. Die redes sluit in aardbewings en gaste wat gewoonlik hierdie tyd van die jaar hulle besoeke geleë vind. Indien die aardbewings en besoeke gelyktydig plaasgevind het[,] kon die twee rampe mekaar afgehandel het. Ongelukkig het die een ná die ander gevolg. Intussen was ek toe vir 'n week met vakansie (by Fort Hare – en dieselfde dag vertrek toe die studente brand begin stig het<sup>299</sup>). Ek het so pas teruggekeer.

Ek vind jou Doktorale skripsie inspirerend.<sup>300</sup> Soveel so dat ek graag 'n kopie daarvan wil hê. En dan wil ek ook graag 'n kopie hê vir Prof. Albert du Preez,

---

<sup>297</sup> Lede van die Afrikaanse skrywersgemeenskap het fondse ingesamel om vir Breyten Breytenbach, wat in hierdie stadium steeds in gevangenis was, te ondersteun.

<sup>298</sup> Hendrik Petrus van Coller (1949-), akademikus en literator verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy en Leroux vorm deur die jare 'n hegte vriendskap.

<sup>299</sup> Na die onluste in Soweto in Junie, versprei die studente se opstande deur die land en word die Universiteit van Fort Hare gevoleglik genoop om tydelik sy deure te sluit.

<sup>300</sup> Van Coller ontvang in 1975 sy D.Litt et Phil in Algemene Literatuurwetenskap aan die universiteit van Utrecht. Die titel van sy Doktorale skripsie is *Die mitologiese en psigologiese agtergronde van Die Mugu*.

Departement Sielkunde, Fort Hare. Hy is seker een van die beste kenners van die Jungiaanse sielkunde in die land vandag. En ook vir Charles Malan, Utrecht, wat sy tesis oor die numinieuse in die letterkunde skryf ('n vergelykende studie waarin hy heelwat na my werk verwys).<sup>301</sup> Daarbenewens wil hy ook 'n werk publiseer oor die alchemistiese aard van my drie trilogieë.<sup>302</sup> Ek weet ongelukkig nie hoe etiket in hierdie verband werk nie. Is jou skripsie beskikbaar vir studente? Indien so, sal ek graag wil betaal vir drie fotostatiese kopieë: een vir myself, een vir Charles Malan, en een vir Prof. du Preez. (Ek dink jy kan deur die Universiteit fotostatiese kopieë goedkoper kry as ek.)

Praat van Jungiaanse sinchronisiteit! Ek het so pas 'n oproep van Dr. Elize Botha ontvang. Ons het oor die kroegtoneel in *Die Mugu* gesels en toe het ons dit ook gehad oor Utrecht se postmodernisme, waarin sy baie geïnteresseerd is. Ek het haar na jou skripsie verwys en sy sal stellig met jou in aanraking kom. Na aanleiding van ons gesprek is dit vir my baie duidelik dat ten lange laaste ook hier die prosa 'n diepte-ondersoek waardig is, in terme van vergelykende studie.

En nou jou brief:

Ek stem saam met jou vierledige Tyd- en Ruimte-struktuur van *Die Mugu*. Parallelle strukture is tog 'n kenmerk van my werk. Die sogenaamde kompleksiteit van my romans is 'n Kabbalistiese spel met nommers, name, woorde en die hele magiese struktuur van die kollektiewe psige. Dit is vir myself interessant dat in my vroeër werke ek alreeds met die enigma geworstel het en onbewus 'n struktuur aangevoel het. Die verskil tussen my vroeëre en later werke is dat ek die arcanum gebruik het om 'n subtieler substruktuur in my later werke te gebruik. Dit verklaar miskien hoekom ek my eksperiment tot op 'n stadium gevoer het en toe ál my karakters vernietig het. Die Jungiaanse metode is slegs gedeeltelik 'n self-analise; grotendeels is dit 'n kosmiese patroon wat Jung vir alle vorme van kunsskepping gesuggereer het.

---

<sup>301</sup> Charles Wynand Malan (1945-2011), akademikus, letterkundige en kenner van die werk van Leroux. In 1977 promoveer hy met sy verhandeling *Die numineuse in die moderne prosa met besondere aandag aan die oeuvre van Etienne Leroux* aan die Universiteit van die Vrystaat.

<sup>302</sup> *Misterie van die alchemis*, in 1978 uitgegee deur Academica.

Indien 'n kritikus die funksies van die karakters in my boeke herlei tot die gewone opvatting van hulle rol in die romanstruktuur, dan is ek natuurlik wondbaar. Dikwels word die fout gemaak om my karakters allegories te sien, óf om hulle in 'n sielkundige spreekkamer te plaas. Vandaar dat ek byvoorbeeld van Anita<sup>303</sup> sal verskil as sy een van my karakters tussen die stad en die see as synde in die persoonlike onbewuste vind. Die persoonlike onbewuste is Freudiaans en pas nie in my patroon nie. Die romantegnieke soos bewussynstroom ensomeer gebruik ek klinies en onpersoonlik. Streng gesproke het ek nie driedimensionele<sup>304</sup> karakters in my boeke nie en funksioneer hulle as tipes en argetipes. Ék dink dikwels dat die totaalsom van my drie trilogieë 'n studie was van die libido in 'n regressiewe en progressiewe stadium. Die persoon op die oppervlakte het in my eerste werke semi-realities begin ter wille van die storie; later het hy "onwerklik" geword alhoewel hy nogtans skynbaar hom voorgedaan het as 'n karakter in 'n roman.

[Brief eindig.]

### ***Brief aan André Brink***

[Julie / Augustus 1976]

Beste André,

Ek voel skuldig dat ek jou nog niks laat weet het in verband met sommige vrae wat jou studente aangaande *18-44* gevra het nie. Ek dink ek het die meeste by benadering beantwoord, behalwe twee: Jesod en Malkuth. (Reg gespel?) Soos jy weet, lees ek nie my eie boeke nie. Ek het amper 'n paniese vrees om my boeke weer te lees. Ek voel dat ek dadelik die bleddie ding wil herskryf, ensomeer, ensomeer. Sonder om, dus, na *18-44* te kyk kon ek die volgende aangaande Malkuth opspoor:

---

<sup>303</sup> Leroux verwys na die joernalis en kritikus Anita Lindenberg se Ph.D.-verhandeling '*n Kentering in die Afrikaanse prosa rondom 1960*' aan die Universiteit van die Witwatersrand.

<sup>304</sup> Leroux skryf hier "drie-dimensionele".

Malkuth word met Luna, die maan, geïdentifiseer. Die sponsa en die sponsus word hier saamgevat. Dit het te doen met die verhouding van die maan tot die son: die een kant van die maan is donker; die ander kant helder lig. Die maan dra, dus, donkerte en lig; kwaad en goed. Dis 'n mistieke samekoms van die vroulike en manlike eienskappe. Gaan die Sefiroth na om 'n beter begrip van Malkuth te kry. Dit kom eintlik daarop neer dat daar 'n gedurige wisselspel met die wêreld van die rede en die oerwêreld is. Hoe nader aan die lig van die rede, hoe donkerder en sterker word die oerwêreld; en andersom. Die oerwêreld word legendaries as "boos" beskou. (Wat dit eintlik nie is nie.)

Die Yesod: Hierdie is ook 'n Kabbalistiese begrip. In die thalamus (die boog waar onder die sponsus en die sponsa in die bruidskamer verenig word) is die Yesod die paronymphus. Dws. die "best man."

Eintlik, André, het ek hier in gedagte gehad die conjunctio oppositorum, die man en die vrou word één, die alchemistiese saambring van die teenoorgesteldes. Alles kom neer op die soeke na die self. Die samekoms van die man en die vrou, die lig en die donker, goud en grond.

Dit is miskien heel moontlik dat Ernst<sup>305</sup> korrek was toe hy gesê het dat Yesod eintlik God beteken. Ek kan my voorstel dat God die paronymphus sal wees as sy skepsels die teenoorgesteldes wil versoen.

Klop dit met 18-44? Indien nie, dan klop dit seker met iets anders en is my uitleg verkeerd.

Baie dankie vir jou herwaardering van Colet. Die arme ou het dit nodig.

Daar is baie dinge waарoor ek met jou wil gesels. Dis jammer dat ons so min geleentheid op Broederstroom gekry het. 'n Besoek van jou sal verwelkom word.

Ek dink byvoorbeeld aan Kowie Marais se aanval op jou. Jy het my destyds gevra, maar ek kon nie "kliek" nie. Ek het meer aan die sensuurwet gedink. Eintlik is Kowie 'n eienaardige persoonlikheid. Hy het so pas sy liefde vir sy goeie vriende, Ferrie en Christo Coetzee, verloor omdat hy nie Christo se Dadaïstiese<sup>306</sup> klap kon

---

<sup>305</sup> Ernst Lindenberg.

<sup>306</sup> Vroeë twintigste-eeuse kunsrigting wat gebaseer was op irrasionaliteit en die bestaande estetiese norme verwerp het.

begryp nie. Kowie is eintlik onvoorspelbaar omdat hy in twee wêrelde moet leef, en as jy in twee wêrelde leef[,] moet jy keer en slaan. Miskien het hy vir Breyten gekeer en toe moes hy jóú slaan om sy ewewig te bewaar. (Daar was 'n stadium toe hy my vir 'n jaar uit sy gesigveld geban het.)

Intussen het ons aanbeweeg, 6,5 op die Richterskaal beleef, en tot op datum 28 trillings daarna gevoel. Weens oorvloedige reën het meeste van my oeste misluk.

Ek voel nie so goed in terme van die toekoms nie. Ek weet ons almal voel nie goed na Soweto nie.<sup>307</sup> Maar ek het ook te doen met natuurrampe wat 'n besondere verfyning gee aan die etniese stryd wat in Suider Afrika die omvang van 'n aardbewing aanneem.

Intussen groete van huis tot huis.

En ek is bly dat jy besig is om die kruin van jou formidabele bekwaamheid te bereik. Het jy al die jare 40 gehaal? Dis goeie jare. Op skeppende gebied is dit onoortreflike jare.

[Brief eindig.]

### ***Aan Jan Rabie***

[Mei 1977]

Beste Jan,

Ek het so pas die *Ark*<sup>308</sup> ontvang. Baie geluk! Elizabeth het my voorgespring en dit met groot entoesiasme gelees. Sy sien allerhande mense wat ons ken in die boek (dis maar die skrywer se lot). Dis nou my beurt, maar ek wil eers dankie sê voordat ek vergeet.

---

<sup>307</sup> Leroux verwys na die optogte in Soweto op 16 Junie 1976, waartydens duisende skoolkinders die strate in gevaar het in opstand teen die huidige onderwysstelsel.

<sup>308</sup> Jan Rabie se roman wat handel oor die destydse problematiek en rassespanning in Suid-Afrika.

Baie geluk ook met die suksesvolle Gilde-byeenkoms in Gordonsbaai<sup>309</sup>. Ek sien Welma Odendaal<sup>310</sup> het daarna verwys as 'n soort witbroodjie-byeenkoms. Coenie sien dit as verkwikkend. Pieter-Dirk Uys<sup>311</sup> as 'n soort "copting out". Dis eintlik die beste bewys van sukses as 'n ding "omstrede" is. Die eienaardigste is dat die mense wat die meeste te sê het nie eintlik weet wat die Gilde tog probeer doen het nie. Ek is bietjie bevrees vir die volgende Gilde-byeenkoms in die Vrystaat. Ek sal bly wees as julle 'n tema (vanaf die Kaap) vir die "gentle" provinsie sal stuur. Help ons om die Vrystaatse ding ook 'n sukses te maak. Die Vrystaat het in terme van sy ledetal die Kaap 90% ondersteun.

Baie dankie, nogmaals, vir die Kaapse gasvryheid.

Liefde ook vir Marge (sluit jouself nie uit nie).

Stephen en Elizabeth.

***Aan John Kannemeyer***

[Middel 1986]

Beste John,

Treurige nuus met hierdie brief: ek is bevrees dat ek nie aan die bespreking oor die toekoms van die Suid-Afrikaanse roman kan deelneem nie. My belangrikste oorweging is dat ek geen Suid-Afrikaanse romans lees nie; trouens ek lees deesdae weinig romans. Om oor die toekoms van die Suid-Afrikaanse roman te praat sal uiteraard 'n klug wees. En ek het ook gevind dat ek 'n soortgelyke lesing gepleeg het met die soveelste jaar van die bestaan van die Universiteit van Pretoria.<sup>312</sup>

---

<sup>309</sup> Leroux skryf dit hier as "Gordon's Baai".

<sup>310</sup> Welma Odendaal (1951-), Afrikaanse kortverhaalskrywer. Haar bekendste werke sluit in *Getuie vir die naaktes* (1974) en *Keerkring* (1977).

<sup>311</sup> Pieter-Dirk Uys (1945-), Suid-Afrikaanse skrywer, satirikus en anti-Apartheidsaktivis.

<sup>312</sup> Leroux verwys heel moontlik hier na 'n lesing wat hy in 1985 by die Universiteit van Pretoria gelewer het tydens die 50ste bestaansjaar van die Afrikaanse Skrywerskring. Volgens Henning Pieterse, wat die

Ek het nie lus om met 'n uitspinnery en 'n omhaal van woorde my onkunde bloot te stel nie. Ek wil nie "bogus" wees nie. Ek is gans te besig om my writer's block<sup>313</sup> te oorkom en 'n nuwe roman te skryf.<sup>314</sup>

Julle program vir die Gilde lyk indrukwekkend, opwekkend, en Goddank kontroversieël. Ek dink dit gaan 'n heerlike literêre paartie wees. Ek is besonder beindruk deur die mense wat julle gekry het. Die samekoms sal 'n ervaring wees.

Lek jou dak van jou nuwe huis nog? Ek hoop Santam sal die skade vergoed.

Liefde van huis tot huis.

Daar is weinig verdere nuus, behalwe dat hierdie dorpie spookagtig word: die omgekeerde van 'n gotiese verval – splinternuwe huise wat leeg staan, 'n fasade van netjiesheid, ordentlikheid, en rekenmasjiene wat verdoemenis voorspel. Ons was onlangs by Onrus en het die groot uit tog waargeneem: Jan Rabie en Skotland en Barnie Toerien Switserland. Die Robinsons gaan ook vir 'n tydjie Rusland toe. Elsa was in uitmuntende geselskap in Suid-Amerika. Ek voel so effens dat die wêreld by my verby gaan. Maar ek kan op hierdie stadium nie sulke reise bekostig nie. Ek sien Mej. X was op die kortlys vir die Luyt-prys. Ons het haar goed groot gemaak, en ek voel baie trots dat sy op eie stoom in eie styl tot haar reg kom. Hoe gaan dit met die Opperman-biografie? En ek het nog nie die tweede gedeelte van jou Literatuurgeskiedenis gekry nie.

[Brief eindig met 'n skets van 'n bebaarde wat wat glimlaggend met sy arms op sy heupe staan.]

---

lesing bygewoon het, is Leroux se lesing afgesluit met die woorde "Dit gaan goed met die Afrikaanse roman. Wie sal stry?".

<sup>313</sup> Leroux spel dit hier as "bloc".

<sup>314</sup> Hy verwys hier na sy onvoltooide roman, wat postuum as *Die Suiwerste Hugenoot is Jan Schoeman* gepubliseer is.

**Aan Daan le Roux**<sup>315</sup>

[Maart 1988]

Beste Daan,

Ek erken hiermee die ontvangs van jou brief insake 'n artikel in *De Kat*. Augustus 1987. Voordat ek om verskoning vra, en redes aangee vir my onbeholpenheid, wil ek graag net 'n paar dinge noem. Vir eers is die artikel nie deur my geskryf nie; dis geskryf deur 'n baie bekwame joernalis na 'n uurlange onderhoud met my in die middel van die nag sonder dat 'n bandmasjien gebruik was. Haar artikel was uitstekend en ek aanvaar alle verantwoordelikheid indien ek nie behoorlik geformuleer het nie.

Die uitdrukking: "...ver van 'n biblioteek..." was nie my bedoeling nie – ek het eintlik in gedagte gehad ver van 'n navorsingsbiblioteek, óf 'n groot biblioteek wat moontlik romans van 'n esoteriese aard en gespesialiseerde tydskrifte tot hulle beskikking het. Ek waardeer die dienste wat die Administrasie se biblioteek vir 'n dorpie soos Koffiefontein doen. En ek besef ook met watter vrug die bestaan van hierdie biblioteek bydra tot die leeskennis van die gemeenskap. U sal ook besef dat 'n kort sinnetjie in 'n lang onderhoud nie meer onthou kan word nie. Het ek gesê "biblioteek" of "groot biblioteek"? Ek weet nie .

Die drie punte wat u noem aangaande die dienste van die plaaslike biblioteek is vir my verrassend, aangesien ek nie 'n lid van die biblioteek is nie en nie kennis daarvan dra nie.

Daarom vra ek om verskoning vir die Administrasie se Senior Bibliotekaris, asook die raad. Ek sal bly wees as u hierdie brief aan hulle sal voorlê.

Ek ken nie die totale voorraad van die Administrasie se biblioteek nie, asook nie hulle besit van gespesialiseerde tydskrifte nie. Indien ek in Bloemfontein gebly het sou ek dadelik geweet het of hulle byvoorbeeld Tom Robbins se *Even Cowgirls*

---

<sup>315</sup> Stadsklerk van die Koffiefonteinse Munisipaliteit.

get the Blues<sup>316</sup> in voorraad het. Of byvoorbeeld 'n tydskrif soos *Psychological Perspectives*.<sup>317</sup> Dis eintlik die punt wat ek in daardie kort sinnetjie wou gemaak het: wé van die groot sentra is mens belas met 'n korrespondensie (via die plaaslike biblioteek) vir 'n boek of tydskrif wat moontlik nie in besit van die Administrasie is nie. Dieselfde geld vir boekwinkels dikwels. Mens het 'n boek of 'n tydskrif onmiddellik nodig, en jy kan nie wag nie.

Dis eintlik die betekenis van afsondering op 'n klein dorpie.

Met beste wense, Daan.

Etienne Leroux.

---

<sup>316</sup> Thomas Eugene (Tom) Robbins, Amerikaanse skrywer wat in 1936 gebore is, se tweede roman, *Even Cowgirls Get the Blues*, word in 1976 gepubliseer.

<sup>317</sup> Leroux verwys na *Psychological Perspectives*, 'n kwartaallikse blad wat in 1970 gestig is deur die C.G. Jung-instituut van Los Angeles en wat fokus op die teorieë van die Switserse sielkundige.

## Appendix A: The researcher's correspondence with Ingrid Winterbach

To whom it may concern

Below you will find a carbon copy of the correspondence between me and Ingrid Winterbach with regards to the personal documents of hers I intend on using in this PhD study.

I am very aware of the possible implications a scholar might have to face when one wants to use the letters of someone in your research. The letters written to Mrs. Winterbach by Etienne Leroux between 1966 and 1967 is in her possession and therefore she owns the copyright to said documents.

Mrs. Winterbach also placed an embargo on the letters, which meant that I could not have used any of its content until after she had passed on.

I therefore arranged a meeting with Mrs. Winterbach in Stellenbosch in December 2013 to discuss the possibility of her discarding the embargo and allowing me to use parts of the letters in my research and the novel that forms part of this PhD study.

As you will see below, Mrs. Winterbach agreed to give me provisional access to the letters written to her by Mr. Leroux.

Should I follow her instructions carefully, this agreement by Mrs. Winterbach eliminates any ethical problems that might have existed before.

Kind regards

SP (Peet) van Aardt

PhD candidate: Creative Writing

21145912

Inboxx



12/7/13

Peet van Aardt peetvanaardt@gmail.com

to Ingrid

Beste Ingrid

Baie dankie dat jy ingestem het om my Dinsdag te sien; ek waardeer die tyd wat jy afgestaan het.

Met betrekking tot wat ek en jy tydens ons gesprek ooreengekom het, wil ek dan net aan jou op skrif bevestig wat ek en Henning onderneem wat my skripsie en roman (my PhD-studie) betref:

- \* Ons sal die werk aan 'n briefuitgawe van Leroux se brieve aan jou laat vaar. Vir hierdie afdeling van my studie sal ek dan fokus op ander persoonlike geskrifte van Leroux.
- \* Ek gebruik slegs dele van die korrespondensie van Leroux aan jou in my proefskrif nadat jy dit goedgekeur het. As ek na die brieve as deel van n narratief in Leroux se biografie wil kyk, sal ek uiteraard van hierdie brieve van hom aan jou moet insluit in my studie. Maar ek sal slegs die inhoud gebruik waarvoor jy my toestemming gee. Ons praat hier dus van 'n voorwaardelike, gedeeltelike lig van jou embargo.
- \* Laastens, wat die roman betref, onderneem ek dan ook om slegs aanhalings uit die brieve in my roman te gebruik wat jy goedgekeur het. Ek sal vir jou vooraf die dele wat ek in die roman wil plaas, stuur - saam met die konteks waarin ek dit wil gebruik - en dan wag op jou goedkeuring.

Indien jy enigets wil bylas, is jy welkom. Ek benodig net jou antwoord op die bostaande sodat ek hierdie e-pos kan heg aan my navorsingsvoorstel.

Vriendelike groete



12/7/13

Ingrid Winterbach [ingridwinterbach@gmail.com](mailto:ingridwinterbach@gmail.com)

to me

Translate message

Turn off for: Afrikaans

Beste Peet

Ek vind dit alles so in orde.

Ek is bly dat jy 'n ander opsie kon vind, en ek vertrou dat jy op geen manier te kort gedoen voel nie.

Met beste wense,

Ingrid

Ingrid Winterbach

42 Festival Street

Jamestown

Stellenbosch

7600

South Africa

Tel 021-8800044h

Mobile 073-3941599

## List of references

- Abrams, MH. 2005. *A Glossary of Literary Terms*. London: Thomson Wadsworth.
- Adams, Tim. 2011. Public Enemies by Michel Houellebecq and Bernard-Henri Lévy. Online review in *The Guardian*.  
<http://www.theguardian.com/books/2011/dec/08/public-enemies-houellebecq-levy-review>
- Adams, Tim. 2013. Here and Now: Letters, 2008-2011 by Paul Auster and JM Coetzee. Online review in *The Guardian*.  
<http://www.guardian.co.uk/books/2013/may/20/here-and-now-paul-auster-jm-coetze-letter-review>
- Adey, David. (et al.). 1989. *Companion to South African English literature*. Craighall: Ad Donker.
- Alexander, Peter. 1982. *Roy Campbell: A critical biography*. Oxford: Oxford University Press.
- Amazon.com. Website search for “letters”:  
[http://www.amazon.com/s/ref=nb\\_sb\\_noss\\_2?url=search-alias%3Dstripbooks&field-keywords=letters](http://www.amazon.com/s/ref=nb_sb_noss_2?url=search-alias%3Dstripbooks&field-keywords=letters)
- Antonissen, Rob. 1959. Veral oor ‘styl’ in ’n paar onlangse romans. In *Standpunte*, XII: April: 4.
- Aristotle. 1970. *The rhetoric of Aristotle*. Cope, Edward Meredith and Sandys, John Edwin (eds.). New York: Hildesheim.
- Aucamp, Hennie. 1998. *Beeltenis Verbode*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Baines, Nancy. 1956.
- [Bell, 1989. Lytton Strachey's Eminent Victorians. In \*The Biographer's Art\*, edited by Meyers, Jeffrey. London: Macmillan Press: 56 – 59.](#)
- [Bigna, 2005. Life on the Margins: The Autobiographical Fiction of Charles Bukowski. Masters Thesis. Canberra: University of News South Wales at the Australian Defence Force Academy.](#)
- Boshoff, S.P.E. 1937, 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers

- Bourgoin, Suzanne Michele en Byers, Paula Kay. 1998. *Encyclopedia of world biography*. Gale: Detroit.
- Bukowski, Charles. 2004. *Selected Letters*. Vol. 1. Seamus Cooney (ed.). London: Virgin Books.
- Bukowski, Charles. 2005. *Selected Letters*. Vol. 2. Seamus Cooney (ed.). London: Virgin Books.
- Bukowski, Charles. 2011. *Selected Letters*. Vol. 3. Seamus Cooney (ed.). London: Virgin Books.
- Bukowski, Charles. 2011. *Selected Letters*. Vol. 4. Seamus Cooney (ed.). London: Virgin Books.
- Bunting, Chris. 2003. Why should ‘dead authors’ descendants steal the livelihood of living writers? In *Times Higher Education*. 4 April. Retrieved online at <http://www.timeshighereducation.co.uk/features/why-should-dead-authors-descendants-steal-the-livelihood-of-living-writers/175808.article>
- Byatt, A.S. 2001. *The Biographer’s Tale*. London: Vintage.
- Clements, Robert J. 1978. *Comparative Literature as Academic Discipline*. New York: The Modern Language Association of America.
- Clifford, James L. 1970. *From Puzzles to Portraits: Problems of a Literary Biographer*. Chapel Hill: University of North Carolina Press: 84.
- Cooney, Seamus (ed). 1995. *Charles Bukowski Selected Letters*. Vol. 3: 1971 – 1986. London: Virgin Books.
- Coullie, Judith Lütge. 2006. *Selves in question: interviews on Southern African auto/biography*. Honolulu: University of Hawaii Press: 55.
- Davis, Jonathan P. 1994. *Stephen King’s America*. Popular Press: Bowling Green.
- De Kock, W.J. (ed.). 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, Dele I-V*. Nasionale Boekhandel: Johannesburg.
- Dudley, Underwood. 1997. *Numerology: Or what Pythagoras wrought*. Washington D.C.: The Mathematical Association of America.
- Eakin, Paul John. 1985. *Fictions in Autobiography: Studies in the Art of Self-Invention*. Princeton: Princeton UP: 3.
- Eakin, Paul John. 1989. Introduction to *On Autobiography*. Lejeune, Philippe. Minneapolis: University of Minnesota Press: x.

- Edel, Leon. 1979. The Figure under the carpet. In *Telling Lives. The Biographer's Art*. Pachter, Marc (ed.). Washington DC: New Republic Books: 20.
- Edel, Leon. 1981. Biography and the Science of Man. In *New Directions in Biography*. Friedson, Anthony M. (ed.). Honolulu: University of Hawaii: 1 – 12.
- Field, Ophelia. 2011. Wits and Wives: Dr Johnson in the Company of Women by Kate Chisholm: review. In *The Telegraph*.  
<http://www.telegraph.co.uk/culture/books/biographyandmemoirreviews/8940780/Wits-and-Wives-Dr-Johnson-in-the-Company-of-Women-by-Kate-Chisholm-review.html>
- Flieger, Jerry Aline 1997. Postmodern Perspective: The Paranoid Eye, *New Literary History*, Vol 28, Iss 1: 87 – 109.
- France, Peter and St Clair, William. 2002. *Mapping Lives. The Uses of Biography*. Oxford: Oxford University Press.
- Friis, Jens. 2015. FAK vereer Jaap Steyn. In *Bloemnuus*. Retrieved from <http://www.netwerk24.com/ZA/Bloemnuus/Nuus/FAK-vereer-Jaap-Steyn-20151104?mobile=true>
- Garraty, John A. 1985. *The Nature of Biography*. New York: Garland.
- Gerard, Philip. 2004. *Creative nonfiction. Researching and Crafting Stories of Real Life*. Long Grove: Waveland Press.
- Giliomee, Hermann. 2003. *The Afrikaners: Biography of a People*. London: Hurst & Company.
- Gordon, Lyndall. 2015. Interview by Amanda Botha. Voorste literêre biograaf na Franschhoekse letterkundefees. In *Die Burger*. Retrieved from <http://www.netwerk24.com/vermaak/2015-05-14-voorste-literre-biograaf-na-franschhoekse-letterkundefees>
- Gray, Stephen. 2006. Speaking about Writing about Living a Life. In *Selves in Question: Interviews on Southern African auto/biography*. Honolulu: University of Hawaii Press: 380.
- Greene, Donald. 1989. Samuel Johnson's *The Life of Richard Savage*. In *The Biographer's Art*. Edited by Meyers, Jeffrey. London: Macmillan Press.
- Gudmundsdóttir, Gunnþorunn. 2003. *Borderlines: Autobiography and Fiction in Postmodern Life Writing*. Amsterdam: Rodopi: 4.

- Hamilton, Nigel. 2008. *How to do biography*. Cambridge: Harvard University Press.
- *Harper's Magazine* entry on Wikipedia.  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Harper%27s\\_Magazine](https://en.wikipedia.org/wiki/Harper%27s_Magazine)
- Helliker, Kevin. 2013. Capote Classic 'In Cold Blood' tainted by Long Lost Files, *Wall Street Journal*, 9 February: A1.
- Hendrickson, Paul. 2012. *Hemingway's Boat: Everything He Loved In His Life, And Lost*. London: Bodley Head.
- Herring, Phillip F. 1989. Richard Ellmann's James Joyce. In *The Biographer's Art*, edited by Meyers, Jeffrey. London: Macmillan Press.
- Holroyd, Michael. 2002a. The Case Against Biography. In *Works on Paper. The craft of biography and autobiography*. Berkely: Counterpoint: 3-10.
- Holroyd, Michael. 2002b. Smoke With Fire. In *The craft of biography and autobiography*. Berkely: Counterpoint: 11-19.
- Holroyd, Michael. 2002c. What Justifies Biography? In *The craft of biography and autobiography*. Berkely: Counterpoint: 20-31.
- *Horizon Magazine* entry on Wikipedia.  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Horizon\\_\(magazine\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Horizon_(magazine))
- House, Madeline and Storey, Graham. 1965. *The letters of Charles Dickens*. Oxford: Clarendon.
- Human, Koos. 2006. *'n Lewe Met Boeke*. Kaapstad: Human & Rousseau: 9.
- Jay, Paul. 1984. *Being in the Text. Self-Representation from Wordsworth to Roland Barthes*. London: Cornell University Press.
- Jolly, Margaretta & Stanley, Liz. 2005. Letters as / not a genre. In *Life Writing*, 2:2. London: Routledge: 91-118.
- Jolly, Margaretta. 2001. *Encyclopedia of Life Writing*. London: Routledge.
- Jolly, Margaretta. 2011. Life Writing as Critical Creative Practice. In *Literature Compass*. London: Blackwell Publishing: 878-889.
- Kadar, Marlene. 1992. *Essays on Life Writing*. Toronto: University of Toronto Press.
- Kannemeyer, J.C. 1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur* (Band 1 en 2). Academia: Pretoria.

- Kannemeyer, J.C. 1990. Die laaste getuienis van Leroux se krag en talent. In *Die Burger*, 30 Augustus.
- Kannemeyer, J.C. 2002. *Die Goue Seun: Die Lewe en Werk van Uys Krige*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2004. *Ek ken jou goed genoeg... Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936 – 1939*. Pretoria: Protea.
- Kannemeyer, J.C. 2007a. Die biograaf en die leuen. In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 417.
- Kannemeyer, J.C. 2007b. Biografiese geskiedskrywing: 'n Rekenskap. In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 78.
- Kannemeyer, J.C. 2007c. Die onbetroubare tekste van ons ouer skrywers. In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 122.
- Kannemeyer, J.C. 2007d. Die biograaf en die leuen. In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 415.
- Kannemeyer, J.C. 2007e. 'n Van Wyk Louw-biografie. . In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 252.
- Kannemeyer, J.C. 2007f. Die Stand van die Afrikaanse Edisiewetenskap: Bestekopname en Persoonlike Rekenskap. In *Uit puur verstrooiing*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 112.
- Kannemeyer, J.C. 2008a. *Briewe van Peter Blum*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Kannemeyer, J.C. 2008b. *Leroux: 'n Lewe*. Pretoria: Protea.
- Kannemeyer, J.C. 2012. *JM Coetzee. A Life in Writing*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers: 14.
- Kearns, Doris. 1979. Angles of Vision. In *Telling Lives. The Biographer's Art*. Pachter, Marc (ed.). Washington DC: New Republic Books: 91.
- Keeler, Emily. 2013. The FBI kept its own notes on 'Dirty Old Man' Charles Bukowski. In *LA Times*.  
<http://articles.latimes.com/2013/sep/09/entertainment/la-et-jc-fbi-file-dirty-old-man-charles-bukowski-20130909>
- King, Stephen. 1989. Secret Garden, Secret Window, *Four past midnight*. New York: Viking.

- Knuvelder, Gerard. 1964. *Handboek tot de geschiedenis der Nederlandse Letterkunde*. Hertogenbosch: L.C.G. Malmberg
- Koorts, Lindie. 2014. Personal interview. Pretoria.
- Lehane, Dennis. 2003. *Shutter Island*. New York: HarperCollins.
- Lejeune, Phillip. 1989. *On autobiography*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Leroux, Etienne. 1955. *Die Eerste Lewe van Colet*. Cape Town: Culemborg.
- Leroux, Etienne. 1957. *Hilaria*. Cape Town: Culemborg.
- Leroux, Etienne. 1958. Personal letter to Jan Rabie.
- Leroux, Etienne. 1959. *Die Mugu*. Cape Town: HAUM.
- Leroux, Etienne. 1964. *Een vir Azazel*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Leroux, Etienne. 1966. *Die Derde Oog*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Leroux, Etienne. 1966. Jeugmomente. In *Herinnering se wei; Afrikaanse skrywers oor hulle jeug*. Johannesburg: APB.
- Leroux, Etienne. 1967: September. Personal letter to Ingrid Winterbach.
- Leroux, Etienne. 1967. *18-44*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Leroux, Etienne. 1967. Personal letter to Ingrid Winterbach.
- Leroux, Etienne. 1968. Personal letter to Koos Human.
- Leroux, Etienne. 1969. *Isis, Isis, Isis...* Cape Town: Human & Rousseau.
- Leroux, Etienne. 1976. *Magersfontein, O Magersfontein!* Cape Town: Human & Rousseau.
- Leroux, Helise. 2015. Personal email correspondence.
- Leroux, Stephen. 2015. Telephone conversation.
- Lindenberg, Ernst. 2007. In *NP van Wyk Louw en die Meisies: Haydee Morgan-Hollander het gesels met die produksiespan*. Retrieved from Litnet: <http://www.litnet.co.za/i-np-van-wyk-louw-en-die-meisies-i-haydee-morgan-hollander-het-ges/>
- Maccani, Mario. 2011. David Kramer – an unauthorised biography and creative nonfiction : writing an unauthorised biography of David Kramer. Doctoral thesis. Pretoria: University of Pretoria.
- Mandell, Gail Porter. 1991. *Life into Art*. Fayetteville: University of Arkansas Press.
- Marquez, Gabriel García. 2003. *Living to Tell the Tale*. London: Penguin.

- Mathijsen, Marita. 1997. *Naar de letter: Handboek editiewetenschap*. Den Haag: Constantijn Huygens Instituut.
- Mba, Wamuwi. 2010. Inscribing Whiteness and Staging Belonging in Contemporary Autobiographies and Life-Writing Forms. *English in Africa* No. 1, May 2010: 66.
- McCullough, Jeanne. 1985 Leon Edel, The art of Biography 1, *Paris Review*, 1985: 95 (website) <http://www.theparisreview.org/interviews/2844/the-art-of-biography-no-1-leon-edel>
- Media24 newspaper archive (Website): Search for Etienne Leroux. <http://argief.dieburger.com>
- Metelerkamp, Petrovna. 2014. Personal email correspondence.
- Meyer, Stephan. Introduction to *Selves in question: interviews on Southern African auto/biography*. Coullie, Judith Lütge (ed.). Honolulu: University of Hawaii Press.
- Meyers, Jeffrey. 1989. George Painter's Marcel Proust. In *The Biographer's Art*, edited by Meyers, Jeffrey. London: Macmillan Press: 132 – 133.
- Mikhail, Mona N. 1998. Al-Balda al-Ukhra: a meta-text unveiled. *Arab Studies Quarterly* [ASQ] 20.4: 75+.
- Miles, Barry. 2005. *Charles Bukowski*. New York: Virgin Books.
- Munker, Dona. 1997. Enchantment and the Biographical Passion. In *American Imago* 54:4. Maryland: Johns Hopkins University Press: 377-397.
- Munker, Dona. 2014. "Richard Holmes explores the value of 'A handshake across time'". Retrieved from <http://www.storydriven.net/blog.htm?post=971857>
- Munker, Dona. 2015a. "The Truth": Biography's moving target. Retrieved from <http://www.storydriven.net/blog.htm?post=993530>
- Munker, Dona. 2015b. Personal interview. New York.
- Nadel, Ira Bruce. 1986. *Biography. Fiction, Fact & Form*. New York: St Martin's Press.
- Nixon, Rob. 2012. Non- Fiction Booms, North and South: A Transatlantic Perspective, *Safundi: The Journal of South African and American Studies*. Vol 30: 30.

- O'Connor, Erin. 2002. Reading The Biographer's Tale. (Book Forum), *Victorian Studies* 44.3: 379+.
- Palahniuk, Chuck. 1996. *Fight Club*. New York: W.W. Norton.
- Parke, Catherine N. 2002. *Biography. Writing Lives*. London: Routledge: 17.
- *Partisan Review* entry on Wikipedia  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Partisan\\_Review](https://en.wikipedia.org/wiki/Partisan_Review)
- Pascal, Roy. 1985. *Design and truth in autobiography*. New York: Garland: 26.
- Pérez-Reverte, Arturo. 2003. *The Dumas Club*. London: Vintage.
- Plummer, Ken. 1983. *Documents of Life*. London: George Allen & Unwin Ltd.: 65.
- Polley, Jim. 1973. *Die Sestigers*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Powers, Ron. 2006. Review of *Charles Bukowski*. In *New York Times*. (website)  
<http://www.nytimes.com/2006/11/19/books/review/Powers.t.html?pagewanted=all&.r=0>
- Pyman, Avril. 2002. Yury Tynyanov and the 'Literary Fact'. In *Mapping Lives. The uses of Biography*. France, Peter and St Clair, William (eds.): 160.
- Pynchon, Thomas. 1966. *The crying of Lot 49*. Philadelphia: J.B. Lippincott & Co.
- Rabe, Lizette. 2013. Personal interview. Stellenbosch.
- *Rapport* entry on Wikipedia [https://en.wikipedia.org/wiki/Rapport\\_\(newspaper\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Rapport_(newspaper))
- Renders, Luc. 2008. *En... die grootste is N.P. van Wyk Louw*.  
<https://doclib.uhasselt.be/dspace/bitstream/1942/9330/1/NPvanwyklouw.pdf>
- Roos, Henriette. 2009. Review of *Leroux: 'n Lewe*. In *Tydskrif vir Letterkunde*. Vol. 46, Iss 2. Pretoria: University of Pretoria: 238.
- Rousseau, Leon 1982, The Dark Stream—The Story of Eugène Marais. Jonathan Ball Publishers, JeppesTown.
- Schabert, Ina. 1990. *In Quest of the Other Person. Fiction as Biography*. Tübingen: Francke.
- Schoonees, P.C. [et al.]. 1965. *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Johannesburg: Perskor.
- Schumacher, Joel. (dir.) 2007. *The Number 23*. Los Angeles: Contrafilm.

- Smith, Sodonie & Watson, Julia. 2001. *Reading Autobiography. A guide for interpreting life narratives*. Minnesota: University of Minnesota Press: 4.
- Stanley, Liz. 2004. The Epistolarium: On Theorizing Letters and Correspondences. In *Auto/Biography*, 12: 201-235.
- Stanley, Liz. 2012. Whites Writing: Letters and Documents of Life in A QLR Project in (ed) Liz Stanley *Documents of Life Revisited: Narrative and Biographical Methods for a 21<sup>st</sup> Century Critical Humanism*. Farnham: Ashgate Publishing: 15.
- Steinberg, Sigfrid Henry. (Ed.). 1953. *Cassell's encyclopedia of literature*. London: Cassell.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2008. *Sonkyker: Afrikaner in die verkeerde eeu*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2014. Personal interview. Bloemfontein.
- Steyn, J.C. 2015. Email correspondence.
- Steyn, J.C. 2015. Personal interview. Bloemfontein.
- Strachey, Lytton. 1918. *Eminent Victorians*. London: Chatto & Windus.
- *The Hudson Review* entry on Wikipedia  
[https://en.wikipedia.org/wiki/The\\_Hudson\\_Review](https://en.wikipedia.org/wiki/The_Hudson_Review)
- *The London Magazine* entry on Wikipedia.  
[https://en.wikipedia.org/wiki/The\\_London\\_Magazine](https://en.wikipedia.org/wiki/The_London_Magazine)
- *The Sewanee Review* entry on Wikipedia  
[https://en.wikipedia.org/wiki/The\\_Sewanee\\_Review](https://en.wikipedia.org/wiki/The_Sewanee_Review)
- *Time* magazine entry on Wikipedia  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Time\\_\(magazine\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Time_(magazine))
- Van Aardt, Peet. 2004. Oor betrokke en onbetrokke skryf, *Stilet VI*:2: 173.
- Van Aardt, Peet. 2010. *Brieve van Uys Krige uit Frankryk en Spanje*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Van Coller, H.P. 2004. Is Leroux 'n vergete skrywer? In *Stilet*. Maart 2004: 1 – 31.
- Van Coller, H.P. 2008. Om Leroux werklik te ken. In *Beeld*. 20 September: 9.
- Van Vliet, H.T.M. 2004. Varianten en correctives: De geschiedenis van de modern editiewetenschap, *Stilet XVI*, 2004: 10.

- Viljoen, Louise. 1979. *Die verwysingstegniek in Etienne Leroux se derde trilogie: 18-44, ISIS ISIS ISIS en Na'va*. M.A. thesis. Stellenbosch University.
- Viljoen, Shaun. 2013. *Richard Rive. A partial Biography*. Johannesburg. Wits University Press: xxiii.
- Viljoen, Shaun. 2014. Personal email correspondence.
- Wells, Lynn K. 2002. Corso, Ricorso: Historical Repetition and Cultural Reflection in A. S. Byatt's Possession: A Romance, *MFS Modern Fiction Studies*, Vol 49, Iss 3: 668 – 692.
- Winterbach, Ingrid. 2004. Etienne Leroux-korrespondensie: 'n Nabetragsing, *Stilet XVI:1 March 2004*: 170 – 172
- Winterbach, Ingrid. 2013. Personal interview. Stellenbosch.
- Winterbach, Ingrid. 2015. Email correspondence.
- Wood, Pamela Miller. 2010. *Charles Bukowski's Scarlet*. Northville, Michigan: Sun Dog Press.
- Wood, Pamela Miller. 2015. Personal email correspondence.
- Woodard, Roger D. (Ed.). 2007. *The Cambridge Companion to Greek Mythology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Woolf, Virginia. 1942a. Henry James: 3. The Letters of Henry James. In *The Death of the Moth*. London: Hogarth Press.
- Woolf, Virginia. 1942b. The Art of Biography, *The death of the moth and other essays*. London: Hogarth Press.
- Woolf, Virginia. 1942c. The Humane Art, *The death of the moth and other essays*. London: Hogarth Press.
- Wood, David. 2002. *On Paul Ricoeur*. London: Routledge.
- Yarmolinsky, Avram. 1973. Letters of Anton Chekov 1860 – 1904. London: Jonathan Cape.